PA: En toe...ek kan nie eers onthou wanneer dit was nie. Dit kon maklik ‘n jaar gewees het, dit was ‘n lang tyd en toe eendag besluit ek hiertoe en nie verder nie en ek het besluit ek gaan nou met hom weer praat. Ek het toe met hom gepraat en hy het vir my gesê ja, hy kan nie vir my sê waarheen ons verhouding op pad is nie en so het ons

aangegaan hetsy vermyding of een of ander vae antwoord wat hy altyd vir my gegee het. Toe eendag besluit ek nee! Ek het toe op 'n punt gekom waar ek so depressief is, ek het my lewe omgehuil en as ek nie depressief was nie, was ek aggressief en gespanne, verskriklik gespanne. Ek het besef ek kan nie so lewe nie. Dit is wat daardie drie jaar aan my gedoen het. Dit was nie 'n volle drie jaar nie, dit was die tyd waar ek en hy regtig in 'n verhouding betrokke geraak het, waar ek begin agterkom maar ek voel vir hom baie meer as net vriendskap. Dit was omtrent sê twee jaar, twee jaar van daai punt af. Wat dit aan my gedoen het emosioneel het ek besef ek kan net nie so aangaan nie en ek konfronteer hom toe, maar ek het so gehuil ek kon omtrent nie praat nie.

PA: Toe sê hy vir my: “Well ok”, hy verstaan nie wat ek vir hom probeer sê nie, maar ek moet vir jou sê, ek kon myself nie eers hoor praat nie ek het **so** gehuil. Ek het half so 'n histeriese uitbarsting gehad en toe sê ek vir hom: “Ok, ek skryf vir jou 'n brief oor wat ek dink ek vir jou wil sê. Dit maak dit vir my makliker want dit vat nie baie vir my om te huil nie en dis regtig vir my moeilik om te praat daaroor”. Hy raak so benoud as hy sien ek huil, ek kon sien, hy luister nie, hy sny net uit. Toe sê hy, hy sal vir my 'n antwoord daarop gee wat ek toe verkies, dis vir my baie belangrik en...ek het die brief vir hom gegee, hy het dit gevat en geloop en ek het toe vir 'n jaar en twee, drie maande niks van hom gehoor nie. Ek het op 'n punt gekom waar ek nie bereid was om kontak te maak nie. Ek het gesê wat ek vir hom wou sê.

R: Sal jy iets meer kan sê oor die inhoud van die brief?

PA: Ja...dit was “terrible”. Ek dink dis ook dit wat dit moeilik maak. Ek voel so blootgestel. Ek dink die feit dat ek my so “vulnerable” gemaak het en hy het nie eers die ordentlikheid gehad om te antwoord nie al was dit om vir my te sê “Buzz off”. Ek het toe in die tussen tyd...o ja, ek het vir hom gesê ek is lief vir hom en hoekom ek lief was vir hom en dat ek voel dat hy's die person met wie ek my lewe wou deel en dat ek graag van hom vra dat hy vir my 'n antwoord moet gee. Ek kan nie meer 'n semi-vriendskap, yo-yo verhouding hê nie, ek wil weet waar ek staan, “whichever way”, ek wil net weet enhy het net verdwyn. Ek het besluit om hom **nooit** weer te kontak nie. Ek het gesê wat ek wou sê in die brief en wat ookal sy reaksie was...sy reaksie daarop het vir my 'n antwoord gegee. Maar dit was 'n seer plek, vir al daardie eerste paar maande...daar was heeltyd hierdie ding van gaan hy my antwoord gaan hy my nie, is hy van plan om dit te doen, of gaan hy nie? Dit het vir my 'n hele ruk gevat om te besef maar hy gaan nie daarop antwoord nie en dit was nogal vir my swaar. Ek dink...wat vir my sleg was daarvan...ek en hy was goeie vriende deur ons verhouding en ek voel hy moes dit gestop het want hy het met die verhouding begin. Die element van toenadering soek. Ek sou dit nie eerste gedoen het nie al het ek **hoe** oor hom gevoel. Ek's kwaad vir hom daaroor want ek voel hy as vriend het my in die steek gelaat en daar voel ek ook “betrayed”.

R: Die aspek van “betrayal” het meer as net julle verhouding geraak.

PA: Ja... ek voel veral as vriend het hy my ook “betray”...want hy het van die begin af geweet hoe voel ek oor hom. Ek het gevoel hy gebruik my in retrospek want hy het geweet en ek het gevoel, mens verwag dit nie van 'n vriend nie. Die feit dat ons vriende was het ek gevoel het my die reg gegee om te verwag dat hy my gevoelens in ag sou neem terwyl ons in die vriendskap was. Dit was nie moeilik vir hom om te besef hoe voel ek oor hom nie alhoewel in die begin het ek nie direk gesê hoe ek voel nie. Maar die feit dat ek vra waarheen ons verhouding gaan, ek

meen sê tog iets. En later om vir hom te sê.....maar ek gee vir jou om en hy het nie met die verhouding opgehou nie...ek dink **dit** maak die seerste, die feit dat hy dit so lank laat draai het. Dan vra ek myself af...moes ek nie op 'n stadium dit gekeer het nie en in daai opsig is ek die **kwaadste** vir hom, omdat ek gevoel het hy was 'n vriend wat my "betray" het. Ek kon nie glo, na daai jaar wat ons regtig 'n verhouding gehad het, dat iemand so kan omdraai en...die feit dat hy nie eens vir my kon sê: "Weet jy P, jammer maar ek voel niks vir jou nie". Hy't nie eers **daai** respek vir my gehad nie, so dit was vir my sleg en tweedens, dit was **regtig** vir my sleg dat hy na 'n jaar en twee maande my eendag bel asof niks gebeur het nie.

PA: Dit was ook altyd sy styl gewees, hy't net gemaak asof daar niks gebeur het nie. Ek was so oorbluf gewees ek het nie eens geweetek het soos normaal net teruggepraat soos twee jaar terug jy weet? Hy het my gevra om saam met hom Laeveld toe te gaan en ek sê toe vir hom: "Ek sal eers moet reël om verlof te neem". Hy't my toe kom oplaai en ons is toe Laeveld toe. Ons het baie gekuier by Malelane en...dit was asof niks verander het nie en dit was "scary". As ons gesels het, was dit...asof daar niks gebeur het nie. So dit was vir my onwerklik. My eerste reaksie was: "Daar het niks gebeur nie" en dit was regtig 'n vreemde ervaring. Amper soos 'n astrale projeksie verstaan? Ek was in 'n ander tyd, 'n ander plek ...dit was vreemd. Ok, toe is ons terug huis toe en hy't my afgelaai and hy is toe huis toe. Ons het weer een keer met mekaar gepraat en toe bel hy my en vra of ek na G se verjaardag gaan. Ek sê toe ja!. Toe sê hy ons moet bietjie weer vir naweek Laeveld toe gaan toe sê ek ja, ek sal dink daaroor. Net daarna bel R my en sê: "Weet jy L "date" iemand?" Toe vind ek nou op die einde die hele storie uit. Nee, hy het hierdie "girl" gedate terwyl ons nog 'n verhouding gehad het.

PA: Ek dink sy het in Q gebly, sy het 'n kind gehad. Ek dink wat vir my die absolute ergste is, is dat ek verstaan nou sy gedrag baie beter, in retrospek, hoekom hy my nie geantwoord het op die brief nie. Dit was nie vir hom 'n "issue" om vir my te antwoord nie, wat weer my laat voel het ek is gebruik en ek voel ek was nie goed genoeg om die enigste een te wees, maar ten spyte van die feit dat hy met hierdie "girl" uitgegaan het, het hy my nog steeds Laeveld toe gevat en hy het nie vir my 'n **woord** daarvan gesê nie, hy het tot vandag nie vir my gesê hy "date" haar nie....en die woede..... As jy my sou vra wat my reaksie op "betrayal" was? My eerste reaksie..... ongelooflike ontsteld, emosioneel ontsteld gewees. Ek het gehuil en so aan maar.....ek kan nie glo dat iemand dit aan iemand anders kan doen nie. Ek dink daai gevoel van onwerlikheid, van dit is nie moontlik nie want ek weet sulke goed gebeur en ek weet dit gebeur met ander mense maar dit **kan nie** met my gebeur nie, want ek het dit nog nooit aan iemand anders gedoen nie...en...dit was vir my sleg. In die eerste plek het ek nog nooit in my lewe so oor iemand gevoel nie. Ek is oor die algemeen baie verskrik oor verhoudings so ek is baie "distant". Met hom het ek net gevoel, alles wie ek is, alles wat ek het, het ek alles ingesit en.....hy draai om en hy "betray" my, nie net met die ander vrou nie maar in die breë. "Betrayal" van om nie regtig om te gegee het nie maar om 'n front voor te hou en om vir my te laat dink...jy weet, dis asof hy my gespeel het. Hy het presies geweet wanneer om my wat te gee en wat om te sê om my daar te hou, om my genoeg te gee om daar te bly.

PA: Ek het toe die foon opgetel en hom gebel, iets wat ek in my lewe nie sou doen nie en ek sê toe vir hom: "Jy het nog nooit vir my omgee nie, nie eens as 'n vriendin nie" en ek wil glad nie weer van hom in my lewe hoor nie. Hy moet my nie bel nie, nooit weer sien nie, ek wil niks van hom weet nie en....dit was dit. Dis die laaste wat ek regtig met hom gepraat het en dit was Junie, 'n jaar en 'n half terug. Ek het hom vir so ses, sewe maande nie gesien

nie en toe het ek hom raakgeloop. Dit was vir my verskriklik erg.....ek wou nie uitgegaan het nie, ek het baie emosioneel gevoel en alles het my ontstel. Ek wou nie so gevoel het nie, ek het nie kans gesien vir mense nie. Ek wou glad nie tussen mense wees nie en dit was die slegste ding wat ek nog in my lewe beleef het, daai vrees om hom raak te loop. Sy ma het op dardie stadium nog in Y gewoon , so hy was redelik gereëld hierso en die....vrees om hom raak te loop.... Saam met dit was dit nie net die vrees om hom te sien nie maar om hom te sien saam met die “girlfriend”.....dit was amper vir my erger.

PA: Ek was bang oor hoe ek gaan reageer. Ek was bang ek bars in trane uit en ek was bang ek gooi hom met iets, so ek was baie bang en dit was vir my erg. As ek geweet het dat ek “ok” sou wees om hom te sien jy weet, en redelik rustig kon groet as hy met my praat dan..... Hy het die gewoonte gehad om altyd maar met my te praat asof niks gebeur het nie, maak nie saak **waar** hy my gesien het daarna selfs. Nadat ek hom raakgeloop het dan het hy gevra:” Hoe gaan dit met jou?” en...hy’t baie uitgevra oor my by baie ander mense ook en dit was vir my baie erg. Dit was vir my baie “invasive” amper. Ek wou...daar was geen manier dat ek hom deel van my lewe meer wou hê nie maar in die begin was dit baie moeilik vir ons vriende ook. Waar met tyd het hulle begin besef dat ek stel nie belang om iets van hom te hoor nie en ek dink hy het ook opgehou vra in elk geval oor wat met my aangaan so.....**dit** het my ook kwaad gemaak want ek het gevoel.....hy het my so verrai, op soveel vlakke maar hy het die “audacity” om nog vra te vra en nog te wil weet waar bly ek en wat doen ek en goed.

PA: So ek het hierdie verskriklike woede teenoor hom gehad. Ek dink die voordeel was, L is ‘n...lafaard, hy’s nie iemand wat jou sal konfronteer of...verstaan jy?. Hy versigtig. Ek dink partymal hy’t geen ruggraat gehad wat emosionele goed betref nie, so hy sou my nie kon konfronteer nie. Die voordeel was vir my, dat ek en hy, jy weet,....nie die saak kon konfronteer nie, wat ek dink vir my moeiliker was aan die een kant maar aan die ander kantsou ek kon ontslae raak van baie goed. Ek het altyd gedink.....ek het verskriklik sleg geslaap en dan het ek al hierdie drome en visioene and “whatever” terwyl ek wakker lê van wat ek van hom gaan sê, jy weet, hoe sleg hy is en hoe “useless” hy is, endit was asof ek my woede op daai manier kon uitkry.

PA: In die begin kon ek nie vir **ander** mense sê hoe voel ek nie. Ek dink die hartseer het hulle meer gevoel want as ek met mense begin praat dan tjank ek, maar ek kon dit nie help nie. Ek het die heelyd gehuil maar die woede kon ek nie....ek kon dit nie uitkry nie en toe.....het ek hierdie aggressiewe prent gehad in my kop van...hoe ek hom sou slegsê voor ander mense en verder “belittle” , wat ek nooit rêrig gedoen het nie en ek het dit nooit regtig bespreek met enige iemand nie .

R: **Het jy gevoel jy wou hom ook seermaak?**

PA: Ja..... ek het altyd al hierdie goed gehad van wat ek gedink het ek aan hom sou doen alhoewel daar nooit regtig ‘n beplanning was van ek gaan dit of dat doen nie. Dit was net asof...ja....ek die behoefte gehad het om hom ook seer te maak maar ek dink die ergste daarvan was die frustrasie van ek weet ek sou dit nooit kon doen nie. Hy het nie genoeg omgee nie dat ek hom sou kon seermaak nie verstaan jy? Ek dink dat as daar enige vorm van omgee was.....hy was so goed daarmee om homself te beskerm dat ek dink in elk geval, hy homself so sou afsny dat niks sou ingegaan het nie. Daai magtelosheid amper van....en dit was seker ‘n vekeerde ding maar daardie menslike gevoel

van, jy wil net wraak neem, “get your own back”...dan’s jy ook gelukkig. Elke keer as ek gehoor het,..... want hy het omtrent net na hierdie hele storie,..... toe is hy en hierdie “girl” uit. Toe het hy so klomp “girls” so na mekaar ge”date” jy weet, sulke verhoudings wat nie seker ‘n maand gehou het elke keer nie. Elke keer as ek hoor hy’s weer uit dan dink ek : “Ja, **lekker**, laat jy ly, laat jy ongelukkig wees, hoop jy kry **nooit** iemand nie en hoop jy’s **nooit** gelukkig nie”. Ek het hom baie dinge toe gewens maar ek het byvoorbeeld nooit die behoefte gehad om hom te bel nie jy weet? Ek dink....dit was vir my ‘n baie groot “issue” om my “pose” te hou. Ek wou nie myself verneder en emosioneel begin raak nie want almal wat my ken het geweet hoe voel ek oor hom en ek het nie kans gesien om myself meer te verneder nie.

PA: Die ander ding ook vir my wat baie erg was....ek het myself verskriklik blameer op ‘n stadium, nie vir wat ek gedoen het nie. Ek het nooit gedink ek was so ‘n “terrible” persoon dat ek myself verwyt het nie maar ek het heeltyd gevoel, hoe kon ek so “stupid” wees, jy weet....jy is goed in jou werk en jy behoort mense te ken. Hoe het hy vir so lank ‘n rat voor jou oë gedraai? Hoe het hy dit reggekry verstaan jy? Ek weet tot vandag toe nie wat dit was nie maar daai half kwaad vir myself....dit is iets wat ek nie kon verstaan nie. Hoekom het ek nie die eerste keer wat ek gevoel het ek kry nie terugvoer van hom af oor waarheen ons verhouding gaan nie gegaan nie? Dit is die snaakste ding. Ek dink dit was nogal ‘n “image” wat nogal baie “vivid” amper in my kop is. Ek onthou nog goed...hy’t vir my op ‘n stadium gevra waar gaan ons heen en ek het vir hom gesê: “Weet jy wat? Ek **wil** nie. Ek wil nie deel van jou lewe wees nie ek ek wil jou ook nie deel van my lewe hê nie”. En toe praat hy met my. Ek het vir hom geluister maar ek het....daai gevoel gehad van ...soos ek is in ‘n hok vas. Ek moet uit hierdie ding uitkom....daai gevoel. Dit was nie regtig iets spesifiek waarvoor ons gepraat het nie. Ek het net hierdie **benoude** gevoel gekry en ek het die gevoel gehad van “ek moet hier uit”.

PA: Heel aan die begin en baie keer dan dink ek hoekom het jy nie maar daar geloop nie want jy sou jouself baie hartseer gespaar het. Dis die een ding wat ek kan sê die gevolg daarvan was en die ander ding was. Ek het ‘n **totale** siniese houding oor verhoudings ontwikkel, **verskriklik**. Ek was nogal altyd iemand wat ek dink as gevolg van my werk.....verhoudings kan jou nogal sinies maak, want jy werk met huwelike van (deleted to retain confidentiality) wat oor die algemeen nogal “scary” is. Ek het altyd in hierdie romantiese ding geglo van daar iewers is hierdie “hero” op die wit perd maar....ek doen nie meer nie en daarvoor is ek vies, vies vir myself en vir hom. Ek het nou sinies geword oor verhoudings en oor mans in die breë. Dis nou ‘n ding van....mans wat ek ontmoet wat nooit enigiets met my te doen het nie en goed...dis fyn. Maar enigiemand wat...jy weet... Ek het sinies oor hulle geword en hulle motiewe.

R: Enige verhoudings na L?

PA: Nee, en dis vir my sleg want ek kry die idee dat ek nie kans gaan sien daarvoor meer nie, dis hoe ek voel. Ek wil, aan die een kant maar ek sien ook nie kans daarvoor nie. Ek sien nie kans vir seerkry nie. Ek dink dit voel vir my ook dat dit vir my baie werk gaan kos. Ek weet ook nie of ek oor die emosionele “resources” beskik nie. Ek weet vertrou gaan vir my ‘n groot “issue” wees. Dit was nog altyd vir my ‘n “issue” na wat ek alles deur is, maar dit word vir my ‘n erger “issue”. Dis asof ek elke keer met ‘n huwelik werk waar so iets gebeur wat baie gereëld is....dis hoekom mense vir terapie ook kom omdat daar “infidelity” is....en alles waardeur ek is...dis asof....dit word net

erger en erger. Ek het gedink as tyd verby gaan sal dit makliker wees, die seer word minder, en.....die idee van L as sulks wat nie meer deel van my lewe is nie, sou ek nie meer so gemis het nie maar die “scars” i.t.v. vertrouwe en goed word amper vir my erger soos tyd aangaan. Van daai tyd af het ek en hy geen kontak met mekaar gehad nie.

PA: Ons het mekaar raakgeloop een of twee keer en wat nogal interessant was, is die eerste keer wat ons mekaar raakgeloop het was by ander mense se huis. Ek was verskriklik ongemaklik oor die idee maar ek het geweet hy gaan daar wees maar hy het nie geweet **ek** gaan daar wees nie. Toe hy my sien, het hy spierwit in sy gesig geraak en dit het **my** gehelp om die aand te oorleef. Die feit dat hy verbaas was en geskok was en ekek kon sien verskriklik verbouereed was, hy’t verskriklik gesukkel om dit te “handle”..... ek dink dit was vir my die weerwraak ding. Ek het ‘n “kick” daaruit gekry. Ek dink die ander ding ook is....ek het die eerste keer gevoel ek is in beheer van die situasie. Ek het altyd gevoel, hy’s in beheer, ek is hierdie arme, emosionele wrak wat maar agterna is...dis hoe ek gevoel het of hoe hy my laat voel het. **Daar** het ek baie meer in beheer gevoel en ek het die aand baie goed hanteer ook, plus die effek daarvan na die tyd was nie so sleg nie. In Septembero ja, hy het my een dag langs die pad gestop. Ek was baie ongeskik met hom maar ek het regtig gevoel...dit was erg genoeg wat hy aan my gedoen het, hy moenie nog homself in my lewe in forseer op ‘n manier wat onnodig was nie.

PA: Ek bedoel daai aand toe ons saam by die “party” was....dit was een van ons gemeenskaplike vriende wat verjaar het...dit was iets **heeltemal** anders. Daarmee kan ek leef want ek kan besluit of ek gaan of nie. Meeste van my vriende weet...hulle sê vir my dat hy daar gaan wees dan kan ek die besluit neem jy weet? Die punt is...dit was ‘n vriend se verjaarsdag. Ek kan nie verwag hy kan nie daar wees nie, net omdat ek nie kans sien vir hom nie, dan moet ek besluit om nie te gaan nie maar.....om my basies van die pad af te druk sodat hy kan “hello” sê is uiters ongeskik en dom gewees. Ek het ‘n “kick” daaruit ook gekry jy weet, ek het **so** ‘n behoefte om weerwraak te neem, dis baie sterk onderliggend maar....gelukkig vir hom is ek te verskik om soos van die ander vroue in die situasie die haas in die pot te sit, of hom die heelyd te bel en te terrorisier of iets soos baie ander vrouens sou maak. Ek dink dis die vernedering daarvan, ek sou nie wou hê die mense moet dink ek is so verleë oor hom nie.

PA: Toe loop ek hom weer raak in September en dit was vir my baie onstellend gewees vir twee redes. Weereens forseer hy homself op my af. Hy sal na my toe stap....ek sou hulle nie eens gesien het as hy nie na my toegekam het nie en die hele aand sou beter afgeloop het. Hy het basies na my toe gestap en met my gepraat en sy was daar rond. Ek het glad nie met haar gepraat nie maar.....dit was nogal ontstellend, die eerste keer wat ek hom toe saam met iemand anders sien in al hierdie tyd alhoewel daar was baie ander “girls” voor en na my en tydens my.....maar die punt is.....ek het hom nog nooit saam met iemand anders gesien nie en dit was vir my nogal sleg. Dit het my meer ontstel as wat ek gedink het dit sou maar aan die ander kant was dit ook amper ‘n “type of healing” tipe ding. Ek bedoel, om hom eintlik saam met iemand te sien en nie te wonder hoe lyk sy, want dit was nogal ‘n ding wat ek altyd gedink het. Hoe lyk sy en so aan en weet jy wat is vreemd? Ek het hom met haar gesien en hy was met haar soos hy altyd met vrouens was, so half “distant” jy weet. Hy’t nooit hierdie loop hand aan hand of...hy was so half ongeskik op sy eie missie en as jy nie weet hy gaan met hierdie “girl” uit nie, sal jy dit nooit weet nie, daai tipe ding. So hy was met haar maar dieselfde maar daar was iets wat my laat dink het hy gaan met hierdie “girl” trou. Ek kan vir jou tot vandag toe nie sê hoekom nie wantdit was niks in sy houding nie maar jy kon sien sy was baie erg oor hom. Ek het net na haar gekyk en gedink sy is wat hy sou dink die ideale vrou vir hom is, baie mooi alhoewel ek nog altyd die

idee gekry het dat dit nie baie vir hom beteken het nie. Maar sy is aantreklik, 'n baie aantreklike vrou, jongerig, lank, skraal.....sy is soos 'n model tipe "look", lang blonde hare. Ek het toe geweet hy "date" hierdie "girl". Omdat ons in 'n kleiner plek bly ...en dit was nogal vir my moeilik in die begin ook ...almal vertel altyd wat gaan aan. En omdat ek sy broer goed ken en omdat ons gemeenskaplike vriende het, is daar baie mense wat goed van hom af weet en hulle het altyd gevoel hulle moet vir my hierdie goed sê vir een of ander rede. Dit het dit ook baie moeilik gemaak om te breek. Ek wou net aangaan, ek wou niks van hom hoor of weet nie want...ek vat bv. hierdie einste "girl". Almal vertel my wat 'n aaklige persoon sy is en dis nogal almal en dan vra ek : "Hoekom vertel julle dit vir my?", verstaan jy?, asof ek sal beter voel, jy weet, dat sy aaklig is.

PA: Dit was vir my erger om te dink dat ek was nie goed genoeg nie maar die "girl" wat 'n absolute poephool is, is beter as ek, verstaan jy? Hy sal haar eerder verkies, maak nie saak hoe onaangenaam sy is nie en dat mense nie van haar hou nie. Nou so twee weke terug , het ek gehoor hulle gaan trou en wat vir my interessant is,.....ek het gedink hierdie is die "girl" waarmee hy gaan trou, daar was iets aan haar wat my laat dink het, jy weet, dis waarvoor hy sal "settle". Dit was vir my vreemd. My reaksie toe hulle sê hy gaan trou was aanvanklik niks. Ek het net niks gevoel nie, asof hulle praat van hierdie ou van een of ander.....en as ek dink hoe voel ek nou daarvoor. Ek's nie hartseer oor.....aan die een kant is daar 'n gevoel van verligting. Ek dink ek is net bly hy is vir altyd uit my lewe uit. Ek het hierdie ongelooflike vrees gehad dat hy een dag voor my deur gaan staan want ek het nie geweet hoe sou ek reageer nie. Ek **weet** daar's nie 'n manier dat ek hom ooit weer 'n kans sou gee vir enigiets nie, nie eers vir vriendskap nie. Daar was niks reddende goed in die verhouding om te dink hy het 'n fout gemaak. Daar was net te veel goed wat my laat dink het dat hy my gebruik het en dat daar nie genoeg omgee in elk geval was nie, nie eers as 'n vriend nie, so my besluit was geneem. Ek weet dit was die regte besluit maar ek het nie geweet hoe gaan ek reageer as hy voor my deur staan nie verstaan jy? Ek was bang vir dit, ek was bang vir myself en ek was bang dat hy homself.....jy weet, ek was altyd bang vir die seerky weer want ek het geen waarborg gehad dat ek dit nie sou toelaat nie. Ek dink dit was vir my "scary" en hoe langer tyd aangegaan het, hoe minder het dit my gepla. In daardie opsig is dit vir my 'n verligting....die idee dat hy trou.....dis asof ek ook 'n...hoofstuk afsluit finaal . L is nie meer hierdie "single" ou wat half 'n swaard oor **my** kop hou nie.....hy's nou 'n getroude man wat nou sy eie lewe moet lei so in daai opsig....die feit dat hy nou nooit weer 'n deel van my lewe sal kan wees nie.....is nie iets wat my baie ontstel ook nie. Wat my **wel** ontstel het was dat hy my lewe so ongelukkig gemaak het en hy het my so seergemaak, **willend** en **wetend** wat hy doen, maar hy's die een wat gelukkig op eindig. **Dit** kon ek nie anvaar nie en **dit** maak my kwaad. Ek is die een wat ongelukkig is, alleen is en "whatever" maar hy's die een wat iemand het wat by hom wil wees. Dis vir my swaar, dis "unfair". So daai.....hy's die een wat die res van sy lewe ongelukkig moet wees sou ek gedink het, dis meer "fair". Die idee dat hy kry wat hy verdien het, sy verdiende loon, maar hy doen nie en dis vir my swaar. My probleem is...ek moet daarmee "cope". Ek dink ook die ding is ek het dit beleef as: "Ek het dit nie verdien nie en dit wat ek vir hom gedoen het en nie net gedoen het nie maar wat ek vir hom was i.t.v. ondersteuning en as vriendin en alles en dit wat hy aan my gedoen het, was nie regverdig nie. Dit was nie 'n geval van ek het teruggekry uit die verhouding wat ek **verdien** het nie.

PA: 'n Ding wat ek wel kan sê terwyl ons.....saam was, het hy my nooit sleg behandel nie. Hy was nooit "upset" met my nie, nooit ongeskik met my nie, sleg gesê nie, niks van daai goed nie maar.....dit is alles in elk geval daarmee heen met sy hele gedrag op die ou einde jy weet. Ek vra myself af wat van dit was "real" en wat nie, want my

belewenis daarvan terwyl ek in die verhouding was, is dat dit “real” was. Nou na alles...en ek terug dink, vra ek myself wat van dit was “fake” en of daar enigeiets was wat “real” was van die begin af. Ek vra myself af wat daarvan was “fake”, was dit alles ‘n set, alles ‘n “game” om aan die einde ‘n doel te bereik? Was daar ooit “along the way” einge gevoel van enige aard in die hele storie betrokke, want my verstand sê vir my dit **kon** nie moontlik wees nie dat hy enigins op enige stadium iets omgee het nie. Hoe kan jy dit doen? So dis hoe ek voel. Jy weet, dis vir my moeilik om begrip daarvoor te kry in die sin van.....dit wat ek beleef het en dit wat ek nou glo daar gebeur het is so vër van mekaar af dat ek sukkel met dit jy weet?. Dis asof ek....dink daar’s fout met my en my belewenis daarvan is so verwydered van die waarheid af jy weet, dis amper asof ek myself nie vertrou om my eie oordeel te gebruik nie, om “judgement” oor goed te hê nie want.....ek was heeltemal, heeltemal oortuig dit was alles eg en dit was nie so nie. Iewers is daar fout met my persepsie en dis hoe ek voel wat maak dat ek my eie oordeel minder vertrou as wat ek het. Ek kon altyd my eie oordeel vertrou maar nie meer nie plus.....hierdie vrees dat dit weer gaan gebeur, ‘n herhaling daarvan as ek weer in ‘n verhouding met iemand gaan wees wat ek regtig voor lief is. Dit is waarvoor ek bang is want ek is ‘n persoon wat myself moeilik “commit” maar as ek doen, “commit” ek met alles en ek weet nie of ek in daardie opsig gaan verander nie. Dit gaan my dalk langer vat nou maar ek dink die dag as ek besluit maar dis die moeite werd, **gaan** ek met alles “commit”, maar sê nou dit gebeur weer. So hierdie angs en vrees om dit weer te herhaal dat my vertroue weer geskend gaan word in iemand..... So dit raak nie net verhoudings nie, dit raak vriendskappe ook. Ek vertrou nie meer so maklik nie. Ek is versigtig. Dis asof ek meer bewus is van goed wat mense sê of doen, wat ek nie was nie. Ek was nogal iemand wat kop eerste in ‘n ding ingaan verstaan jy... en ek het nogal baie goed beleef. As iemand vriende met my wou wees het ek nie gedink maar wat is hulle motief daar agter of daai tipe ding nie. Ek is baie meer agterdogtig teenoor mense so ek dink my verhoudings met mense is nogal baie beïnvloed. Daar is ook so neerslagtige kant van my wat ek ook nie regtig voor dit gehad het nie. Daar was ‘n tyd wat ek baie afgevoel maar dis amper asof ek meer “vulnerability” in af tye ontwikkel het as wat ek voorheen het. Ja.....ek het met tyd negatief geraak oor die algemeen oor goed en mense en daai tipe goed.

PA: Ek dink omdat die ervaring so verskriklik negatief was, was dit nie van dat ek dink “ok, well”, sulke goed gebeur jy weet. Dit is amper asof die ge”skutte” jy vir jou ‘n werklikheid word en die jy wat was, jy weet, jy sukkel om daai twee weer by mekaar te bring as jy weet wat ek meen? Maar die manier wat dit my laat voel het deur die hele ding, het my laat begin twyfel aan myself, my waardes, alles wat daardeur beïnvloed is, is amper moeiliker om van onstlae te raak. Die ek wat ek 33 jaar geken het As jy vir my vier jaar terug gesê het ‘n verhouding met iemand gaan my so beïnvloed sou ek gesê het: “Daar’s nie ‘n manier nie”. Dis amper letterlik ‘n lewensveranderde ervaring en dis nie die feit dat die verhouding skeef geloop het nie. Ek sê vir jou dis as gevolg van die “betrayal”, dis dit wat my ge”rattle” het, nie hierdie verloor van iemand waarvoor jy lief is nie. Dit maak jy mee vrede op ‘n ander manier. Dis hartseer, seer, nie lekker nie maar jy.....y weet as hy my in my gesig gese het: “.. ek voel niks vir jou nie”, ek sou daarmee kon leef, dit sou nie vir my lekker gewees het nie maar ek sou absoluut daarmee kon leef. Maar die manier hoe hy dit gedoen het en dit wat hy aan my gedoen het deur sy gedrag en dan die feit dat hy my vertroue heeltemal beskadig het, was vir my dink ek, die ding wat die **skade** gedoen het, nie die verloor nie. As ek dink wat pla my as ek ooit daaraan dink of as ek hartseer word, was dit daai goed nadat ek my lewe so “expose” het in ‘n brief wat vir my so moeilik was om te skryf. Ek het tot vandag toe hierdie doodsvrees want hy het die brief, die hele idee van dis daar iewers. Ek voel verskriklik “vulnerable”.

R: Jy het jousef gegee, jou hart, alles wie jy, soos ‘n geskenk vir hom in die brief.

PA: Ja, dis presies wat dit was en nou om daai getrapte hart weer aanmekaar te kry.

R: Wat sou jy nou vir L wou sê nadat alles verby is?

PA: Weet jy, my aggressie is baie minder as wat dit was. As ek partykeer daarvoor dink dan word ek kwaad maar ek het nie ‘n ding dat ek op hom sal skreeu of...ek twyfel.

R: Wat dink jy sou jou reaksie wees?

PA: Ek probeer nou dink. Dit sal nie aggressie wees nie. Ek sal miskien aan hom wil verduidelik wat het hy aan my gedoen verstaan jy, wat ek nooit in die verlede sou gedoen het nie, maak nie saak wat gebeur het nie. Ek het die houding van hy sou nooit in sy lewe weet wat hy regtig aan my gedoen het nie, maar miskien sou ek dit nou gedoen het. Iets van..."Ek wil net vir jou sê....die manier wat jy opgetree het né...". Dis nogal ‘n ding wat ek in die begin ook vir hom wou sê: "Hoekom het jy dit gedoen en hoe kon jy dit gedoen het? Hoe kon jy van ‘n vriendskap wegstap en dit doen wat jy gedoen het aan my, wetend hoe ek oor jou voel...maar nog steeds doen, hoe het jy gedink?". Ek wou dit altyd weet maar ek weet nie of dit nou meer vir my so belangrik is nie. Daai tyd was dit maar dis nou nie meer nie. My punt is net...hy's net ‘n mens met ander waardes en hy voel anders oor die lewe, hy gee nie om nie "obviously". Baie keer dan dink ek sê nou maar ek sê vir hom van wat hy aan my gedoen het of dit enige impak op hom sal hê? Ek dink die kans is skraal dat so iets gaan gebeur. Maar ek dink **nou.....**waar ek nou is in my lewe, sal die kans wees dat as ek met hom kon praat, sou ek op ‘n rustige en kalm manier vir hom sê: "Besef jy hoe het jou gedrag my lewe beïnvloed?" Dis wat ek dink....dis wat ek waarskynlik sou wou sê.

R: Verstaan ek jou reg as ek sê jy het gevoel jy was nie gehoor nie?

PA: Ja, ek was nie gehoor nie. Ek dink dis dit en dan die einde was vir my erg, oor dat ek...is nie gehoor nie. Ek het die behoefte gehad om vir hom net te sê wat hy aan my gedoen het en hy moes net vir my sê hy's jammer, jy weet, of dit nou ons verhouding gered het of nie gered het nie, dit was irrelevant vir my. Ek dink die "betrayal" was te veel "anyway"...daar sou nie ‘n kans gewees het vir versoening nie, ek dink nie ek sou ooit weer dieselfde oor hom gedink het of gevoel het nie, maar net die idêe dat hy "acknowledge" : "Ek het jou seergemaak". Ek dink dit was my grootste behoefte, is die gevoel van..... sê net vir my dit wat jy gedoen het was nie reg nie. Dis al wat ek wou hoor maar ek dink die hele manier hoe hy dit hanteer en dan na die tyd ook gemaak het asof niks gebeur het nie, het dit vir my erger gemaak want dit het vir my gevoel dat hy "acknowledge" glad nie dat ek enigsins seergekry het nie en as ek het..."**so what!**" Dit is hoe ek dit beleef het sy houding was en dit het dit slegter gemaak. Sy houding het my die idêe gegee dat dit **my** persepsie was en dat hy dit nie eers omtrent agtergekrom het nie en dit was geen probleem vir hom nie. Dit het dit erger gemaak. Die min omgee en die "callousness" van dit maak dit amper erger.

PA: Die idêe dat dit so "callous" gedoen is, maak die "betrayal" soveel erger want jy't dit nie sien kom nie verstaan jy, waar as iemand vir jou sê: "Maar ek is lief vir jou, ek is jammer oor wat ek gedoen het ek was simpel, of kon myself nie help nie", of **wat** ookal die verskoning is, is daar ‘n mate van vrede maak daarmee. Dis ten minste nie

hierdie set om my seer te maak en my te gebruik. Ek dink **daai** ding pla my, die id e van, van wanneer af is dit al beplan basies om my te “betray” kan mens amper s e, van wanneer af was dit eg soos ek ges e het, waar as iemand s e hulle is jammer...ek net op ‘n stadium gekom van wanneer was dit “real?”. As iemand vir jou kan s e hy’s jammer en berou het daarvoor beteken dit daar is iets “real” in die hele ding, waar my ervaring...was daar niks anders wat ondersteun het dat daar enigeiets eg aan hierdie ding was nie, en dis vir my baie sleg.

R: Was daar ‘n tyd wanneer jy vermoed het daar is ‘n verandering in die kwaliteit van julle verhouding?

PA: Ek dink die eerste keer wat ek hom gekonfronteer het en ek vir hom ges e het ek wil weet wat aangaan. Wat is ons van mekaar want ons is nie vriende nie maar ons is definitief ook nie in ‘n “committed” verhouding nie waar ons met mekaar kan praat oor waar ons met mekaar staan, verstaan jy? Ek is te verskrik, ek kon nie net vir iemand s e hy’s my ou nie, maar ek kon ook nie s e daar niks tussen ons nie....dit was so iets “in between” die hele tydso ek dink **daar**...ek sal nooit vergeet nie, ek dink dit was Valentynsdag 2002...en sy onvermo e om my vraag te antwoord. Ek dink daar het ek al begin onraad vermoed want dis ook daarna wat ek meer begin “distant” raak het en moeilik raak, so ek vermoed daar sou ek ges e het , het dit begin die eerste keer. Voor dit het ek nie eers twee keer gedink nie, ek het nooit eers...die opsie van dat dit vir hom niks beteken het nie was net nooit daar vir my nie. Van daar af dink ek, het ek vir die eerste keer begin dink miskien moes ek hom nie gekonfronteer het nie maar daar was net te veel goed wat ek gesien het wat natuurlik selektiewe waarneming was, wat vir my hoop gegee het, wat ek miskien aangevoel het maar nie geglo het nie. Waar as ek nou terug dink...sy gedrag was...meer “distant”...en hy moes vir my die tekens gegee het. As ek regtig aangegaan het om goed te soek om te bewys dat hy nie “committed” is in hierdie storie nie sou ek dit gekry het maar ek het nie. Aan die ander kant het ek gesoek na goed om vir my te bewys dat dit “ok” was.

R: Het julle ooit oor toekomsplanne gepraat?

PA: Ons het, maar ons het vir mekaar bv. nooit ges e : “As ons eendag trou, of as ons kinders het nie”. Ons het gepraat van as ons eendag ‘n huis het of ons gaan eendag dit doen verstaan jy? nie “commitment” goed. As ek nou daarvoor dink, goed soos: “As ons nog bymekaar is eendag dan gaan ons...” dit saam doen of daar saambly maar nooit as ons eendag trou dan..maar daar was baie goed. Ek dink dit is wat dit so moeilik gemaak het vir my. As jy vat hoe “skittish” ek is vir verhoudings, moes ek hierdie goed nog baie makliker opgetel het maar ek dink met hom...miskien omdat dit so ‘n dubbele boodskap was van niks wat s e: “Ek is “committed” nie”, maar dan al sy tyd saam met my te spandeer, verstaan jy? Om net te s e: “Ek kan nie vir jou s e wat aangaan nie maar as daar familie “do’s” is gaan jy dit saam met ons spandeer, kuier saam as ons na my ma toe gaan”, sulke tipe goed. Die heelyd daai dubbele tipe goed.

PA: Ek dink ook ek het nie gepas in sy of sy vriende se idees van hoe “girls” moet wees nie. Sy vriende se “girlfriends” was almal jonk, dom, “looks” maar dis al, geen persoonlikheid, geen niks nie en hulle het ook stil gebly. Hulle het nie ‘n opinie gehad nie en hulle was ook nie toegelaat om ‘n opinie te h e nie so...relatief tot dit was ek **totaal** anderste. Dis toe ek daai dag sy ander “girl” sien...toe besef ek maar dis die tipe “girl” waarmee hy sal trou. Ek het besef van die begin af ek pas nie in die prentjie in nie, **maar** ek dink die hoeveelheid tyd wat ons saam spandeer het, as ek...as ek ons vergelyk met N en, S hulle het nooit goed saam gedoen nie. Hulle was alleen by die huis byvoorbeeld maar dit was dit. Hulle het nooit regtig saam gegaan na vriende nie, soos ek aflei. Hy het gaan kuier

saam met sy vriende en sy was by die huis byvoorbeeld waar ek en L baie gedeel het en ek dink nogal dis wat die verskil gemaak het.

PA: Die feit dat hy “miserable” met almal was maar nie met my nie...daar was te veel goed in sy gedrag wat **nou** nog ...ek dink dis wat dit so moeilik maak vir my om te verstaan. Ek dink as iemand so “cunning” kan wees om altyd sy gedrag so perfek...ek bedoel...dan dink ek baie keer hy moes iewers ge”slip” het, iewers het ek iets gemis want ek kan nie dink dat een mens ‘n front kan voorhou vir so lank nie. Dit sê vir my...ek dink nie hy is ‘n psigopaat nie maar dis hoe dit voel verstaan jy?...hierdie totale gevoelloosheid moet in hom wees om dit so mooi te speel. So dit het dit ook moeilik gemaak en ek sal sê...dit het die “betrayal” ook erger gemaak. Hy het so ‘n mooi beeld geskep van...hy het dit so maklik gemaak om daar te bly vir so lank, dat die dag wat ek vir hom die brief geskryf het, het ek **nooit** gedink hy sou reageer soos hy het nie. Ek het gedink “ok”, miskien sou hy vir my sê hy voel nie soos ek voel oor hom nie, maar dat hy nie een of ander iets gevoel het nie of gewonder het oor nie, het ek nie geglo tot so vyf of ses maande daarna nie. Toe dring dit tot my deur: “..maar word wakker daar gaan geen reaksie wees nie”. Dit was vir my so onverwags gewees.

PA: En ek dink omdat dit sy styl was, was dit vir my makliker om “denial” te hanteer want hy kom mos altyd terug en hy het...verstaan jy? ‘n Jaar en twee maande later maar hy het teruggekom, so daar was tekens gewees van “betrayal” al van vroeg af maar hy het dit makliker gemaak deur sy gedrag. Ook deur my so deel van sy lewe te maak. Ek kon gedink het....weet jy wat ek gedink het? Ek het op ‘n stadium gedink, ek sou dit kon aanvaar dat hy op ‘n stadium gedink het hy is verlief op my maar besef het met tyd maar nee, ons is te verskillend, hy is nie eintlik so nie. Dit kon ek verstaan, maar wat vir my moeilik was om te aanvaar was dat hy....wat die “betrayal” soveel erger maak, was... ek dink daar was “betrayal” van dag een af. Maar om ‘n insident as “betrayal” te gesien het en van daar af, dis verby, is makliker as om te glo dat die **hele** ding was ‘n “betrayal” gewees. Die ander rede is sy gedrag het dit half ongeloofwaardig gemaakdat daar net niks fout was nie en ek dink dit was wat die “denial” soveel langer laat aangaan het as wat dit seker in ‘n ander geval sou gewees het.

R: Sou jy dit weer doen– die brief skryf, nou dat jy weet wat L se reaksie sou wees?

PA: Weet jy, my eerste reaksie sou wees : “Nee, ek sal dit **nooit** weer doen nie”, as gevolg van die blootstelling. Ek sou dit nooit weer aan myself doen nie **maar.....**ek dink wat my so vêr gedryf het om vir hom daai brief te skryf...ek het op ‘n punt gekom waar ek nie meer so kon aangaan nie en al het dit enige van die twee kante toe gegaan, was ek bereid om daai kans te vat. Alhoewel, ek dink wat gebeur het, het ek nie verwag nie, ek dink as ek gewet het wat gaan gebeur, het ek miskien nie die kans gevat nie maar...as ek dit nou oor moet doen ...sou ek net wegstap. Maar nou weet ek natuurlik hoe dit sou uitwerk. Maklik om nou te sê: “Ek sou net weggestap het”, maar ek sou dit miskien anders hanteer. Ek sou miskien net vir hom gesê het: “Weet jy wat? Ek kan nie so aangaan nie” en dit net gelos het....maar die feit is dit sou dit nog steeds in sy hande gesit het, om sy keuse wat ookal te maak. Ek sal nie myself weer so blootstel nie. Die feit dat dit veroorsaak het dat alles tot ‘n einde gekom het? Ek het baie keer direk daarna gewens ek het dit nie gedoen nie...ek het, jy weet, deur sulke fases gegaan van hoekom het ek dit gedoen? Dit wat ek gehad het was vir my aanvaarbaar, al was dit nie vir my lekker nie. Ek sou eerder daarmee leef as sonder hom maar dit het ook met tyd weggegaan..daardie gevoel.

PA: Ek ...dink ek sou dit **nie** doen nie ten einde die verhouding aanvanklik te behou het, want die voordeel van om myself so bloot te gestel het is dat die breek was so finaal. Toe ek besef...toe ek regtig besef hoe hy gereageer het en dat die verby is en hoe...eintlik “mean” hy dit gedoen het...het dit gehelp om dit te breek, want ek het regtig op ‘n stadium gevoel, ek gaan **nooit** van hom ontslae raak nie want dit was heeltyd hierdie weg dan kom ons terug, weg en terug. Naderhand ek **wou** nie...ek **kon** nie...ek wou nie daar wees nie, want ek was nie meer gelukkig nie. Maar ek wou ook nie daar **uit** nie, dis so half asof...ek was in hierdie ding van...nie kon uit nie en ek dink die brief was soos ‘n laaste wanhopige poging om net een of ander reaksie te kry.

R: Dit het baie moed gekos om die brief te skryf.

PA: Dit was aaklig!!. Ek het intendeel myself verbaas oor hoe ek myself blootgestel het. Ek het **nooit** gedink toe ek begin skryf, ek sou so iets doen nie maar ek dink dit was vir my ‘n finale...**nou** gee ek alles, dis die laaste wat ek het, is om myself so bloot te stel en wat ookal gebeur, moet gebeur. Dis hoe ek gevoel het op daardie stadium, en as ek nou terugdink...ek sou aangehang het vir baie langer as ek nie so vêr gegaan het om dit te gedoen het nie. En hy het dit so...met min respek waardeer, en dit sou dit dalk nog moeiliker gemaak het, maar ek dink daar het die breek gekom, i.t.v. my gevoel vir hom. Ek het nie tyd vir so iemand nie, nie eers as ‘n vriend nie...so dit was ‘n “catch 22” amper. Dit was ‘n ongelooflike goor ervaring en ek hoop ek is nooit weer in **daai** situasie nie. Aan die ander kant het dit ook gehelp om die siklus van hom van hoeveel jaar ookal te verbreek en daarna was daar geen terugkeer nie. As dit nie daarvoor was nie en hy sou weer opdaag en weer van vooraf wil begin en sê hy’s jammer...ons sou weer aangegaan het.

R: As die verhouding langer aangehou het sou jy uitgevind het oor sy meisie.

PA: Dis die een ding **en** dit sou baie langer gewees het dat daar ‘n meisie was want blykbaar soos ek nou aflei uit...hoe ek somme gemaak het...het hy die “girl” met sy verjaarsdag ontmoet en dit is ongeveer ‘n week **na** ek die brief geskryf het. So...en ek dink hy’t gedink: “Ek gaan nie sukkel met **hierdie** storie nie, ek het in elk geval iemand ontmoet wat ek meer “like” so”, verstaan jy? Maar dit was steeds vir my “betrayal” want ons was op **daai** stadium nog bymekaar, dit was nie verby nie. Die hele tyd van ‘n jaar en twee maande wat ek niks van hom gehoor het nie, was hy en die “girl” saam en op ‘n dag kontak hy my toe sonder enige verwysing na haar of enigeiets nie. Ek weet nie of hy my **ooit** sou gesê het nie as dit nie was vir die feit dat ons mekaar **sou** raakloop daar by die “party” nie, maar sê nou net ek het nie gegaan nie...en ek dink hy het geweet R sou my in elk geval gesê het maar nog **steeds**, hy het nie die ruggraat gehad om vir my eers te sê nie.

PA: Jy weet...partykeer...sulke goed. Ek het baie sulke vrae en as ek nou daarvoor praat dink ek weer daaraan. Hoekom? Hoekom het hy weer gebel? Hoekom het hy dit nie net gelos nie? Weet jy...ons kon mekaar amper nooit raakgeloop het nie daarna. Miskien een keer ‘n jaar as dit so baie sou wees en dan kon ons maar “polite” met mekaar gewees het wat ons in elk geval nou doen as ons mekaar raakloop, maar die punt is...hy het nie nodig gehad om te bel nie...verstaan jy? Asof hy nie wou laat gaan nie. Deur ons hele verhouding...deur die hele proses. Elke keer as ek wou padgee wat gereëld was, wou hy nie laat gaan nie maar, daar was nooit omgee nie so.... Daar’s iets anders wat hy uitgekry het. Ek dink baie keer of hy nie ‘n “kick” daaruit gekry het nie dat iemand **so** oor hom omgee nie?

Verstaan jy? Dit was wat hom getrek hetmaar in elk geval...die element van misbruik is nog steeds daar, dit was vir sy eie doelwitte, sy eie behoeftes, dat ek gerieflik was vir hom en **dit** is vir my sleg. Dis regtig vir my sleg om dit te weet. Dis die eerste keer in my lewe dat ek so gebruik voel. Eh het nog nooit regtig vriende gehad of iemand wat ek gevoel het met my vriende was om iets uit my uit te kry nie. My familie is ook mense wat ek dink nie tyd saam met my spandeer om iets uit my te kry nie, ek bedoel... ek het altyd aanvaar mense sou saam met my wees want hulle wil en nou met hom, nou in retrospek....my ervaring was, vir hom was dit vir ander redes. Die hele idée dat daai drie jaar....was..."kom ons hang aan tot ons iemand anders kry" was sy "game".

R: Voel jy nou dis vir jou afgehandel, jy het dit deurgewerk?

PA: Nee, ek kan nie dit sê nie. Weet jy...baie keer as ek praat en mense vra my...en ek dink by myself wat maak dit moeilik om oor hom te kom, dan is dit die manier hoe dit geëindig het, nie die feit dat.... ek dink ek mis hom partykeer omdat ek alleen is. Ek mis hom omdat hy goeie geselskap was verstaan jy? Omdat ons "fun" saamgehad het, omdat ons baie saam was, dit mis ek....maar as ek vir jou moet sê...die feit dat hy nie meer daar is nie...hy as L, nie meer deel is van my lewe nie, die grootste rede is dat ek nie kan aangaan nie....dan's dit nie waar nie. Die grootste issue is dat dit so **seer** was en so onvoltooid was....dit is die ergste, dit maak dit vir my moeilik. Ek het by myself al so gesit en dink....dit was altyd so **lekker** as ons Laeveld toe gaan...dan raak ek hartseer...en ek dink baie keer aan hom hoe dit geëindig het, hoe ek gevoel het dan.... Die feit dat ek nie met hom kon praat nie, die feit dat hy nie met my kon praat nie, die feit dat hy **maak** asof daar niks fout is nie, daai is die goed wat ek aan dink so ek dink dis daai goed wat ek nie kan laat gaan nie. Jy weet, dis so baie keer dat ek gewens het, hy wil instap en ons kon praat, alles uitpraat. Ek het nie omgee oor wat hy sou sê nie, hoe seer dit sou maak nie, net die feit dat ons sou kon daarvoor praat en ek kon sê "dankie", "fyn", "bye-bye", "geniet jou lewe", sou dit makliker gemaak het. So ek dink die onopgeloste, onvoltooid, nie weet wat gebeur het nie "style" maak dit moeilik.

PA: Maar nee, dit is nie verby soos in...as jy vir my sou vra...sou ek ooit weer dieselfde oor hom voel? Nee ek sou nie! Ek kan dit agterkom as ek hom sien nou ook. Ek kyk heeltemal anders na hom. Die aantreklikheid van hom het baie weggegaan. Waar hy op 'n stadium ongelooflik aantreklik was....'n half onweerstaanbaarheid vir my wat hy nie nou het nie, **glad** nie. Ek dink...ek kyk na hom en ek kyk amper objektief na hom verstaan jy? Daar's dinge wat my irriteer van hom wat nie voorheen het nie. Daar's nie hierdie gevoel van my hart spring as ek hom sien nie, of my maag draai, of hy's "damn" oulikglad nie. Ek het 'n verskriklike vrees, self angs, ek is **angstig** as ek hom sien. Dis nogal 'n ding. Ek is baie angstig maar dis meer oor my eie reaksie. Hoekom ek dit weet is, want baie keer na die tyd sal ek sê: "Dank Vader ek het rustig gebly" en ek is so dankbaar dat dit...het eintlik goed gegaan. Ek het op 'n stadium gedink ek moet net nie in trane uitbars nie, so ek dink my eie reaksie is vir my my grootste vrees as wat iets aan hom noodwendig is. So ek dink nie ek sou **oort** weer dieselfde voel nie. Ek sal nooit weer dieselfde kan kyk daarna nie. Sy geen integriteit, sy dislojaliteit, al daai goed, dis net nie goed waarvan ek hou in mense nie, dit sit my af.

PA: My gevoel...ek **hou** nie meer van hom nie. Ek wil nie eers vriende met hom wees nie, ek bedoel, wat gaan ek uit die vriendskap kry. As hy byvoorbeeld. vir my môre sê, kom ons wees vriende, dan sal ek sê: "Dis verby, jy's nie lojaal nie, jy's nie getrou nie. Ek "**trust**" jou **niks** nie, nie eers as 'n vriend nie. Jy's nie betroubaar nie. Elke keer

as ek jou sien dan sal ek dink...ek kan nie glo ek was so “**stupid**” nie. Daar is nou niks wat ons kan op bou vir ‘n vriendskap nie, niks.” So, ek dink nie ek sal weer dieselfde voel meer nie, maar ek sou nog steeds kon doen met “closure”. Ek dink dit sou dit nog steeds vir my makliker maak. Party dae dink ek nee, want vir wat wil ek dit oopkrap. Ander dae dan dink ek weer dit sal goed wees om alles te begrawe amper, kom ons maak hierdie boksie toe. Hy’s nie toe op die oomblik nie en weggepak nie. Ek het ook nie meer hierdie ding van...aan hom dink nie. Op ‘n stadium het ek elke dag aan hom gedink omtrent, wat **glad** nie nou so is nie. Daar sal weke omgaan byvoorbeeld wat ek nie eers dink aan hom of hartseer of niks is nie, maar dis nog steeds daar. Dit vat nie baie soos jy kan sien om dit oop te krap nie jy weet,.....alhoewel ek weet nie hoe maklik dit sal wees vir my om ooit weer met hom te praat nie.

R: **Kommentaar oor die spanning tussen vrees en behoefte in ‘n verhouding – wil of wil nie.**

PA: Ja, ek dink die ding is wil...ek **wil** dit doen. Die wil nie is nie so sterk soos die wil, maar die reaksie, die “non-responsiveness” kan ek nie hanteer nie en dis nogal deel van my menswees. Ek dink baie keer aan L wat sê wie doen dit ook aan jou?.....en ek dink miskien **dit** is waar L.....L se menswees sowel as sy hantering van alles het dit nog baie erger vir my as mens gemaak, sy manier van dinge doen. Ek **kan nie** “non-responsiveness” hanteer nie. Jy moet eerder op my skreeu en vir my slegsê. Ek kan dit beter hanteer, maar moenie net nie “respond” nie en dit is wat L gedoen het. Ek het gehuil en geskreeu en dan het hy gestaan en vir my gekyk en hy het **geen, geen** woord gesê nie. Ek kan so aangaan vir hoe lank ek wil. Hy het **geen** reaksie getoon nie en dan as ek klaar is gaan hy aan asof niks gebeur het nie. Ek kan **glad** nie daarmee “cope” nie en ek dink dit was deel van ons. As ek nou terapeuties wil raak. Dit was ons simboliek van ons verhouding amper. My **oor**-emosionaliteit, wat ek in die verhouding was...ek is van nature dink ek emosioneel maar ek was **oor** emosioneel in ons verhouding, meer so as wat ek normaalweg is. Dit was amper ‘n simptome van sy “non-responsiveness”, verstaan jy? Ek het uitgeborrel dit wat hy nie gedoen het nie, dit was amper asof ek vir ons altwee wou...verstaan jy? En ek dink dis hoekom ek hierdie verskriklike angs gehad het oor my eie reaksie. Dis asof hy my absolute vermoë om myself te beheer weggevat het. As ek hom sien het alles net uitgekome. Gehuil, geskreeu, ge”whatever”. Hy hoef niks te doen nie en dit was vir my verskriklik. Dit was vir my as mens ‘n ongelooflike negatiewe ervaring want dit was **so** anders as wat ek myself ken, so onbeheersd, waar ek myself altyd ge”pride” het op my beheer en hy het my hele menswees vir my omgedraai, amper bevraagteken. Ek het **so** buite beheer gevoel en ek dink wat ook gebeur het is dat ek gevoel het dat dit wat ek nie van hou in myself nie, het hy uitgebring, deur hierdie hele ervaring en dis asof ek nie kon ontslae raak daarvan nie. Ek kon dit nie beheer nie. Dit word al hoe makliker, maar op **daai** stadium was ek **totaal** onbeheersd en hy het my “incompetent” laat voel.....Daai gevoel van “Daar’s fout met jou”. Die manier hoe hy my elke keer net so aangekyk het was soos in: “Jy’s buite beheer, kry jouself reg” en dis hoe ek gevoel het. Baie keer dan dink ek na die tyd – ek het myself beleef as ek huil en skreeu en gaan aan maar ek **het** nie. Ek het nooit geskreeu regtig nie, harder gepraat partykeer maar oor die algemeen nie regtig geskreeu nie. Eh het net partykeer baie gehuil maar....

R: **Hoe het jy jouself beleef?**

PA: Ek het myself beleef as hierdie verskriklike histeriese....viswyf basies, verstaan jy? Wat ek nie regtig was nie en as ek in retrospek terugdink daarvoor besef ek maar dis hoe hy my laat voel het, ek was nie so nie. Ek het gevoel....veral na die hele ding ook totaal buite beheer. Dit het net vir my gevoel dat al die beheer wat ek in my lewe

het is weg. Ek het glad nie beheer nie. Ek kan nie beheer hoe ek dink nie, hoe ek voel nie, ek kan nie beheer hoe ek optree nie en **dis** hoekom elke keer as ek hom sien, is ek so ongelooflik angstig . Hy het my laat voel ek...dat ek totaal beheer verloor. So as ek hom sien dan is dit asof my beheer weg is en onmiddellik glo ek, ek kan myself nie beheer nie. Ek weet nie wat gaan ek doen nie en ek weet nie hoe gaan ek optree nie, wat gaan ek sê nie, en weet jy wat – dit het nog nie een keer gebeur dat ek hom gesien het dat ek een of ander ontoepaslike reaksie gehad het deur histories te skreeu of te huil of te “something” iewers. Ek het dit eintlik baie rustig hanteer behalwe die een keer wat ek ongeskik met hom was toe hy my van die pad af omtrent gestoot het, maar buiten vir dit, nog steeds het ek nie geskreeu nie, dit was meer ‘n “verskoon my, maar ek is haastig” tipe reaksie gehad .

PA: Ek was eintlik nie een keer buite beheer op die oog af nie, maar ek dink omdat dit **in** my so buite beheer gevoel het, het ek gevoel dit **moet** na buite ook so lyk **en** die feit dat hy heeltyd my laat voel het asof ek buite beheer is, deur om niks te sê nie..... Hy het nie een keer vir my gesê: “Jy...is buite beheer” of “jy kan jousef nie beheer nie”. Hy het nie vir my ‘n woord gesê nie. **Net** die feit dat hy staan en kyk vir my en geen reaksie toon nie, het my laat voel ek is besig om uit te haak . Dis hoe hy my laat voel het en dit het **aangehou**. Sy reaksie het aangehou en aangehou, selfs **na** alles verby is, het ek nog steeds daai angstigheid gehad. Ek het dit nou nog maar baie minder. Ek dink wat **ook** gehelp het daai dag wat ek hom gesien het, waar ek baie rustig en kalm gebly het en selfs vriendelik was....ek dink dit het gehelp om vir my te laat beseef: “Jy het nog beheer oor jousef. Die vrees wat jy het dat jy nie gaan kalmeer nie, is nie waar nie, jy kan dit doen”. So ek dink dit het gehelp maar, ek het **totaal** buite beheer gevoel altyd, na hierdie hele ervaring. Ek het soos een van my pasiënte gevoel : “Ek is nie in beheer nie, die volgende stap is Denmar, **daai** tipe gevoel.

R: **Hoe het jy oor jousef gevoel?**

PA: Ek dink ek sou sê die ding wat vir my nogal belangrik was is my selfbeeld het nogal ‘n “knock” gekry. Ek dink wat vir my moeilik is, is op ‘n intellektuele vlak beseef ek dat niks wat hy gedoen het nie noodwendig wys na my waarde as mens nie maar dat dit tog die manier hoe ek oor myself dink beïnvloed, nog steeds – die feit dat ek soveel anders opgetree het as wat ek gewoon was, so emosioneel, buite beheer gevoel het, het my laat twyfel oor myself oor wie ek nou eintlik is en is ek so beheersd soos wat ek altyd gedink het, dis asof die manier hoe ek dink oor myself, baie verander het. Ek moes goed by myself integreer wat ek nie voorheen as ‘n probleem ervaar het nie, noodwendig nie, negatiewe goed oor myself, geen positiewe goed nie. Al die negatiewe goed, wat ek oor myself gedink het, die feit dat ek my oordeel betwyfel, my mensekennis betwyfel, die feit dat ek myself as ‘n “pushover” sien wat ek nooit gedink ek sou wees nie en ek beseef as ek oor die goed dink en redeneer, ek moenie so dink oor hierdie goed nie en as ek dit uitredeneer dan beseef ek maar daar is nie rede om so te dink daaroor nie, maar dis hoe dit my laat voel het oor myself en nog steeds tot ‘n mate doen en ek dink my vermoë om verhoudings instand te hou, my **aantreklikheid** in die breë as iemand wat iemand sou wou by wees en ook my idees van myself....my eie waarde het baie versleg. En die feit dat hy nie lief was vir my nie ook – die feit dat jy so lief vir iemand kan wees en hy voel net niks vir jou nie is deel daarvan maar ook die manier hoe hy dit hanteer het, het vir my as mens nie respek genoeg gehad om ‘n poging aan te wend, om eerlik met my te wees, om dit “decent” te hanteer nie – gedink ek is dit nie werd nie en dit is vir my sleg. Wat vir my snaaks is ook waar dit so groot effek kan hê daarop as jy dink aan al die ander ervarings wat jy kan hê met mense wat positief is, oor dieselfde ding maar dis amper asof dit makliker is om ‘n groter of vinniger effek te hê as so iets negatiefs gebeur as wanneer daar positiewe ervarings is – dis miskien omdat dit meer intens is, pynlik is so

dit maak ditamper asof dit makliker is om te onthou, oor die groter impak op jou maar..... my selfbeeld is baie benadeel daardeur.

R: **Het jy so oor jouself gedink terwyl jy in die verhouding was?**

PA: Nie in die begin nie. Ek dink dit het saamgekom toe ons verhouding versleg het en toe my twyfel oor die verhouding begin het, het dit ook begin. Ek het aan die begin toe alles goed gegaan het en half rustig was het ek nooit ... L...dis hoekom ek sê daar's so baie goed wat hy, sy menswees en sy optrede gemaak het wat die maklik gemaak vir my om daar te bly. Hy't nooit...hy sal maklik vir my sê, hoe "nice" is dit vir hom dat ek geswot het en dat my werk vir my so belangrik is of hy sal maklik vir my sê hy't iets in my waardeer soos die werk bv...maar dit sou nie baie persoonlike goed wees nie, verstaan jy? Soos ek hou van die feit dat jy 'n mens is wat dit en dit doen..of baie persoonlike goed maar iets soos werk of iets soos studies...amper wat gedistansieërd is van ...emosies was vir hom maklik om terugvoer oor te gee en..... Hy het altyd vir my laat goed voel omdat dit altyd gelyk het asof dit lekker was om saam met my te wees en hy sou elke keer as ons uit was vir my sê dit was vir hom baie lekker saam met my – hy het die aand verskriklik geniet en dan sê nou maar as dan hy by die huis kom het hy my gebel en hy wil net weer sê, dit was baie lekker. So dit het my eintlik baie **positief** laat voel aanvanklik in die verhouding tot... ek dink waar ... ek dink die keerpunt was toe ek hom gekonfronteer het die eerste keer oor wat aangaan in die verhouding.

PA: Van daar af omdat **my** twyfel, meer en meer geword het en dit was in myself ook, was dit asof my selfbeeld gekoppel was aan die verhouding. Hoe slegter dit gegaan het in die verhouding, het bepaal hoe sleg dit met my selfbeeld gaan wat vir my 'n verskriklike "**scary**" belewenis was. Ek het dit nog nooit so beleef nie. Ek het myself nog altyd beleef as my selfbeeld is los van ervaring af- ek het nie in myself getwyfel nie, ek het regtig nie. Ons het almal maar ons tye, daar is sekere goed soos sê maar fisiese oefening wat ek nie baie positief oor gevoel het nie want ek was nie baie goed daarmee nie, verstaan jy? Maar dit was in daardie situasie en het ek as persoon nooit in myself getwyfel nie en dit was die eerste keer dat my siening van myself so gekoppel was aan die verhouding en dit het dit "scary" gemaak. Ek kon nie glo dis moontlik nie. Ek moet vir jou sê, dis nog steeds vir my 'n absolute wonderwerk dat dit so kan werk – ek het nooit gedink dit sou kon nie. En natuurlik die uiteinde van die verhouding was die tjerrie op die koek. Ek dink my eie waarde het al hoe af en af gegaan en soos ek sê, ek dink die einde was nou maar die finalespyker in die kis. So dit was nogal vir my 'n vreemde ervaring gewees en ek dink toe ek begin goed doen soos besitlik raak en jaloers raak en myself begin vergelyk met ander vroue, of is ek interessanter as sy vriende en... weet jy dis regtig nou vir my "**scary**" as ek daarvoor praat om te dink dat ek dit deurgemaak het. Ek het nie gedink ek was so "insecure" nie. Ek het dit in my lewe voorheen nie beleef nie, om te dink dat ek dit ooit sou **kan** beleef nie en ek het en... dit het permanente skade gedoen, dit was nie iets wat weggegaan het toe die verhouding weggaan nie en ja – ek dink deel daarvan, kom ek agter word beter met tyd, maar nie alles nie. Ek dink my selfvertroue in 'n verhouding met 'n man gaan baie moeilik weer terugkom, as die algemene "Ek is ok met myself", tipe ding – ek dink dit sal makliker terugkom as die..die selfvertroue. Ek dink in 'n verhouding gaan ek automaties onseker wees van die begin af.

R: **Hoe sien jy ander mense se verhoudings?**

PA: Ek dink meeste verhoudinge is onsuksesvol of .. die meeste mense is in verhoudings vas waar hulle nie gelukkig is nie en wat nie die beste vir hulle is nie – ek het soos ek gesê het baie meer sinies geword. Dis hoe ek dit beleef. Dat die moontlik is om ‘n verhouding te kry wat reg werk en suksesvol is en wat almal gelukkig maak en die beste is vir almal? Ja, ek dink dis moontlik, soos jy sê, ek kyk na my ma-hulle, maar ek dink dis minder algemeen as wat ek voorheen gedink het. Ek het voorheen beleef dat almal is gelukkig en almal is lief vir mekaar, maar nie meer nie.

R: **Jy was ontnugter.**

PA: Heeltemaal, dis soos losing your “virginity”, verstaan jy? Dit sal net **nooit** weer dieselfde wees nie. Dis waar ek nou is alhoewel, ek moet vir jou sê, ‘n jaar terug was ek **baie** sinies, soos in ag moenie eers met my praat oor die liefde nie. Ek het stadig aan rustiger daarvoor geword, ek is nou in die ding van baie mense is in verhoudingswat... die redes waarvoor hulle in verhoudings is en die goed wat hulle aan mekaar doen is vir my “scary”, maar ek sien wel die moontlikheid is daar...as ek ‘n flik kyk soos ‘n romantiese komedie dan kry ek die romantiese gevoel – dis nog daar, maar ek is meer sinies daarvoor ... wat ek nooit voorheen was nie. Ek het altyd gedink ja, dit gaan nog eendag met my gebeur. Ek dink ook my hoop dat ek eendag iemand sal ontmoet en dit sal uitwerk en goed, dink ek is op hierdie stadium nogal daarmee heen – ek het geen vertroue dat dit sal gebeur nie. En ek dink deels daarvan is die feit dat ek geglo het L was die een, maar hy was nie.

PA: En ek dink dit het miskien my ‘n “knock” gegee in terme van dit ook – dit was ook bydraend - dat ek geglo het L was die een by wie ek wou wees, by wie ek ewig gelukkig sou gewees het, wat ek dink die “betrayal” soveel erger maak – daar was tot redelik aan die einde van alles nooit by my ‘n twyfel dat ek en hy bymekaar hoort nie. Dit het my “bubble” baie vinnig gebars en so nou is dit baie moeilik vir my om te glo dat dit met my kan gebeur en goed.... Dat ek in ‘n verhouding kan wees wat gelukkig is. Ek glo nie hy bestaan nie, verstaan jy? Ek glo nie daar is so iemand nie want ek dink die probleem is dat.... miskien as ek jonger was toe ek L ontmoet het, sou dit anders gewees het – om verskeie redes – ek dink ek sou nie soveel ervarings al gehad het wat negatief was, binne my werk rondom verhoudings ook nie en “betrayal” en sulke goed in elk geval ook nie. Maar ook die feit datek nog nooit oor so iemand gevoel het nie. Daar **was** net nooit nog iemand wat daai reaksie by my ontlok het van ek wil by jou wees, ek geniet jou, ek’s aangetrokke tot jou. Ek het dit nog nooit gehad nie. Ek was al verlief ja, maar dit was vinnig verby.

PA: Jy weet, ek het hierdie emosionele verliefdheid en dan ses weke later voel ek niks meer nie – daar was net niemand wat nog ooit daai intensiteit en tydperk waar die intensiteit gehou het, by my ontlok het nie en ek dink dis hoekom. Dis amper asof ek glo en vrees, aan die een kant dat ek dit net nooit weer sal hê nie – ek sal nooit weer so **voel** oor iemand nie en ten spyte van wie L is en hoe ek besef hy is, want eintlik “**scary**” is nog meer as om te dink dis hoe ek oor hom gevoel het, vat dit nie weg van die feit dat dis hoe hy my laat voel het nie En ek wens partykeer dit kan net **weggaan** die gevoelens wat ek vir hom gehad het of die idêe van wie hy was, verstaan jy? Dit wat ek gevoel het – daai intensiteit – dis asof ek dit nie kan vergeet nie. Die intensiteit wat daar was het ‘n groot impak op my gehad en op my manier van dink wat vir my sleg is. Partykeer wens ek ek het hom nooit ontmoet nie dat ek dit nie

hoef te beleef het en nou Want nou vergelyk ek alles, ek kom dit agter omdat ander ouens nie dieselfde effek op my het nie Waar die fout ook by my is, besef ek. Ek kan nie dit meet aan L nie want die intensiteit was baie daar maar die seer en die onegtheid daarvan was **ook** daar verstaan jy? Wat nie noodwendig in ander verhoudings so gaan wees nie. Ek gaan dalk nie eers intensiteit hê nie maar ek gaan 'n meer gelukkige verhouding hê, want die ander goed is daar verstaan jy? Ek besef dit maar ek dink dis nog partymal vir my moeilik om te dink – ek voel baie afgesluit van alles.... So ek dink dit is nog daar maar dit is vir my moeilik om te dink dat dit weer kan gebeur met iemand wat vir my reg is. Miskien assosieer ek nou liefde en intensiteit en aangetrokkenheid alles met seer – dit het nie gewerk nie so miskien is dit vir my moeilik om te dink dat dit kan “equal” iets wat dalk werk verstaan jy? Omdat dit my enigste ervaring was en dit was nie baie mooi boonop nie. So miskien op hierdie stadium sukkel ek om die moontlikheid te kan insien. Ek glo dit kan met ander mense gebeur maar dit is nogal moeilik om te dink dit sal vir my ook gebeur.

R: **Intensiteit is vir jou belangrik in 'n verhouding.**

PA: Ja, definitief en ek dink dis “addictive” daai intensiteit, en die probleem is... met die aanpassing na die tyd is ... vir drie jaar was ek daar en selfs die op en af het dit 'n intensiteit gegee al was daar tye goed en sleg, daai **stres** wat saam met die op en af gaan was ook 'n energie as jy dit so wil noem en toe dit verby is toe is my lewe vir my **verskriklik** “mundane”, **verskriklik!** Ek het gesukkel om aan die gang te kom en dit voel vir my my lewe het stilgestaan – daar is net niks “exciting” meer in my lewe nie enek was op 'n punt waar ek net niks kon geniet nie en ok, dit het saam met depressie ook gegaan, maar ek is besig om oor dit te kom – ek geniet nou goed weer en so aan maar nog **steeds**, dis asof ek net nie daai “**high**” kry wat was toe L daar was nie, verstaan jy, - ek het nog nooit eintlik so daaraan gedink nie maar dit is so, dis asof niks meer vir my so “exciting” is nie soos toe hy daar rond was nie.

PA: Ek dink mans is ongelooflik verskrik vir intensiteit oor die algemeen, maar weet jy L.....ten spyte van die feit dat hy glad nie emosioneel “responsive” was nie ..vir die konflik of die intensiteit nie, ek dink nie hy was bang daarvoor nie – hy reageer net nie, **glad** nie. Ok, dis sy manier seker om af te sny, maar wat ek probeer sê, dit het hom nie **weggejaag** nie. Waar mans oor die algemeen...ja... en hy het my gelos, jy weet as ek ...ek dink dis waar ek en hy mekaar verstaan het ook, hy het intens geraak oor goed maar **ander** goed...Hy het intens geraak oor vliegtuie en musiek en hy kon himself verskriklik opwerk oor musiek en ek het dit **verskriklik** geniet – dit was vir my heerlik, want ek kon daarby aanklang vind en hy het intens geraak oor goed wat vir my simpel was...maar ek kon dit saam met hom geniet want die intensiteit het ek geniet maak nie saak wat die onderwerp was nie en ek het selfs ander kant toe ook – hy het **nooit** verstaan waaroor ek intens raak en hoekom ek so opgewonde raak oor die arme kindertjies wat honger ly en goed nie maar dit was vir hom “**ok**”, en ek dink ons het mekaar in daai opsig aangevul en ek dink dis wat ons aan die gang gehou het vir so lank miskien.

PA: Dit moes al lankal 'n dood gesterf het as jy regtig vat wat ons menswees betref en ons waardes wat verskil en sulke goed, moes dit al eintlik lankal doodgeloop het, vroeg in die begin. Maar ek dink dis daai intensiteit wat ons aan die gang gehou het en ek dink ek mis dit.....ek sal graag iemand wil hê wat daai intensiteit het maar die ander elemente ook by soos waardes en sulke tipe goed maar....ek dink nou terwyl ek praat met jou en vertel...onthou ek weer hoe “**exciting**” dit was saam met hom, hoe lekker dit was om saam met hom te wees en ...ek kon na hom toe

gaan en dan is ons vir ure daar in sy huis net ek en hy en ons het gesels en naderhand het ons kos gekry en dalk gaan flik – ons kon vir **dae** aanmekaar in mekaar se geselskap wees sonder om te baklei of...die bakleiry het altyd gekom as daar ander mense by was, jy weet, betrokke...nie noodwendig **by** nie, maar as ons begin uitgaan om saam met ander mense kuier, dan het ons waardes begin verskil, want dan het hy gedrink en dan irriteer dit my en dan het ons..verstaan jy..begin hak aan mekaar oor ander goed, maar ek het altyd gesê, as ons in hierdie “bubble” kon bly vir ewig, waar dit net ons twee was en ons..goed wat ons geniet het saam met ons kon neem...dan...maar ons sou nooit kon werk in a “real” world nie, “besides the point” dat hy niks gevoel het maar ek bedoel as hy sou, sou dit kon werk in ‘n kunsmatige omgewing maar in ‘n “real world” sou dit nooit kon werk nie. En weet jy, ek besef dit, dis hoekom ek sê as hy net vir my gesê het ; “Ek voel niks nie” sou ek my oë uitgehuil het maar weet jy, dit sou soveel makliker gewees het, as wat die manier hoe dit geëindig het, dit het dit net soveel moeiliker vir my gemaak om emosioneel ook daarmee te “cope” en vrede daarmee te maak.....ja!

R: **Is daar nog iets is wat jy wil byvoeg wat ook vir jou belangrik is?**

PA: Nee..... niks verder nie, ek dink..... dit is my storie.

EINDE VAN ONDERHOUD

APPENDIX D

INTERVIEW : PARTICIPANT B – 16/02/05.

R = Researcher
PB = Participant B

R: Wat beteken die woord “betrayal” vir jou?

PB: Die woord self, beskryf homself volgens my, maar dis meer die gevoel wat dit opwek as ‘n ou dink daaraan. Ek sou sê in kort, “betrayal” volgens my is wanneer iemand alle menswees en dit wat jy van kleinsaf geleer is, soos jy moenie jok nie, daai klas van goed, integriteit ...basies in die grond in druurk, dis basies wat die woord vir my beteken. Dis eintlik vir my meer die gevoel wat dit opwek as ek aan die woord dink.

R: Wat was jou ervaring of ervarings van “betrayal” gewees?

PB: Ek sal vir jou sê, in al die...struikelblokke wat ek in my lewe deurgegaan het, ek meen ons almal het ons reeks struikelblokke maar ek dink hierdie was – ek sal die Engelse woord gebruik, “knock” – dit was vir my ‘n groot “knock” gewees. Ek was platgeslaan. Bloot die feit dat jy...wanneer jy in die huwelik is, is daardie vertrouenswaardige posisie tussen jou en die ander persoon, jou maat, ummm, behalwe die privaatheidsaspek- dis “like the English word- sacred”, vir my was dit ‘n baie groot terugslag in die lewe gewees want omdat ek as polisieman, as persoon – ek spesifiek het nog altyd ‘n probleem gehad met vertroue. Ek weet nie.... , ek kan nie vir jou of dit werk is wat dit veroorsaak nie, maar dis ‘n kwessie van, as jy nie jou familie kan vertrou nie en jy kan nie jou vrou vertrou nie dan.....wat bly oor...wie in die lewe kan jy vertrou? Met ander woorde dit was vir my ‘n vreeslike eensame tydperk. Daai tydperk het ek...ek sou sê, ek was ses jaar getroud ongeveer ummmm..nee, weet jy wat- ek was drie jaar getroud en ons was ses jaar saam en twee jaar van my huwelik was, kan ek sê...”rocky”. Dit was nie maanskyn en rose gewees nie. Daar was op daardie stadium van die geveg nie regtig enige sprake van..hoe kan ek sê, verneuk of ander mans nie, van my kant af ook nie want my siening totaal en veral is dat jy jou maat moet kan vertrou en dan moet jy jouself ook eerlik wees daaromtrent. Daarna tot en met die sesde jaar was dit aan en af nadat ons geskei is vir omtrent amper twee en ‘n half jaar, nadat ons finaal geskei is, nadat sy my verneuk het. So dit is vir myek was vreeslik lief gewees vir haar en dit is die rede ook dink ek wat ons vir so lang tydperk aan en af, aan en af, aan en af was. Ek het probeer versoen maar vir een of ander rede kon ek nie die gedagte uit my agterkop uitkry nie. Ek kon nie die idee van...as ons saam slaap dink... dis asof,,, ek worrie, as sy haar oë toe maak, wie sien sy? Verstaan jy? En wat wil jy eintlik hê? As jy vir my sê jy’s lief vir my bedoel jy dit regtig? m.a.w. dit het ‘n totale kraak, wat vertroue in die mens um...as sulks meegebring en dit was vir my baie, baie moeilik gewees en traumaties en die verwyte en goed van my kant af, kan ek sê, nadat ek uitgevind het maar sy het ‘n verhouding met ‘n ander man, was meer vroeë gewees. Hoe

kon jy dit aan my doen? Ek meen ons het probleme gehad, maar wat het ek gedoen om dit te verdien? En dit is vrae wat ek haar gevra het maar dit was ook vrae wat ek myself gevra het. Ag ek weet nie ..ek's net flippin' bly ek is waar ek nou is – ek's uit dit uit.

Die breek – die finale breek was nou hierdie jaar gewees ek bedoel, verlede jaar, 2004. Dit was Mei maand gewees, ongeveer Mei maand. Die egskeiding was in 2002 “somewhere” gewees. Soos ek vir jou sê...weet jy wat was vir my baie snaaks gewees? Dis asof ek meeste van daai gebeutenisse uitgebloek het, maar “time and again” kry ek myself en dan dink en nog steeds daaraan. Ek dink nie meer daaraan in die sin van..ek wens dit kon uitgewerk het. Tot waar ek hier vandag sit, wonder ek bymynself um...ek blameer myself nie so vreeslik meer nie alhoewel, by die werk...sjoek ek sal vir jou sêmy werk was 'n baie groot oorsaak van die probleme wat ek en sy gehad het want ek is 'n baie ambisieuse persoon en ek het 'n fout gemaak in die sin van...Ek sal nie sê ek het my werk bo my vrou verkies nie maar ek het haar...definitief afgeskeep. Finansiëel het dit sleg gegaan met ons, umm, met my salaries en met haar salaries. Daar was ook baie dinge van haar verlede wat ...ons basies .. as ek sê gebloek het of ons gekeer het dat ons seker regtig bymekaar moes uitkom was daar baie van haar verlede wat dit gebloek het. Van my verlede nie so vreeslik nie want um... kyk, sy was getroud voor dit, en sy is vier jaar ouer as ek, tog het ons goed “gekliek” op sekere aspekte soos wat die werk betref, verstaan jy? Uit en uit besef ek dit wat ek doen en wat sy doen..ons probeer so professioneel as moontlik wees in dit was ons doen maar..van my kant af het ek makliker in die verhouding ingestap en die verhouding begin. Want ek dink voor haar.. ek het nie regtig vreeslike verhoudings gehad nêr. Ek was 24 toe ek getroud is, ek is nou 28. Ja, ek meen, kortweg dink ek baie maal aan hierdie situasie waarin ek myself bevind het en ek dink baie mal *so* daaraan dat: wat kon ek gedoen het om dit te verhoed het? En dan die volgende oomblik dan dink ek, aah, ek is eintlik bly dit is verby want sy het vreeslik amok gemaak. In die tyd wat ek en sy probeer het, hier aan die einde, het sy al 'n ander knaap of wie ook al ook gesien en ek het my gat afbaklei vir haar en tot die laaste week wat ek haar uitgevang het, het ek hulle gepos en gesê: luister hier - *nou* los jy my uit en jy bly uit my pad uit. Met julle wil ek niks te doen hê nie- ek gaan nou aan met my lewe hoe swaar dit ookal vir my is. Ek wil hê julle moenie enige kontak met my maak nie – ek gaan aan met my lewe. Daarna, nadat ek en I het die finale breek gemaak het was ek baie bittergewees maar ek was ek was “determined”, ek was vasberade nou dat *niemand* sal so met my maak nie. Ek is nie 'n “toy-boy” nie en ek is nie 'n skoot hondjie nie. Wat ookal ek verkeerd gedoen het in die lewe, regverdig nie die leuens en die wyse waarop ek behandel word nie. Ek weet nie – jy moet verder vra.

R: Hoe het jy geweet van die “betrayal”?

PB: Jy sien, dis hoekom dit vir my 'n groot skok was. Wat vir my so “fascinating” is van die mens is dat in elke persoon is daai...party mense noem dit 'n sesde sintuig, mans of vrouens. Ek is uiters, uiters, uiters...nie... jaloers nie en ek was nie, dit was net..ek het dit net opgetel. As iemand met my praat en iemand lieg vir my, ek weet nie hoekom nie maar...ek tel dit op al is dit net 'n rookie, ek tel dit op en dis wat gebeur het met my en haar. Ons het begin probleme ervaar in die verhouding en ons het erg konflik opgetel, jy weet. Soos ek sê, ek het nog nooit aan 'n vrou geslaan nie maar sy het my so kwaad gemaak dat ek het haar te lyf gegaan *maar* nadat sy my...in die “dinges” geskop het. En ons het mekaar rondgestamp en rondgepluk en sy het 'n vreeslike “scene” gemaak en geskreeu en dit het my basies tot waansin gedryf. Ek was verkeerd, ek erken dit, “besides that”. Dit is nie die rede hoekom ons uitmekaar is nie. Sy het begin stil raak, sy het my geweier in die bed, sy het vir my begin lieg oor iets simpel, die simplest

daaglikse dingetjies. Dan begin sy laat van die werk afkom. Dan het sy sommer reguit vir my gesê, sy gaan kuier en as ek vir haar vra waar gaan sy sê sy dit het niks met jou te doen nie. In daai hele tydperk het ek die heelyd haar gevra maar hoekom weier jy my, wat gaan aan?. Dis was in die tydperk...na die bakleiery tussen my en haar, het ons altwee gesê, phееew, wag 'n bietjie ons het *daar*, 'n moerse fout gemaak, ons is jammer unnn...maar daar was soveel vroe wat ek haar gevra het maar die “main” ding was, die “main eyeopener” tot die suspisie, sal ek sê, was gewees, sy kon nie vir my sê, sy's lief vir my nie, waar sy dir voorheen kon doen. Ek het baie maal, ek het konstant...as ons sit sê ek vir haar, luister is jy lief vir my, dan sê sy vir my ek *kan* nie dit vir jou sê nie. Dan sê ek hoekom, wat bedoel jy jy kan nie vir my sê. Dit werk nie so nie...jy kan nie net vir my sê ...ek meen...jy kan nie sê “I do” en dan wanneer dit bietjie struweling en struikelblokke is, dan nou skielik vir my nie kan sê jy's nie lief vir my nie. Was jy dan ooit lief vir my gewees? Dit was die groot ding gewees want my vermoede...ek het nie eerlikwaar *vermoed* dat sy het 'n verhouding nie. Ek het wel vermoed sy's nie lief vir my nie, nie werklik lief vir my nie. Ek meen dis debateer baar van haar kant af. Ek kan nie sê dit is so nie maar ek meen, dis logika wanneer 'n mens *so* reageer dan is die “outcome” so en sy't op 'n stadium, as ek nou mooi moet onthou, het sy een aand nadat ons baklei het, in die kar geklim en *gery*. Ek het haar daai aand glad nie gesien tot eers hier omtrent elf, twaalfuur nie. Sy het teruggekom, ek het gevra waar was sy gewees en sy het geantwoord in die sin van, sy was by 'n vriendin of dit of dat. “Fine”! Ek sou sê ongeveer, twee na drie dae, miskien 'n week daarna bel 'n vrou my en sy sê vir my dis sy wat praat, want ek ken toe die vrou en sy sê toe vir my, hoor hierso, sy was by YX se woonstel gewees want dit lyk my die “girl” het 'n “crush” gehad op die YX knaap. Nou YX was ook 'n polisie man en...sy sê toe vir my dat ...sy't 'n brief op YX se koffietafel getjie gesien wat Y vir hom geskryf het dat sy's baie lief vir hom en sy wil nie die lewe sonder hom deurgaang nie. Ek sê toe Ja? Hoe seker is sy dis Y wat dit geskryf het en sy sê toe doodseker. Ek vra toe waar's die brief? Sy sê toe, nee, YX het die brief gevat. Lyk vir my sy en YX het saam geslaap en ek dink sy het gevoelens vir hom gehad. Toe sy die brief sien toe is sy jaloers en toe “snap” sy. En toe het sy hom gekonfronteer daarvoor en dis toe hy die brief nou wegvat. Dis reg. Ek stap toe na hom toe die volgende dag, ek het toe stilgebly daarvoor en ek het hom voor speurtak gekry en ek het vir hom gevra, dit is wat gebeur het, dit is wat aan my gerapporteer is, ek wil nou weet is dit so, of is dit nie so. As dit so is, en julle is lief vir mekaar, sê net vir my, dan gaan julle uit my lewe uit en julle gaan julle gang. Sjoee, neeeee asseblief, stadig, dis nie waar nie. Is jy seker? Gaan ek toe na haar toe en sê vir haar, hoor hier ek het um...dis wat ek gehoor het en ek was nou net by hom gewees, ek het nou net met hom gepraat so *pasop!* jy weet nie wat hy vir my gesê het nie. *Lieg* net vir my. Sy sê toe, baie ongelukkig en hardegat: Ek kan nie *glo* jy't met hom gepraat nie, jy bly *weg* van hom af. Ek sê vir wat, jy's nog getroud met my. Hoe kan jy vir *my* sê ek moet weg bly van hom af? Wat weet hy wat ek nie weet nie? Sy gaan toe aan: Jy bly *weg* van hom af ek sê jou nou ek sal jou skei. Dis hoe dit gegaan het. Ek sê toe los dit seblief, moenie worrie nie. Ek sê maar ek is *nou* oppad na YX se huis toe, ek gaan daai brief haal. Neeee, jy mag nie soontoe gaan nie. Ek draai toe om dat sy my gryp, wil keer, ek mag nie gaan nie. Ek sê, sien, daar is iets tussen julle twee. Daar is *niks* tussen ons nie. Ek sê “come on”. Vertrou jy my nie?, daai tipe goed. Ek sê maar, dis die goed wat ek hoor, sal daai vrou lieg oor 'n brief? Ja, maar sy's verlief op YX en jy weet wat se slet is sy, en.... jy weet,..... daai tipe klas van goed. Toe was ek, kan ek vir jou sê, baie, baie deurmekaar. Ek het regtig in my werk ingedui. Ek was permanent in die lokasies gewees. Ek het regtig begin terugtrek. Die oomblik wat ek vertrou in iemand verloor, jissie, hoor hier – ek trek totaal en al terug. Weet jy, ek gaan jou nou iets baie persoonliks vertel. Ek trek so terug dat wanneer ek en sy intiem geraak het, ek nie eers intiem kan raak nie, as jy verstaan wat ek bedoel. So trek ek terug – ek blok totaal en al, net so. In “any case”, dit gaan toe aan. Steeds vra ek vir haar in hierdie tyd: “Is daar iets tussen julle?” Is jy lief vir my? Nee, sy kan nie vir my sê sy's lief vir my nie. In

daardie tydperk wat ek toe wou versoen en sy nie het ek vir die verhouding se onthalwe vir haar, saam met my ma-hulle Margate toe gevat. Ons was daar 2 dae toe sy 'n oproep kry en inmekaar instort op die strand.

R: Wat het haar inmekaar laat stort?

PB: Van die skok van die oproep. En ons kan nie met haar praat nie. Sy lê in die kamer en tjank. Ek weet nie wat aan gaan nie, my ma-hulle weet nie wat aangaan nie. My ma vat haar toe eenkant en my ma praat met haar. My ma stap toe uit en my ma sê toe vir my: Hoor hierso, YX, het so pas 'n beroerte aanaval gehad. Die outjie was op daardie stadium so 32, daar rond. Maar kyk, nou moet 'n ou verstaan. As een van my vriende iets sou oorkom, gaan ek nie inmekaar inval en my oë uitkrap nie. Haar reaksie het vir my gewys: Kyk, luister, hierdie vrou voel iets vir hom, meer as net 'n vriend. Ummm, ek het toe met haar gepraat en vir haar gevra, maar wat gaan aan en sy het vir my gesê: niks nie. Weet jy wat né, ek het 'n stuk vergeet, wat voor dit gebeur het. Nee, dis reg soos dit gebeur het. Toe van daar af, toe sê sy nee, kyk luister, pak julle goedjies, die wat wil saamkom- ek ry nou. Ek moet nou vir YX gaan sien. Ek sê toe vir wat hy is in die hospital, sy ma is by hom, wat wil jy daar gaan maak? Nee, sy wil net gaan. Ek sê toe: Kom! Ons klim in die kar, ry terug. Van Margate af tot...sê, Ermelo het sy nie veel van hom gepraat nie en ek het aangeneem ons gaan huistoe. Maar toe ons Ermelo "strike" toe sê sy ek moet haar gaan aflaaï nou dadelik by die hospital. Ek sê : Ja? Ek sê toe, ok, maar dan gaan ons saam. Sy sê jy gaan nie saam nie. Ek sê vir wat nie, hoekom nie? Sy sê: sy gaan hom net ontstel. Ek sê: Wat! Gaan ek hom ontstel? Nou hoekom sou ek dit nou doen? Ek sê jy gaan nou vir my sê wat gaan aan. Nee, sy ontken alles. Ek sê toe : Okay, dis reg! Stop by die hospitaal, sy klim af, ek ry huis toe. Nou moet jy weet wat gaan in my kop aan.

R: Wat het jy op daardie stadium gedink?

PB: Ek het nog nooit op enige stadium gedink aan selfmoord nie, want jong as jy nou eenmaal sulke goed gesien het kan ek vir jou sê...ek wil nie hê iemand anders moet agter my gat skoonmaak nie want dit is wat gebeur. Dit is net 'n beslommernis vir die mens wat jy moet kry wat moet skoonmaak agter so iets aan. Nee dankie, ek soek dit nie. Jong, ken jy "blank"? Jy stap...en kom in die kombuis en begin water drink en dan staan jy stil en dink: maar jissie wat gaan eintlik hier aan? Jy vra jouself daai vraag 'n miljoen keer, wat gaan aan? En sy het nie....soveel antwoorde nie. Al weet jy, al weet jy...as jy gaan kyk..in polisie terme noem ons dit die *modus operandi* m.a.w. die roekie hoe dit getrek het en hoe dit gevorder het...weet jy, jy sien dit nie in nie hoor, jy sien dit nie raak nie. Jy sien dit nie duidelik nie, want op daai stadium konsentreer jy so op daai gevoel wat jy nou ervaar en daai vraag: Wat gaan aan? Dat jy nie duidelik kan regtig sien wat gebeur nie. Daai aand kom sy terug. Sy het gou-gou kom aantrek.

R: Hoe het sy terugkom?

PB: Ek kan nie presies onthou of ons met twee karre gery het nie of "something-something" nie, 'n vriendin haar kom aflaaï het " maar ek het haar nie gaan haal nie. Neeee jong, kyk! Jy moet weet, ek is oor die algemeen 'n hardegat mens hoor. As sulke goed met my gebeur, ek gaan nie nog agter jou gat aan ry nie, daar's nie 'n manier nie. Ek het net gesê: Nou sny ek af, ek wil nou niks meer met jou te doen hê nie. Ek het vir myself gesê: luister, wat ookal aangaan, ek is op pad. Hier bly ek nie 'n dag langer nie. Toe sy nou terugkom....ek kan nog onthou daai dag, ek het

gaan stort, laat ek net kon afkoel dat ek myself op 'n stadium gekry het dat ek plat sit in die stort. Jis, dit was glad nie lekker gewees nie en ek kon nie ophou huil nie, ek was hartseer en teleurgesteld want toe begin dit so stelselmatig indring maar wat gaan nou eintlik hier aan en dit was asof dit so opbou, dit wat jy nie gesien het nie, tot dit gebeur het. Nou begin alles so stelselmatig inpas en dan begin jy..snap en ummm sy't teruggekome en ek het al begin om my klere te pak en toe vra ek weer vir haar: wat gaan aan? luister, ek wil weet wat gaan aan. Eers umm en aah sy en toe sê: sy: ek en YX het gevoelens vir mekaar. Ek sê toe: verduidelik vir my, hierdie gevoelens, vriendskap gevoelens of ... Sy sê toe ons wil saam wees, ons wil bymekaar wees. Ek sê toe maar hy lê dan in die hospital. Sy sê toe nee, sy weet nou, haar oë het nou oopgegaan en dis die man saam met wie sy wil wees. Ek sê: O! Het julle saam geslaap? Nee, nee, nee hulle het nie saam geslaap nie. Ek sê toe vir haar: Hoe kan jy net lief wees vir iemand en in elk geval ek het uitgevind, jy was by YX gewees en nie by jou vriendin nie, wat het jy daar gemaak? Nee, ek het 'n vriend nodig gehad om mee te gesels. Maar jy weet, sy is 'n, sy is geleer om te lieg en te ontken. Ek sê vir haar toe gaan. Ek het toe van my goed gepak en ek is toe weg – ek kan nie onthou waar ek geslaap het of by wie ek gaan kuier het nie. Die...volgende dag gaan ek na haar toe en ek sê toe ek het die res van my goed kom haal. Sy sê toe dis reg, sy wil nie hê ons moet so uitmekaar uitgaan nie maar sy en YX het besluit om saam te wees. Ek sê toe is die ou daarem oraaait? Toe het hulle agtergekom hy het 'n brein gewas wat “pressure” op sy brein geplaas het. Ek sê toe vir haar weet jy wat, dis so snaaks, want daar het julle nou gedoen wat julle gedoen het en julle is nou lief vir mekaar en nou die blinde saambokkie het vir julle geslaan. Wys jou net, jy mag nie egbreuk nie.

R: Wou jy hê hy moet seerkry?

PB: Ek was baie kwaad.

R: Verdere kommentaar oor hoekom vir YX kwaad en nie vir Y nie

PB: Ek was lief vir haar. Ek kan dit dalk vir jou so stel. Daar's 'n ding in die polisie wat ek sal sê 'n amper soos 'n etiek tussen polisiemanne, umm..jy neuk nie rond met 'n ander polisieman se vrou nie. Nie as jy 'n (deleted to retain confidentiality)is nie en nog minder as jy 'n (deleted to retain confidentiality)...is nie.

PB: So, jy neuk nie rond nie, jy doen nie dit nie en ummm.....kk daai ou is natuurlik 'n Springbok bokser gewees so ek het geweet ek het nie 'n kans om daai ou te “fight” nie, nie dat ek in elke geval so aggressiewe mens is nie ummm...en my haat was nie in so 'n mate wraaksugtig gewees nie, ek het nie gedink nou gaan ek hom skiet of daai klas van goed nie. Ja, ek het gedink ek sal “like” om sy vensters te gaan uitslaan, ek is eerlik. Maar my gevoel rondom Y was totaal en al “utter” teleurstelling en daai liefde wat ek vir haar gehad het wat so intens was, en daai teleurstelling...dit was so “heavy” gewees né dat ek kon myself nie kry om op te hou huil nie. Ek wou net aan haar vat die heel tyd, verstaan jy. Dis 'n kwessie van: jy sien dis wat ek verloor het. Dit wat ek verkeerd gedoen sal ek graag aan haar verduidelik. Al daardie gevoelens, alles in een. Maar waar dit hom betref, ek sê vir jou tot vandag toe en hierdie ou is...dood. Ek het 'n ...en ek wens ek kan daaraan werk marr ek haat hom nog steeds. Weet jy,...nie haat nie...ek weet nie of dit haat is nie..maar ek voel niks nie. Ek voel soveel (0) vir hom. Die feit dat hy dood is né, ek wil nie hier sit en sê, ek's bly hy's dood nie, want ek dink nie ek is so wreed nie, maar weet jy, ek voel net niks vir hom nie. Dit wat hy aan my gedoen het, hy het geweet ek en sy is getroud en hy het geweet. Watter tipe mens doen

so iets aan iemand anders? Mens doen dit nie. Dis onmenslik. Hy't my te nagekom. Sy't my te nagekom ook maar op daai stadium van die geveg het my liefdesgevoel, dink ek, dit geblok. Kyk ek was kwaad, moenie 'n fout maak nie ...en ek dink ek het haar mooi vertel wat ek van haar dink, maar laat ek jou verder vertel.

PB: Ek het daai volgende dag... was ek hospital toe gewees by die intensief, toe ek hoor hy is nou wakker. Toe stap ek in toe is sy daar, toe kry ek haar hand op sy been. Toe draai ek om en toe stap ek uit. Toe vat ek haar handsak, toe stap sy na my toe en sy wil my keer...toe sê ek vir haar...julle keer nie vir my vandag nie, ek worrie nie hoe siek is die man nie, laat ons vir mekaar vandag die regte vrae vra, ons gaan die ding vandag uitsorteer. Jy kan nie met hom praat nie, hy is terminaal siek. Ek sê, ek het nie 'n saak nie. Ek sê vir hom luister hier, hier is ek en jy en Y nou bymekaar. Y wil nog iets probeer sê, ek sê; bly stil ek wil nie met jou praat nie- ek praat met hom. Toe vra ek vir hom, laat ek dit nou van jou kant af reg verstaan -Y sê julle voel iets vir mekaar - watter tipe gevoel is dit hierdie?. Nee, hulle wil saam wees. Ek sê toe Oe! Y is dit hoe jy ook voel? Ja!. Ek sê : So julle wil bymekaar wees? Ja! Hulle is lief vir mekaar en daar klou hulle nou aanmekaar op die bed en hulle wil net vir my sê hulle is jammer maar hulle is lief vir mekaar en hulle kon dit nie help nie. Ek sê nou maar weet julle wat: Vlieg julle in julle moere in. Ek's klaar met julle. Ek sê, ons sal seker maak dat ons voortgaan met die egskieding. Toe wou sy my al geskei het maar sy wou nie vir my sê hoekom nie – dis wat ek vergeet het om vir jou te sê. Nog voor die hele storie van die vrou wat na my toe gekom het en vir my gesê het dat sy die briefgekry het, het Y my gedagvaar vir 'n egskieding. Sonder enige regtige rede. Die rede wat sy voorgehou het was hierdie simpel, simpel, stupid redes wat die prokureurs kan indink : geen gemeenskaplike “what” “what” nie, (R: “irretrievable breakdown”; no communication, daai tipe goed?).

PB: “Yes, yes”, daai goed en in daai tyd ummmm...nog voor dit het ek haar so vêr gekry om die dagvaarding terug te trek. Dit het haar toe gekos op die ou einde toe die verloop van gebeure met YX saam nou plaasvind. Toe sê ek vir haar “maar hoor hier, jy moet maar voortgaan met die egskieding”. Nee, sê sy dis reg. Weet jy ek het uitgetrek en daar by my ma-hulle gaan bly en dit was so iets soos 'n maand gewees. Nou moet jy weet, ons het op dieselfde tak gewerk en dis so..stap verby mekaar,nou wil sy gesprek maak met my en ek wil nie met haar praat nie, ek's mos nou klaar met julle. Nee, dit gaan nou goed met YX...ek sê: Hey, woo, woo, woo, moenie met my praat oor daai ou nie. Ek worrie nie! maar sy hou aan. Op 'n stadium het ek en sy gepraat en sy het vir my gesê, sy het vir YX se pa en ma ontmoet en hulle is ten gunste van die verhouding. Ek sê vir haar: “Hoor hierso, weet die tannie jy is 'n getroude vrou?” Ja, hulle weet daarvan en hulle weet wat het ek aan haar gedoen in haar verlede. Ek sê : “Dis nou kerklike mense né, wat nou so ten gunste is van julle en so voorts?” Toe praat ek met.....ek kan nie onthou wie dit was nie,maar iemand wat baie na aan Y was....kom sê toe vir my “maar wat die hel gaan aan met jou vrou”? Ek sê: “Hoor hier “boys”, laat ons mekaar nou mooi verstaan. Ek en die vrou is oppad om te skei, dis wat gebeur het, hulle soek mekaar. Ek's klaar! Ek verstaan die Oom em Tannie het nie 'n probleem daarmee nie. Toe sê die persoon: “Dis nie so nie”. Die Oom en die Tannie het my gevra om vir jou te vra om asb jou vrou daar weg te hou, sy's getroud. Ek sê toe :Oa! Sy sê dan vir my die Oom en die Tannie sê hulle keur dit goed. Nee, sê hy: die Tannie wil niks met haar te doen hê nie en hulle wil net hê ek moet weet hulle sal nooit hierdie verhouding goed keer nie. Ek sê toe: “Baie dankie”, toe kry ek nou lekker. Toe kry ek nou regtig lekker want nou hy't in die hospital beland, hy's terminal siek – ek het nou gehoor want nou eintlik aangaan, alles speel nou in my guns... umm.... die Tannie-hulle keur dit nie goed nie. Daar hardloop ek na haar toe en sê: “ Hey, raai wat? Jou “boyfriend” se ouers keur dit nie goed nie. En moenie worrie nie - ek het “first-hand” gehoor dat jy moet wegbly daar hoor? Jy ontstel hom! Die dokters is aangesê om jou

te keer, jy mag nie daar ingaan nie. Sy sê toe : Nee dit sal nooit gebeur nie. Hulle sal my nooit van hom af kan weghou nie. Vreeeeeeslike dramatiese storie.

PB: “In any case”...omtrent ‘n week daarna of so hoor ek die outjie het dit nie gemaak nie. Nou is ek nie bly nie, ek is nie hartseer nie, ek sê net: “well pël, dis die blinde sambokkie, dis, dis al wat dit is vir my. “Meanwhile” almal vra wat gaan aan ek sê dit het niks met julle te doen wat gebeur het nie, julle los nou hierdie “issue” uit. Want baie mense het by ons verhouding ingemeng en ek het altyd vir haar gesê dis verkeerd maar sy het elke keer mense ingenooi. “Anyways”, ummm...’n rukkie daarna, ek kan nie presies hoe lank nie maar net om jou ‘n idee te gee, dis ‘n tydjie daarna, kom sy na my toe en sê sy het ‘n fout gemaak. Ek sê toe: “Wat?, Ekskuus?”. Nee, sy het ‘n groot fout gemaak en sy wil weer hê ek moet vir haar ‘n kans gee. Ek sê toe: “Jy’s seker siek in jou kop. Hoekom sal ek dit nou doen?” Ek sê: “Weet jy wat het jy my deur laat maak? Maar julle het mos in die hospitaal, op die hospitaal bed aan mekaar geklou en vir my gesê julle is lief vir mekaar.” Ja, sê sy, maar dit was skok gewees en hulle was vriende gewees en sy’t nie geweet hoe om dit te hanteer nie en so aan. Ek sê: “Ek wag vir die dagvaardiging”. Dit het gekom, ons is toe geskei, sy’t vir so ‘n maand haar eie pad gegaan en toe begin ek eensaam raak. Toe begin ek nou beseftig maar jissie.... Alles begin nou terugkom maar dis daai...daai eerste fase van woede en dan “resentment” is nou verby, nou begin ek na haar verlang, begin ek haar mis en dit was die grootste fout gewees. Dit moes nie eers met my gebeur het nie maar ek kon dit nie verhelp nie. Dan baklei ons, dan jaag sy my weg. Vat ek my goed dan waai ek. Volgende dag is ek weer terug en so het dit aangegaan, so het dit aangegaan. Totdat sy “afterall” by die werk ‘n ander poephol gehad het wat regtig in my oë ‘n poephol is en hy sal ‘n poephol bly. Hy is nie eers iets vir die oog nie. In die tyd wat ek toe nou vir my ‘n woonstel gekry het, het hulle by mekaar begin gekuier. En weet jy, snaaks genoeg, dis asof die verlede homself weer aan my aangespeel het. Ek het presies dieselfde goed begin ervaar wat ek die 1ste maal met haar ervaar het. Sover dat ek haar bel op haar selfoon en sê: “Hoor hier pop kan ek by jou kom koffie drink?”. Nee, sê sy in my gesig, YY is hier. Ek sê :”Wat maak hy daar?” Nee, ons is vriende. Ek sê: Wat?, Raait, los dit. Ek het vir haar briewe geskryf ...jy weet eensaamheid is ‘n lelike ding en as jy vir ‘n lang tydperk sonder daai persoon is....

PB: Die ergste van alles is ek het nog nooit so ‘n ding ervaar nie. Dis wat dit vir my so moeilik gemaak het. Ek kon nie regtig oor daai gevoel kom nie, daai eensaamheidsgevoel, alhoewel...alhoewel ek probeer het om haar te vergewe, dink ek ek het haar vergewe maar dis waar wat hulle sê, mens vergeet nie. Weet jy, dit blydit het ‘n deel van my lewe geword. Ek het altyd bly wonder....en ek het myself gekry dat ek haar gevra het...nadat ek myself belowe het ek gaan nie, verstaan? Jy kry oomblikke van helderheid en dan net skieklik voel jy, “woep” in jou kop, nee, man dis dieselfde gevoel, dis net weer daar. En daai seerkry, dis net weer daar. Jy’s was my vrou gewees, hoe kon jy dit aan my doen? Het julle saamgeslaap? Want dit was vir my die “ultimate”...die seks “act” ... en dit het sy nooit erken nie. Maar in my hart, weet ek dat hulle het saam geslaap.

R: Kan jy my nog meer vertel oor toe YY by Y se woonstel was toe jy gebel het?

PB: Ok, hy is toe nou daar en ek het so vêr gegaan en ‘n ent af in die straat gestop met my kar. Jy weet dit is hier op die einde....., wat ek toe nou daar sit en wag en kyk hoe laat ry hy. Toe is ons al geskei, maar ons was bymekaar, aan en af, aan en af, aan en af. Maar die “general idea” is, ons is nog bymekaar, jy verstaan? In daai tyd kon sy weer nie vir my sê sy is lief vir my nie. In die tyd wat ons begin weer by mekaar kuier kon sy weer vir my sê sy is lief vir

my en toe skielik nie. Ummm.... In daai selfde tydperk moet ek by sê was my neef vermoor en dit was vir my ontsaglik traumaties. Haar pa is vermoor, dit was haar ontsaglik traumaties. Dit was 'n oorsaak gewees dat ons nie bymekaar kon uitkom nie. Ek was nie oop nie, sy was nie oop nie – ons kon nie bymekaar uitkom nie, ons het ons eie...”our minds were preoccupied”. In elk geval, soos ek gesê het, ek het begin sort van “spy” op haar. Nie vreeslik nie maar ek het gevoel maar, ek moet verby ry daar en kyk, en ek ry verby, kort-kort. Op daai stadium het ek gesê maar ok, ek gaan terug uniform-tak toe. Dan wil ek daar verby ry. Ek forseer myself om nie daar verby te ry nie maar as ek my kry is die gevoel net daar, die seer, pyn – ek moet daar verby ry, nou!

PB: Dan bel ek haar, “wat maak jy nou, koffie?”. Nee, YY is hier. “Wat maak julle?”. Ons gesels. “Maar hoor hier, dit is nou 11 nm op ‘n Saterdagagaand. Waar sit julle, in die sitkamer?” Nee, ons sit in die slaapkamer, ons kyk TV. Ek sê: maar daar is dan ‘n TV in die sitkamer. Nee, dis meer gemaklik in die kamer. Ek sê: O! Kyk ek is nie ‘n neerhalende mens of o nie maar daai ou is regtig niks – daai ou het nog nooit ‘n “girl” in sy lewe gehad nie....eerlik waar hy’s ‘n “nerd”. Ek sê dit nie omdat ek “primitive” is nie maar dis hoe jy sulke mense beskryf, dis ‘n “nerd”. Dood goeie mens eintlik, goed dood ook.

R: Wat was jou vermoede oor die aard van hulle verhouding?

PB: Ek dink in ‘n mate het ek dit nog steeds vermoed dat sy en die ou bymekaar is, dat sy en die outjie iets aan die gang het. En sy het ook ‘n vriendin gehad wat haar ge”instigate” het, langs die kant. Tot op ‘n dag. Sy het ook vir my gesê ek moet wegbly van die ou af, met ander woorde, wat is dit? As jy gaan kyk na wat die eerste maal gebeur het dan sê dit vir jou iets. En wat nou hier gebeur het – dis maar min of meer dieselfde ek moet ook weer wegbly van hom af, ek moet hom nie nader nie, daai klas van goed. Sy was in die aanklag kantoor gewees eendag, en YY het daar gestop, en ek het uitgestap en ek het hom ge”corner” en vir hom gesê: “Ou maat! Nou wil ek vir jou iets vra. Ek vra vir hom toe: “Hoor hier, het jy gevoelens vir Y? “ Ja, sê hy, hy en Y is net vriende. Ek sê, “Wag nou YY, ek wil weet, het jy gevoelens vir haar?” Ja! hy het. Ek sê: Watse gevoelens? Vriendskaplik of is dit verhoudings gevoelens? Nee, sê hy, verhoudings gevoelens. Ek sê: Nou hoe voel Y? Nee, hy’s nie seker nie. Ek sê: “Nou wat nou? Wil jy saam met haar wees?” Hy sê: Ja! Ek sê: “Maar hoor hier, ek en sy is dan bymekaar.” Hy sê, “dit maak nie saak nie”, hy wil haar hê. Ek sê: “Nee, ok. Ek stap toe na die aanklagkantoor en vra vir haar dieselfde vraag. Nee, hulle is net vriende. Ek sê; “Maar hoor hierso, hy het nou net vir my gesê hy wil ‘n verhouding met jou hê, hy’s lief vir jou. Ek dog dan julle het niks in gemeen nie”. ”Jy moet wegbly van hom af”. Baie kwaad. Jy moet die res van jou goed kom haal en so gou as moontlik uit my lewe uit. Ek sê vir haar “Slowly”. Toe kalmeer sy nou. Toe gaan drink ek die een oggend...sy moes na een of ander begrafnis toe gegaan het en W moes saam met haar gegaan het. Ek en sy het nog die vorige aand saamgeslaap. Nee, sê sy, hoor hier jy moet nou ry, ek moet nou na daai begrafnis toe gaan. Ek sê : “Maar W gaan saam met jou né “Nee”, sê sy,”hy gaan nie saam met my nie”. Ek sê: “Come on!”. Baie kwaad vir my omdat ek haar nou weer wantrou. W gaan nie saam nie! Ek sê: “maar is daar iets tussen julle”. Nee, daar’s niks tussen ons nie. Ek sê: “OK”!

PB: W kom daar aan die oggend, en hy het ‘n “suit” en ‘n “tie” aan. Hy’t sy “tie” aan en sy “suit” baadjie hang in die kar. Ek stap na hom toe en sê: “Ja, ou maat!, Waar julle heen?” Nee, hulle gaan begrafnis toe. Ek sê “Maar ek dog jy gaan nie saam nie.” Nee, hy gaan saam met J, hulle ry dan met sy kar. Ek sê: “O!”. Toe sy uitkom toe “corner” ek

haar. Ek sê: “Hoor hierso, ek dog W gaan nie saam met jou nie?” Nee, W gaan nie saam nie. Ek sê: “Hoor hier Pop! Die man is ge”collar” en ge”tie”, sy baadjie hang in die kar. Ja, maar sy wou nie vir my gesê het nie want sy’t geweet ek gaan kwaad wees. Ek sê: “Weet jy wat, dit was die laaste keer wat jy so met my maak. Tot hier toe en nie verder nie. W, jy en J, jy, nou bly julle uit my lewe uit, totaal en al. Met julle wil ek niks te doen hê nie”. En ek het haar afge”cut” daar Ek het nie gedink ek sal dit kan doen nie. Maar weet jy, dis ‘n gevoel van....dit bou op tot daai genoeg. Nou het ek genoeg gehad. En van daar af was ek op my eie. Daar het nou wel dinge na dit gebeur maar....hoeveel tyd het jy nog?

R: Nog baie tyd!

PB: Die ergste van alles is, ek het toe ‘n vriendin ontmoet en toe het J ge”crack. My vensters kom uitslaan by my woonstel. En ek en die vriendin het besluit ons wil ‘n verhouding begin. X het in Denmar beland en nie lank daarna nie, het die meisie my ook verneuk met haar ex-“boyfriend”. Jy gaan nie glo nie, ek het haar weer ‘n kans gegee.

R: Wat het jou laat besluit om haar nog ‘n kans te gee?

PB: Ja, wat ek vir jou hier kan sê is dat ek glo elkeen verdien ‘n tweede kans en ek glo dat mense kan verander. En ek glo dat uit ‘n geloofsoogpunt mense maak foute, dit kom van Satan se kant af. Ek dink hierdie goed het gebeur met my want ek dink Satan wou my “kattaza” van die begin af. Ek’s goed in my werk, en ek doen ‘n goeie diens vir die gemeenskap en dit werk teenstrydig met wat hy wil hê vir my. Ek glo dit, ek’s nie ‘n vreeslike diep Christen nie, maar ek glo en so aan. Ek kan nie regtig vir jou sê nie en jou vraag regtig beantwoord nie.

R: Hoe het jy oor jouself gevoel?

PB: Ek, het aanvanklik gevoelhoekom? Is ek onaantreklik? Is ek regtig so ‘n moeilike mens? Maar wat my uit daai gedagtegang uitgegooi het was dat die meisie was nog nie regtig uit daardie verhouding uitgewees nie. En jy weet, sy het saam met die ou geslaap toe ek op ‘n kerk-kamp was. Dit was vir my baie erg. Die manier hoe ek en hierdie meisie ontmoet het was half “meant to be”. Voor ek haar ontmoet het, ek het my voorgestel aan haar, twee jaar vorentoe, het ons mekaar raakgeloop en ek het haar gevra om vir my ‘n hek oop te maak en sy het dit onthou. Ons het altwee dit onthou. Ek weet nie, daar was net ‘n “spark” gewees, reeds daai dag, ek kon dit onthou en sy kon dit onthou. Dis hoekom dit vir my spesiaal was. “Besides”, ek kon lekker met haar gesels en ek weet nie maar....dit was net “magical” gewees. Veral na J en sy wat ons uitmekaar uit probeer dryf op daardie stadium, en die outjie wat sy gehad tot nou toe na 8, 8 en ½ maande –het die outjie nog nooit regtig opgehou nie want sy werk vir die outjie se pa, verstaan jy, en hy werk ook daar so dit is ...moeilik vir haar.

PB: Jy sal nie glo wat se inhalige mens hy regtig is nie en dis nie omdat hy saam met haar geslaap het nie. Sy’t besef sy het ‘n fout gemaak, dis hoekom sy die outjie aanvanklik gelos het en dit was ‘n oomblik waar hy nog probeer het om haar totaal en al te wen en hy’s ‘n ongelooflike manipulerend klein stront. Almal in die dorp sê so maar dit maak nie vir my saak wat hulle sê nie. Maar dis wat ek al ervaar het, die nonsens wat hy my al gegee het en die kyke wat hy my gee soos ek en hy by mekaar die dorp ry né..... Ek weet daar’s ‘n verskil tussen my en hom. Hierdie outjie

T né is 'n klein “spoilt brat” wat nog nooit in sy lewe regtig gewerk het vir enige pond botter nie, pappie stop him in. Dis daai tipe klas van mens maar dit maak nie saak nie, dis hoe hy is ek “worrie” nie daaroor nie. Hy't haar dronk gemaak... ek glo dit is die verduideliking wat sy gee, ek moet haar maar net die “benefit van die doubt” gee, alhoewel ek nie weet of dit regtig is wat gebeur het nie. Ek dink dit was net die regte plek op die regte tyd en sy het nog steeds in 'n mate gevoelens vir hom gehad en hulle het saamgeslaap. Sy was baie spyt blykbaar na die tyd gewees, ok, maak nie saak nie.

PB: Van daai dag af het dinge rof gegaan met ons verhouding, maar ek en sy het saam 'n besluit geneem dat ons gaan deur hierdie ding werk. Ek het gesê, jy weet, “Ok!” maar ek wou eers nie aangaan nie. My ma het vir my gesê dat sy dink die meisie verdien 'n tweede kans”. Ek sê toe: “Vir wat?” Toe sê sy hulle weet nie dis net hulle gevoel en die meisie het mooi met my ma gaan praat daaroor en sy het gevra dat my ma my moet vra vir nog 'n kans want ek wou nie regtig nie verstaan? Maar ek is basies...ek sal nie sê ...maar ek het basies kan ek sê besef maar ok, ja!, dit sal regverdig wees, maak nie saak wat sy gedoen het nie. Ons kom altwee uit twee verhoudings uit en dit was dalk 'n bietjie vroeg wat ons mekaar weer ontmoet het en ons was dalk nog nie heeltemaal reg gewees nie maar ek sê toe “what the hell, hier is ons nou, kom ons werk daaraan, kom ons kyk wat gebeur”.

PB: Daar gaan nie 'n dag verby wat ek nie dink daaraan nie. In die begin het ek dit in my geestesoog gesien nie soseer die gedagte nie, meer ek wonder net hoekom? Hoekom moes dit met my gebeur. Hoekom gebeur dit, wat doen ek? Weet jy wat, ek is nie skaam om vir jou te sê nie toe ek en J uitmekaar uit is né...ek vertel jou, het ek saam met baie meisies geslaap. Ek dink dit het in 'n mate my selfbeeld...ek sal nie sê, ek het soseer daardie fisiese drang gehad nie, ek het 'n drang tot toenadering gehad en gesoek. Ek wil sê dit het my in 'n mate gered in die sin van ek het nie meer daardie gevoel gehad van ...ek het op 'n stadium gedink...ek is onaantreklik En toe sien ek “wow”, meisies het my begin sms. Ek het begin sien maar “jy het life...there's life outside” en op die einde van die dag, het dit my goed gedoen en ek het E ontmoet en daar was “sparks” en dit was lekker en daar het nou dinge gebeur tussen ons wat nie moes gebeur het nie, jy weet “boyfriend” en sy het 'n “fling” gehad en so aan en hy het probeer tot vandag toe nog om haar terug te kry en dis 'n vreeslike storie met die mense by die werk en ag, dit het nog nooit regtig opgehou nie. Toe ek haar ontmoet het het ek gedink hierdie keer gaan ek nie met die verhouding werk toe nie ens. m.a.w. al die foute wat ek gemaak het in die verlede goed wat ek nie altyd geglo ek doen nie het ek begin besef...of dit so is, of dit nie so is nie, ek sal op die uitkyk wees daarvoor en ek gaan nie laat dit dan wel plaasvind nie, ek gaan probeer dat dit nie plaasvind nie soos as ek sê, ek is humeurig, plaas van om 'n argument te soek gaan ek eers afkoel en dan jy weet, afkoel en dan kan ons praat daaroor.

PB: Ek wou net gehad het alles moes “Schumie” verloop. Maar vandag sê ek nog steeds dat ...nog steeds, ek wonder of ek ooit iemand sal kan volkome vertrou. Om te kan sê, weet jy wat, jy het my nog nooit in die rug gesteeek nie. Selfs daar waar ek verkeerd was, het jy my nie te nagekom nie. Ek voel net eintlik, die mens behoort vertrou te kan word maar dis nie so maklik nie

R: Kom mense agter dat jy hulle nie vertrou nie?

PB: Jaaaa, ek dink in my lyn van werk, is dit as jy my vra, die beste ding wat met so persoon kan gebeur. Ek sal vir jou sê, ek is nie skaam om dit vir jou reguit te sê nie, ek is nie windgat nie, maar ek was nog altyd goed in my werk maar ek is nou eers goed in my werk. Pheew, ek is skerp hoor. Ek is ingestel...super!. Nie soseer op die verneuk tipe goed nie maar ...kan ek vertrou wat hierdie persoon vir my sê? Ek kan hoor wat jy sê, maar.... En ek weet dit, baie maal praat ek met myself, baie. Dan vertel iemand vir my iets dan sê ek :” O well” Hoekom kan ek nie net sê: “Haai weet jy wat, ek glo wat jy vir my sê!” En nie eers vir ‘n oomblik, net ‘n oomblik daaraan dink dat dit wat jy vir my sê, is nie so nie, jy weet?

PB: As ek ‘n spesifieke taak wil verrig en ek weet nie hoe nie, gaan vra ek nie net een persoon nie, ek kan tien mense gaan vra en ek het tien weergawes, en dan bou ek in elk geval my eie ding. Dis asof ek vat bietjie hier, bietjie daar né, wat nie verkeerd is nie, dis goed en ek bou ek my eie ding. Nou moet jy onthou, nou vat ek bietjie-bietjie by ervare mense, mense wat regtig....as daai ou vir my sê so, dan kan ek dit maar glo want dis al beproef. Weet jy hoeveel mense het ek al so in die gesig gevat. Nie moedswillig nie, dit gebeur ?net, ek kan net nie vertrou nie, ek kan net nie glo nie, ek moet gaan kyk of die son regtig skyn. Ek wens ek was nie so nie. “So what”, dis nou maar so, ek moet nou daarmee saamleef. Ek is net vreeslik bang dat dit die oorsaak sal wees dat ek en E aan die einde van die dag sal...ons sal dit nie maak nie. Want, weet jy wat, ek sal vir jou sê, dis hoe ek is. Ek kan nie vir jou vandag sê ek en E gaan dit deurdruk nie. Ek dink ek sal dit met enige meisie kan sê. Ek voel, ek begin ‘n ding maar ek kan dit nie eindig nie. Dit is wat dit aan my gedoen het. Ek weet ek kan ‘n verhouding begin, baie goed maar daai bangheid in my laat my foute maak, onbewus- “hoor hier, gaan jy regtig waar jy sê jy gaan? Is jy regtig lief vir my?” En ek moet ophou daarmee maar dis soos ‘n onwillekeurige spier. “As jy sê jy is lief vir my, hoor hier, is jy regtig lief vir my”. Ja, sy’s lief vir my. “Is jy?” Ek het nou net vir jou gesê, “Ek bedoel dit nie maar nou vra ek jou in elk geval, is jy regtig lief vir my” verstaan?

R: Hoe tree jou op in jou verhouding met E?

PB: Ek is nie rustig in die verhouding nie. Ek probeer dit regtig onderdruk want ek dink regtig ek het gevoelens vir hierdie meisie, sterk gevoelens. Gevoelens wat ek gehad het wat ek verloor het en wat ek weer opgetel het met haar. Ek wonder, ek wonder regtig baie maal. Ek weet nie of ek haar kan vertrou nie Ek probeer baie hard, maar dis amper....ek wil nie vir myself sê dis onmoontlik nie, want as ek vir myself sê dis onmoontlik dan wat sê dit?. Ek wil glo daar is..hoop. Nie net van haar kant af nie maar wat sy vir my sê; “maar hoekom vertrou jy my nie?” “Kyk wat het gebeur?” “Verstaan jy wat het gebeur? Werklik?” “Verstaan jy waardeur ek gegaan het. Jy het van die begin af gewees waardeur ek gegaan het. Jy het nogal eens vir my gesê jy kry my jammer, nie dat ek wou gehad het jy moes my jammer kry nie maar, ek is jammer dit moes moet jou gebeur het, watter vrou doen dit. En? Toe doen jy dit. Verstaan?” Ek wil hê dit moet werk maar ek sukkel om oor dit te kom, omdat dit hou vir my verband, amper, met my vorige gebeurtenisse.

PB: Maar jy gaan nie glo hoe dit ‘n mens verander nie. Ek het bv. beseft, kyk ek kan nie agteroor sit laat die wêreld verby my gaan nie As ek nou moet besluit om weg te beweeg van haar, sal dit vir my swaar wees, maar ek het vir

myself gesê; “daar’s nie ‘n manier...” en dit het niks met die seksuele kant van sake te maak nie, “daar’s nie ‘n manier dat ek ‘n week sonder ‘n vriendin gaan wees nie. Ek dink dit, ek glo ek het ‘n maat nodig om my te ondersteun. Ek soek dit nie by ‘n man nie. Ek soek dit by ‘n vrou. Ek wil net gelukkig wees, en ek sal dadelik weer begin uitgaan want dit...snaaks genoeg, hoe vinniger jy weer op die fiets klim nadat jy afgeval het, hoe beter is dit vir jou. En ek het dit ook vir haar gesê: “Jy moet weet as ek en jy uitmekaar uit moet gaan, moenie eers dink jy is die enigste meisie nie. Ek sal nie weer ...en ek wil nie weer deurmaak wat ek met J deurgegaan het nie. Ek kon nie glo dit gebeur met my nie. En ek dink dit het baie te doen met my pa en ma se geskiedenis. Ek het altyd vir J gesê: “Ek wil nie soos hulle wees nie. Ek gaan gelukkig wees en kinders hê en...”surprise”!. Dis toe nie so nie.

R: Wat is die aard van jou verhouding nou met jou gewese vrou?

PB: Ons is nog op “speaking terms”, sy is nog steeds bitter Sy het ‘n “boyfriend” – ek praat glad nie voor haar van hom nie. Van tyd tot tyd, loop ons mekaar raak en dan praat ons. Dit is wat vir my lekker is. Ek en sy kon nog altyd lekker praat, “chat”, nonsense en... nou die dag toe ons mekaar kry voor die polisiestasie toe staan ons en gesels vir ‘n hele ruk. So ons gesels met mekaar maar ek wil nie, want sy praat van haar nuwe “boyfriend” en as sy praat dan praat sy van...J het ‘n sms na my foon toe gestuur. “Please call me”. Ons moes voor dit praat oor die mediese fonds maar ons kon nie want sy moes Denmar toe gaan en sy kon nie betaal nie, sy sou dit uit haar sak moes betaal. Maak nie saak nie. Toe het E haar gebel, toe het hulle in mekaar se hare gevlieg en toe het sy vir E gesê: “Moenie worrie nie, ek loop nie terug na my “leftovers” toe nie. Ek was lekker kwaad gewees daarvoor hoor, want ek voel ...sy het my nie ge”drop” nie, alhoewel sy eintlik het, voel ek nou, ek het haar gelos, want net die woorde; “Hoor hier, ek is klaar met jou” was vir my die kwessie van, ek het haar ge”drop”. Die feit dat sy teruggehardloop het, het dit regverdig en dit is nie regtig so nie maar dit het my nou laat beter voel oor die hele situasie

PB: Ek het vir haar nog gesê: “Luister, ek wil nie met jou praat nie as jy oor jou “boyfriends” praat nie. Dit het met my niks te doen nie. Maar kom sy net weer terug en dan praat sy net weer..en dan sê ek “ek wil nie hoor daarvan nie”, so asof dit my nogal pla om te hoor daarvan. Ek voel eerder, ek wil nie daarvoor dink nie. Partymal wonder ek...of ek jy weet..... heeltemaal van haar ontslae is Ek dink ek is oor haar, maar ek dink daar sal altyd bietjie gevoelens wees. Ons is vriende, ons is nie vyande nie maar ek sal nie by haar gaan koffie drink nie Ek sal as daar dalk mense is wat ons saam geken het wat sou oorkom, sou ek nog steeds kon gaan. Daar is sekere dinge wat ek nog met haar sal kan bespreek en sal wil en sy ook, wat sy nie regtig met iemand anders kan bespreek nie. Sy kan eintlik, maar daar is sekere dinge wat ek net beter verstaan en sy ook. Maar ons weet waar staan ons met mekaar. Dis “weird”.

R: Hoe hanteer E jou verhouding met J?

PB: Wat my bietjie pla is die meisie bring baie goed van die verlede op. Praat baie van J. Ek het vir haar gesê; “Luister moenie”. Want ek is op ‘n stadium in my lewe op 28, waar ek nou al besef kyk, ek het nie tyd vir nonsens in my lewe nie, wil ek vergeet van die verlede. Ek dink regtig waar....ek het al gepraat daarvoor dis nog in my onderbewussyn en so...maarek sal dit nie kan uitvee en so nie maar ek het nie nodig dat iemand my daaraan

herinner nie. En dit probeer ek baie hard n haar inkry, om dit nie te doen nie. Maar sy sukkel ook partykeer. Want sy sit ook maar met “baggage”. Sy sê dit ook, sy sit met “baggage”

R: Sou jy dit anders gedoen het as jy nou sou terug gaan?

PB: Nee, want jy kan nie besluit wat jy gaan doen nie. Daar is fases wat jy ongelukkig, ongeag wie jy is, jy sal daardeur gaan. Ek dink die mens is net maar te dieselfde, alhoewel ons verskillende mense is, bly mens nog steeds ‘n mens. Jy gaan reageer...dis nie altyd presies hoe ander gaan reageer nie, maar die fases waardeur jy gaan is dieselfde. Om eerlik vir jou te sê, ek dink wanneer jy deur so ding gaan, is dit nie jyself wat jou daardeur trek nie Behalwe uit ‘n geloofsoogpunt, want ek nie oor gaan ingaan nie, is dit daai.... “instinct”amper soos ‘n “survival instinct” wat jou vat van fase na fase tot by die aanvaardingsfase. Nou, dit klink asof ek die boeke gelees het. Ja, ek het dit eendag gelees maar dit is so, want ek het dit gelees en ek het dit geïdentifiseer. Toe sien ek maar ek was in daai fases gewees. Jy word net deur dit saamgesleep en ek dink jy kry sterk mense en jy kry swak mense. Mense wat swak is, bereik nooit die aanvaardingsfase nie, maar deur die res sal jy gaan. Ander kom bo uit, ander val. Ek was gelukkig gewees, ek kon deur dit werk. Ek het baie sterker geword. Ek is nie bly dit het gebeur nie maar, jo, ek het baie sterker geword as gevolg daarvan.

PB: Maar dan sê ek ook: “Pasop!”, want dit is wat jy wil glo . Dat jy met enigiets kan “cope”. Kyk ek verstaan enige ding, ek is nie “untouchable” nie maar kyk as ek deur dit gegaan het, dan sien ek kans vir enigiets. Ek sê net, ek het gedink daaraan en my gevoel daaromtrent is, ek moet versigtig wees want , ek dink elke situasie is anders en enigiets is moontlik. Weet jy wat,ek is dalk te jonk om te dink aan my ou dag maar ek dink ‘n ou wil tog maar begin “settle. Ek het baie vroeg in my lewe begin jol en te kere gegaan. Ek is gelukkig eintlik op die stadium van die geveg, nie meer regtig ‘n joller nie. Ag, ja, ek drink ‘n dop en ek kan lekker uithaak as ek wil op ‘n party, maar jy weet, ek gaan nie mal elke dag nie. Ek het net vir myself gesê, ‘n ou wil iets hê teen die einde van die dag . Ek wil myself nie onkant vang nie en ek wil nie hê iets moet my onkant vang nie. Die oomblik wat jy dink: “As ek deur dit was, dan kan enigiets maar kom” weet jy wat gebeur? Jy verslap en jy’s nie voorbereid nie, jy’s half uit oefening uit, nie uit oefening uit nie, jy verstaan wat ek bedoel?

R: Is daar nog iets wat jy wil byvoeg, wat vir jou ook belangrik is?

PB: Nee, nie regtig nie. Ek dink ek het meer inligting vir jou gegee wat ek regtig gedink het ek vir jou sou kon gee. Ek het intendeel gedink dat ek het in ‘n mate die dinge vergeet, maar weet jy toe ek eers begin....weet jy, eerlikwaar, ek kan in my geestesoo sekere “scenarios”....sien. Wys jou net, al wat regtig help...dis “only time”, dis net tyd wat aan die einde van die dag dit beter maak. Maar ek glo ‘n ou vergeet nooit regtig nie. Nee, ek het nie regtig iets wat ek vir jou kan byvoeg nie, maar as ek aan iets dink...!

R: Was jy op enige medikasie of het jy terapie gehad?

PB: Nee! Ek het vir A wel kom sien. Ek is ‘n vreeslike privaat mens. Ek glo absoluut aan privaatheid en ek is nie skaam om met enige een te praat daaroor nie. Ek was op ‘n stadium by H vir een sessie en hy het vir my gesê: “Ek

is nou die doem profeet vandag, ek sê vir jou nou, dit wat ek sien tussen jou en haar, gaan nie uitwerk nie”. Hy was reg! Nee! Nog nooit enige pille gebruik nie. En ek’s “flippin” trots daarop. Weet jy wat? Party mense soos J.....sy’t hierdie.... ek noem dit “vok jou” pilletjies gebruik. Toe sy van Denmar afgekom het, toe het sy my gebel en toe praat sy met my. Toe sê ek vir haar, “Weet jy wat? Watse pille het jy gedrink? Ek ken jou en dis die eerste keer in my lewe wat ek jou so hoor praat”. En dit was ook vir my ‘n “eye-opener” gewees en ek het nie bottel toe gehardloop nie. Ek dink ek’s gelukkig, regtig.

EINDE VAN ONDERHOUD

APPENDIX E

INTERVIEW : PARTICIPANT C – 16/02/05.

R = Researcher

PC = Participant C

R: Wat beteken die woord “betrayal” vir jou?

PC: Ok, verraai...oneerlikheid, onbetroubaarheid, breek van vertrouwe basies.

R: Wat was jou ervaring van “verraai, breek van vertrouwe”?

PC: Basies was ek in die verhouding vir ses jaar, ons het saam gewoon en ek was op ‘n kursus laas jaar Augustus/September in Paarl en...toe ek terugkom, toe het X, dit is sy naam, X uitgemaak. Basies wat hy gedoen het, hy het vir my ‘n sms gestuur en gesê daar’s vir my iets in die laaikas, toe is dit ‘n brief om te sê, hy breek die verhouding en hy is toe weg na sy ouers toe. In die brief het hy net gesê dit werk nie vir hom uit nie en so aan en toe het ek omtrent so week agterna uitgevind dat daar ‘n ander persoon betrokke is - een van my beste vriendinne se suster..... en in die maande wat nou verby is het ek uitgevind dat hy ander verhoudings ook gehad het. Tot nog vandag toe het hy nie erken dat dit so is nie, of om verskoning gevra of daaroor gepraat nie. Ons het basies in hierdie vier of vyf maande wat verby is, seker een keer met mekaar gepraat, wat ek hom basies gedwing het tot konfrontasie.

R: Het jy dit ooit tydens die verhouding so iets agtergekom?

PC: Weet jy,...daar was stories. Nou ek is een van die ouens, ek reageer nie op stories as ek nie feite het nie, en as ek feite het dan wil ek datum, tyd en plek hê, as mens dit so kan stel. So daar was stories van een persoon en ek het haar gekonfronteer en sy dit ontken, maar dit het toe nou uitgekom dat hy wel ‘n verhouding met haar gehad het. So daar was stories, en ek het hom ‘n kans gegee om uit te kom met die feite maar hy het dit heeltemaal ontken. Voor ek met hom begin uitgaan het, voor ons verhouding begin het, het hy ‘n verhouding gehad met ‘n getroude vrou ja, so die tekens was daar, maar mens..... Ek sê altyd vir A as ek nie glo mense kan verander nie, dan sal ek nie die werk doen wat ek doen nie. Ek het vir hom die kans gegee om homself te bewys, dat hy verander het en hy het bewys dat hy nie verander het nie.

R: Dink jy jy sou iets anders gedoen het in retrospek?

PC: Nee, ek dink dis sy persoonlikheid. Ek kon seker nie betrokke geraak het nie as ek regtig wou. Ek kon nadat

ek hierdie vrou gekonfronteer het, besluit om die verhouding te beeindig. Die hele proses anders bestuur het of hom miskien meer gekonfronteer het. Hy is nie lief vir konfrontasie nie.

R: Wat was vir jou aantreklik van H?

PC: Weet jy hy is 'n polisie beampte maar hy was nie 'n deursnee polisie beampte. Hy't baie goeie kwaliteite ook, hy's vas op die aarde, hy's intelligent, party mense het vir my gesê hy's aantreklik maar, ek het nie regtig daarna gekyk nie. Hy's 'n Christen, hy't ook 'n baie goeie humeur, hy's 'n persoon wat gee, hy is 'n warm persoon so hy het baie goeie kwaliteite ook gehad. Ek dinkmens hou van hom of jy hou nie van hom nie. Hy't half hierdie gawe om jou voete onder jou uit te slaan. Te bederf.

R: Hoe voel jy nou oor jouself?

PC: Sjoe, ...ek het redelik deur 'n stadium gegaan waar ek nie van myself gehou het nie – ek dink 'n reaksie lok 'n teen-reaksie uit, so... ek dink ek het goed gesê wat ek dalk nie moes gesê het nie maar waarom ek nie spyt is nie. En ek het sleg gevoel oor myself, oor wat ek gedoen het omdat ek geweet het ek kon miskien op 'n stadium hom verloor het, deur hom te konfronteer as ek regtig wou en oor ek wou nie. So ja, my selfbeeld het 'n redelike goeie knaak weg, 'n redelike goeie knaak weg ook want ek vertrou niemand nie...behalwe mense wat baie naby aan my is en wat ek baie goed ken ...en... daar het ek ook “betrayal” beleef . Ek bedoel, my beste vriendin se suster, sy het vir my goed weggesteek, so ek het baie vriendskappe ook verloor, so oor die algemeen, vertrou ek selfs vriendskappe nie.

R: Kommentaar oor ervaring van “betrayal” raak dus nie net verhoudings met mans nou nie.

PC: Nee, dis reg ja.... dit was nie net X nie. Dit was miskien vir my die moeilikste in die hele situasie. Dit was nie net een persoon nie dit was die persoon met wie hy betrokke was se suster. Ek sien haar elke dag, sy is 'n vriendin van my. Dis 'n ander goeie vriendin wat ek 10 jaar geken het wat **geweet** het hy is in die betrokke verhouding. Ek neem hulle kwalik want ek voel as jy regtig vriende is met iemand...ek weet nie...as ek in hulle situasie was maar....ek voel ek sou gesê het: ”Hoor hier D, jy moet dalk net kyk.” Ja, so ek het nie 'n baie goeie verhouding met hulle nie.

R: Het jy nog kontak met hulle?

PC: Weet jy, ek het vir hulle gesê ek verwag nie van hulle om te kies nie, ek sal liever dan half uit die vriendskapsverhouding uitstap ten einde hulle dalk nog kontak met X wil hê, waarom baie mense my al kwalik geneem het. Ek wil nie die “victim” wees nie maar jy hoor wat ek sê? So ek het die keuse gemaak om kontak met hulle te breek i.t.v. ek gaan nie na hulle huise nie en so aan, want dis mense saam met wie ek werk so ek sien hulle by die werk en....die vrou se suster het na my toe gekom en ons het die dinge uitgepraat en uitgesorteer en ons is weer op “speaking terms”, maar ek wil net nie weer betrokke wees nie.

R: Het jy en X gepraat oor trou of ‘n toekoms saam?

PC: Ons het gepraat oor trou en daar was ‘n verloofring gekoop en ons het “toekoms” gepraat, ja. Met H, jy weet, hy het gepraat daaroor, dit ge”mention”, die moontlikheid en so aan maar ek het nooit gedruk om iets nie, verstaan jy? Almal het vir my gesê maar na ses jaar saam wanner trou julle, maar dit was vir my ok. Ek wil nie hê nadat ons twintig jaar getroud is nie, H moet vir my sê: “Jy het my in ‘n blik gedruk, ons moes trou” verstaan jy? Dis nie waarom ek ses jaar lank in die verhouding was nie.

R: Dink jy die feit dat julle ses jaar saam was het ‘n verskil gemaak aan jou ervaring van “betrayal”?

PC: Ek weet nie. Ek het vir C gesien in Y en hy het vir my gesê, ek is nog steeds saam met hom, ek gaan basies deur dieselfde goed wat ‘n persoon deurgaans met ‘n egskeiding en....ses jaar is lank... en dit was ‘n “committed” verhouding, ons het ‘n “commitment” gehad verstaan jy? Ja....ek weet nie, ek is ‘n baie emosionele mens, ek raak nie halsoorkop in verhoudings betrokke nie, so ek dink op ‘n ander vlak sou dit miskien vir my net so erg gewees het, ek dink as dit net **ses maande** was byvoorbeeld, sou dit miskien vir my net so erg gewees het. Die groter verskil is miskien dat ek.... nie so betrokke sou raak by sy familie nie.

R: Kan jy asseblief beskryf wat deur jou gedagtes gegaan het en hoe jy gevoel en reageer het toe jy die brief gelees het?

PC: Ja.....Ek was baie geskok gewees ...ek dink ook oor die manier waarop dit gedoen is en ek was **ongelooflik** kwaad, verskriklik kwaad, **woedend**. Dit is daai gevoel van jou lewe...jou wêreld het so inmekaar gestort tipe van ding. Wat doen ek nou, waarnatoe gaan ek, daai tipe vrae. Ook baie hartseer. Ek is ‘n baie onafhanklike persoon en so aan en op daai stadium wou ek gehad het iemand moet nou vir my sê waarheen om te gaan of wat moet ek nou doen. Ek wil nie nou alleen wees nie, ek moet nou na iemand toe gaan.

R: Wat het jy volgende gedoen?

PC: Ek het na een van my vriende toe gery wat in M bly en ja...die Saterdag daar gebly en eers die Sondag huis toe gegaan...ja...want ek kon nie terug gaan na die woonstel toe waar ons gebly het nie en ek het my oë uitgehuil vir weke lank.

R: Het jy weer daarna met X kontak gehad?

PC: Ja.....dit was..... die Donderdag voor die Saterdag gewees. Hy was by sy ma-hulle, hy het my net laat weet...hy het my gebel en gesê ek is in Y...kan ons maar praat? Jy wil nou blykbaar praat so ons kan maar praat. So dit was die Donderdag gewees.

R: Was daar ooit ‘n stadium waar jy gedink het aan die moontlikheid van versoening?

PC: Ek **wou** dit **nie** gehad het nie maar daar was ‘n stadium wat ek gedink het dat as dit sou gebeur sou ek dalk toegegee het, maar ek het ook vir myself gesê ek wil dit nie hê nie, ek gaan dit nie toelaat nie. Maar ek het so maand of twee nadat ons uitgemaak het deur ‘n stadium gegaan wat ek gevoel het, as hy **nou** instap en weer wou probeer, sou ek hom terugvat, en **baie** hard gebid: “Asseblief moenie laat hy hier instap nie”. Ja...maar ek het ook hierdie ding in my en ek besef ook dat ek dink hy op ‘n stadium gaan besef hy het ‘n fout gemaak, na ‘n ruk.

R: Wat moet gebeur vir jou om te aanvaar wat gebeur het?

PC: Weet jy, ek het aansoek gedoen vir ‘n pos by my ma-hulle en toe die onderhoud gekry maar ek het besef ek wil nie weg gaan nie. Hy het ‘n pos gekry in K so hy is einde Januarie....weg. So hy is nie meer in Y nie. Ek dink dit het bygedra tot die besef dat weggaan is nie ‘n oplossing nie. Ek besef ek moet myself uitsorteer. Ek dink ek het dit in ‘n groot mate aanvaar maar...kyk ek wil hulle glad nie sien nie. As ek hom in Y sien, dan kom kuier hy die naweek en ek loop hom in die Wimpy raak wat al gebeur het, dan gaan ek half aan die bewe. So ek weet nie...ek weet nie wat om vir jou te sê nie. Ek weet nie.....

R: Kommentaar oor dis “ok”, A is pas besig met die proses van verwerking. ” Hoe laat dit jou voel as jy besef jy gaan “half aan die bewe” in sy teenwoordigheid?

PC: Ja...ek wil nie hê hy moet besef ...ek wil hom nie toelaat om ‘n houvas op my te hê nie so ek dink as ek hom sien...dan is dit nog ...ek is nog in daai weerlose stadium van daar was ‘n stadium waar jy heeltemal gelukkig was saam met my en dan het jy’t momente waar jy nog aan rukke hier binne-in gaan. Maar as ek hom nie sien nie en ek hoor nie van hom nie en sulke goed, dink ek, ek is redelik ok. En ek gaan aan. Ek wil nie beheer verloor nie, ek is nie ‘n mens wat daarvan hou om beheer te verloor nie.

R: Vraag oor moontlikheid van volgende verhouding?

PC: Weet jy...ek dink nie nou daaraan nie. Ek het mans vriende maar dis vriende wat my al vir tien jaar ken. Ek het duidelik die lyne getrek. Vir my is dit op hierdie stadium ‘n kwessie van ek dink, wie ookal by my betrokke raak gaan ek onregverdig teenoor daai persoon optree want ek wil nie nou in ‘n verhouding betrokke raak nie voordat ek nie besluit dis ok nie. En ek weet nie op watter stadium kom mens by ‘n punt en dink dis ok, maar ek dink nie op hierdie stadium daaraan nie omdat ek voel **ek** is nog nie reg nie.

PC: Toe ek begin swot het, het ek baie vriende gehad maar ek dit daar gelos en geswot en klaar gekry. En toe ek in Y begin werk het, die man voor X.... ons het so drie jaar uitgegaan en hy het my verneuk met ‘n ander meisie. R het altyd baie gepraat oor trou maar ek het vir hom gesê nee: “Ek kan jou nie vertrou nie.... daar’s dinge wat nie vir my reg is nie so, dis nie eers vir my ‘n oorweging nie.... en hy het altyd vir my gesê, ja, ek moet hom vertrou en toe het ons ‘n maand uitgegaan..... so dit was belaglik. En net daarna toe ontmoet ek vir X en dit was basies asof dit

dieselfde verloop gehad het alhoewel X heeltemal die teenoorgestelde persoon was van R. Ek het half in die verhouding ingegaan maar ek was baie versigtig gewees.

R: Kan jy asseblief vir my meer vertel van “jy was versigtig gewees”?

PC: Wat gebeur het is.... ek **wou** nie gehad het, hy moet by my kuier nie en hy het my nog baie gespot daarvoor en hy het vir so ses maande geswoeg voordat ek vir hom gesê het, ok, kom ons kyk maar net wat gebeur want dis wat gebeur het en dis nie wat ek wil hê nie. Wat ek wil hê is: “Ek verwag van jou om eerlik te wees en betroubaar te wees en getrou te wees”... so hy het dit van die begin af geweet, so.. hy het ‘n paar maande gesukkel en hy het **vasegebyt** wat vir my ‘n goeie kenmerk was. Wat iets beteken het vir my basies en ek besef dit het nie vir hom iets beteken nie.

R: Was X se “vasbyt” onder uitdagende toestande amper soos ‘n waarborg vir jou dat hy hoor wat jy vra en daarby sal hou?

PC: Ja, dis soos jy sê dit was ‘n waarborg en dit was vir my....ek sal nie sê ‘n goeie teken nie maar dit was vir my positief dat hy, ten spyte van alles...en ek was regtig **mislik** met hom ‘n paar keer, ek het vir hom gesê: “Ek sukkel hiermee en ek bedoel nie om so uit te vaar nie maar dit is my redes, ek wil jou nie seermaak nie, verstaan jy ek wil nie hê dit moet onregverdig teenoor jou wees nie en omdat ek ‘n slegte ervaring gehad het, is ek paranoïes daarvoor” En hy het gesê, hy besef dit maar “dis ok”. Ek het vorige verhoudings beëindig en ek wonder baie keer of dit nie ‘n verskil maak nie, of jy die verhouding beëindig of dit vir jou of namens jou gedoen word nie? Ek het die vorige verhouding beëindig, dit was so April maand gewees en hy het so vasegebyt tot so November maand iewers, so dit was ‘n paar maande.

R: Het jy enige medikasie geneem gedurende hierdie tydperk?

PC: Nee, ek was nie nou op medikasie nie. Ek het wel eens op ‘n tyd bietjie “burnout” gehad en toe het ek Cipramil gebruik en vir C gesien en toe was ek in ‘n motor ongeluk waar my beste vriendin dood is en toe het ek ook medikasie gebruik. So.... dit was nou so agttien maande terug maar ek het besluit ek wil nie medikasie gebruik nie.

R: Was dit vir jou moeilik om hieroor met vriende te gesels?

PC: Toe dit gebeur het, het ek gery na my vriendin toe en net vir haar gesê wat gebeur het maar ek het nie rêrig gepraat daarvoor nie, ek het myself half bietjie geïsoleer. Ek is ‘n trotse mens in daai opsig....ek dwing ander mense om met my te praat. Dit was vir my maklik om met C te praat omdat ek gevoel het hy ken my van geen kant af nie, so ek kan nou maar net laat waai. Maar dit was vir my half moeiliker om met my vriende en familie te praat. Ek het vir my ma eers na die tyd vertel en ek het vir haar ‘n sms gestuur, ek het nie eers met haar gepraat nie. So dit was vir my moeilik. Dit was vir my erg as mense sien ek huil, jy weet as hulle sien ek is hartseer of so iets.

R: Dis moeilik as mense vir jou jammer is of lyk?

PC: Ja...ja....die vriendin met die suster..het die dag na die tyd na my toe gekom en gesê haar hart **breek** vir my en dit was vir my baie erg. Ek wou dit nie gehad het nie. Ek het net vir haar gese, ek wou nie gehad het hulle moet vir my jammer kry of .. pamperslang of ..iets nie en ek wou ook nie op 'n stadium gekom het waar ek gevoel het ek afhanklik van hulle was nie...maar ek wou gesê het wat ek gesê het. Ek vir haar **ook** gesê ek wil hê jy moet weet ek is kwaad en teleurgesteld in jou ek weet nie hoe ek jou weer gaan vertrou nie. Dit is die goed wat ek kwyd geraak het en wat ek ook graag wou gesê het. Ek het lank deur 'n fase gegaan waar ek niks leliks van X gesê het nie, glad nie, al het ek hier binne in my anders gevoel. As ek wou praat daarvoor was daar basies net twee mense en dit enigste twee was A en C. **Baie** van my vriende het vir my gesê, hulle kan nie verstaan nie, hulle besef X het fouteer, hulle weet al hierdie goeters maar ek sê nooit iets leliks van hom nie, maar ek kon nie. Maar dit was vir my moeilik.

R: Hoe het jy oor X gevoel of oor hom gedink gedurende daardie tyd?

PC: Ek weet ek was baie kwaad vir hom en ek het vir hom gesê toe ons gepraat het: “Weet jy,... jy kan nog vir my lieg, jy kan vir jou pappie lieg, jy kan vir jouself ook lieg as jy wil, maar jy kan nie vir die Here lieg nie. En die wiel draai , goed kom terug na 'n mens toe, goed or sleg, nie noodwendig sleg nie, goed **of** sleg. Ek bedoel, so sal ek seker ook die dinge wat ek kwyd geraak het moet verantwoord. Ek het vir hom gesê, hy moes eerder dood gewees het as om die verhouding te beëindig en dit was iets waarvoor ek baie skuldig gevoel het maar dis nie asof ek dit nou **wens** nie.

R: Verstaan ek jou reg as jy sê jy hoop vir “regverdigheid” eerder as wat jy wraak wil neem?

PC: Ja, ...sy ouers is net so bekommerd en hulle harte is net so gebreek oor ons ...maar....my grootste behoefte is ...dat sy dade openbaar sal word as ek dit so kan stel. En ek dink baie mense weet daarvan. Ek is half op hierdie stadium waar ek dink die mense wil niks met hom uit te waai hê nie. Want hy loop en vertel vir almal, ek is die kluts kwyd, ek weet nie waarvan ek praat nie maar ek bedoel...ek het bewyse ook maar nee, “sy het ge”crack”!!” So ek dink my grootste begeerte is dat die mense hom kan **sien** vir wat hy regtig is.

R: Kan jy asseblief vir my meer vertel van hoe jy nou oor jouself dink?

PC: As ek myself vang dat ek begin dink, dan voel ek so half dat ek negatief begin dink, dan wil ek half so begin dink ek gaan depressief raak. Ek voel ook nie **so** goed oor myself nie, nie **baie** positief oor myself nie. Ek voel al baie beter maar ...ek dink my grootste gevoel op hierdie stadium is vernedering. Ek is 'n trotste mens. En ek **dwing** myself om positief te dink en positiewe goeters te doen en weer sê.

PC: Ek het vir myself baie verander, ek is baie kort van draad en ek raak gou geirriteerd en ek is humeurig en ek raak **ongelooflik** gou kwaad. Dis nie ek nie, so daar is negatiewe goed in my waarvoor ek nie gelukkig is nie wat ek probeer verander maar “overall” dink ek ek voel op hierdie stadium nog nie so.... hier diep in myself.....mens vra mos

wat het jy verkeerd gedoen, is daar nie iets wat jy kan verander nie, moes ek nie minder of meer vriendelik gewees het nie of ek weet nie ... wat nie..mooier of leliker gewees het of ...ja....

R: Dit was vir jou verwarrend gewees om jou self-beeld te probeer herstel as jy nie “geweet” hoekom dit gebeur het nie.

PC: En ek het **pertinent** vir hom sulke goed gevra, ek wou reguit geweet het, is daar iets wat ek anders kon gedoen het, jy weet, vir “future reference”. “Is daar iets wat ek anders moes gedoen het?” “Nee, jy is ok soos wat jy is”. “Ok”. “Is daar iets wat ek **verkeerd** gedoen het?” “Nee, jy het niks verkeerd gedoen nie”. “Ok”. Ja...ja...wat is nou “actually” dan die probleem?. Sy groot rede wat hy vir my gegee het was hy sukkel met “commitment” en hy sukkel met die verantwoordelikheid wat gepaard gaan daarmee. Hy **wil** nie elke aand huis toe kom nie, hy wil nie daai goeters doen wat gepaard gaan daarmee nie, maar **as** hy nou eendag sou moes getrou het dan sou dit nou met iemand soos ek wees want ek is baie maklik **en** gemaklik **en** rustig en ...jy weet, al daai goeters so...ek het geen niks iewers nie waar ek kan begin van “actually” waar is die probleem behalwe dat die probleem heel waarskynlik by hom lê, in sy persoonlikheid. En “ek sien nie kans vir die verantwoordelikheid van “commitment” nie”,.....dit dra nie vir my gewig nie want wat gaan jy sê van ‘n verhouding van ses jaar in ‘n verhouding met iemand wees en op ‘n stadium dink aan verloof raak. Iewers in daai ses jaar moes hy dan dit genoem het en ons dit saam uitgewerk het. Hy kon iets gesê het soos: “Ek sien nie kans vir “commitment” nie, kom ons verbreek hierdie verhouding” of wat ookal so ja.....dit is vir my baie moeilik om dit te aanvaar, daai gedeelte. Dit maak nie vir my sin nie en ek glo nie dit was die rede nie.

R: Het X enige probleem met “commitment” in die ses jaar getoon?

PC: Weet jy, hy het gekuier dan en wan en dan praat ek so van elke twee, drie maande wat ek hom vir toegelaat het, as ek dit so kan stel. Hy het nie vir toestemming gevra nie, hy net vir my gesê hy gaan kuier by so en so, dan het ek gesê “dis fyn” dan gaan ek na ‘n vriendin van my toe of wat ookal. Hy is baie sportief, hy het elke aand muurbal gaan speel tot omtrent agt uur, halfnege, hy het in die oggende gaan “gym”, hy’t fiets gery so.....dit was nie goed waaroor ek ge”moan” het nie...hy’t basies gedoen wat hy wou. My enige voorwaarde was.. goeie maniere. “As jy nie by die huis kan wees nie, bel my”, verstaan jy? Dit help nie mens maak kos en niemand eet dit nie ...so hy het gaan kuier en ek het nie ge”moan” daaroor nie. Ek het vir hom daai ruimte gegee en ek het net vir hom gesê: “Jy gaan nooit weer in jou lewe iemand kry wat dit sal toelaat nie, want ek weet van geen vrou wat dit sal toelaat nie”, want hulle het vir my gesê wat doen hulle as hulle mans laat is **en** elke aand muurbal speel **en** elke oggend gaan gym **en** elke Saterdag gaan fiets ry ...so...in daai opsig het hy nooit regtig tekens gegee van... die lewens-styl pas hom nie of die tipe “commitment” pas hom nie, hy het nooit regtig ‘n aanduiding gegee van...dit pas hom nie. Ek dink die hele situasie het ons altwee gepas, want as hy nie daar was nie was dit my lekker in die sin van.... ek het geverf en so aan.

R: Hoe het hy jou laat voel terwyl julle in die verhouding was?

PC: Weet jy..... hy is in elk geval ‘n “nice” persoon. Ek het baie gemaklik gevoel by hom ek kon vir hom enige iets gesê het, wat gebeur het en...die drie maande wat ek by die huis was na die ongeluk het hy my fisies versorg, want my twee arms was gebreek, ek kon niks vir myself doen nie en hy moes my bad en aantrek en my hare

was en my gesig afvee en my tone room smeer en die verbande ruil en hy het my gevoer en al sulke goed so...dit was 'n baie gemaklike verhouding. Ek het goed gevoel, ek het ok gevoel en....gemaklik gevoel. En hy het my bederf laat voel. Ons het baie goed saamgedoen, ons het baie goed gehad wat ooreenstem wat ons saam kon doen, baie teater toe gegaan en baie gefliek, baie musiek geluister, daar was baie goed wat ons saam gedoen het ook.

R: Hoe moet jou ideale verhouding lyk?

PC: My ideaal is ek wil graag hê ons moet goeie vriende wees, eerste. Ek sê altyd vir my vriendinne as jou kinders eendag uit die huis uit is en getroud is en jy mekaar nog kan "tolerate", want as daar kinders nog in die huis is, gaan die verhouding meer oor die kinders of wat ookal al maar die verhouding gaan nie net oor die kinders nie ...so ja...ek dink vriendskap is baie belangrik. Baie belangrik ook vir my is regtig betroubaarheid, en getrouheid, eerlikheid ...sekuriteit is nie vir my 'n "issue" nie want ek is selfstandig. Ek bedoel, ek het my eie blyplek en my eie kar..so dit is nie vir my 'n "issue" nie maar die kameraadskap. Dit moet die een persoon wees met wie ek basies enigeiets kan deel, gemaklik voel in daai opsig ook.

R: Het jy en X dieselfde waardestelsels gedeel?

PC: Ek dink hy het my redelik om die bos gelei....Hy was op 'n stadium by 'n getroude vrou betrokke soos ek gesê het ..wat die omstandighede is sal ek nie weet nie maar.... om dit absoluut te bieg en dit met jou ouers te deel...ek dink dit vat nogal "guts" om dit te doen. Om vir my te kan sê: "Ek weet die Here het my vergewe". Nee, ek dink nie ons waardes het verskil nie. Soos ons gepraat het, het ek gesê ek hou nie hiervan en daarvan nie en hy het gesê dis hoe hy ook voel. In vergelyking met my **vorige** verhouding waar ons waardes **glad** nie dieselfde was nie.

R: Hoe dink jy nou oor jou verhouding met X?

PC: Ja....dit is vir my moeilik om nou te onderskei wat was werklik...was sy motiewe regtig om dit goed te maak of was sy motiewe om my oë te verblind. Maar wat was sy motief om my **oë** dan te verblind? Ek dink...ek weet nie... ek dink, dit wat hy gedoen het hy regtig opreg gedoen ook en ..waarom hy verkeerde keuses uitgeoefen het, weet ek nie. Ek dink hy is 'n baie beïnvloedbare persoon en dit is vir hom belangrik om aanvaar te word so.....as hy deur vriende aanvaar word deur middel daarvan om verkeerde goeters te doen dan is dit ook nou maar so, maar ek dink die goed wat goed was, was goed. Maar ek is ook daai tipe mens..ek het niks gesoek wat sleg was nie, miskien was dit 'n fout gewees. Maar mens fokus op die positiewe eerder as op die negatiewe, ek bedoel, dit help nie om jouself kwaad te hou of wat ookal. En die mooi goeters is daar.

PC: Ja....die "overall experience" was nie sleg nie. Dis net moeilik vir my om te verstaan....hoe kan mense hierdie goed in hulle brein vir hulle self uitwerk. Ek dink aan myself....mens sou dit aan my gesig kon sien...daar is geen manier dat ons ses jaar in 'n verhouding is en jy gaan dit nie agterkom nie Hoe is dit vir ander mense moontlik om hierdie lewens styl te handhaaf. Nou is ek by hierdie een, nou gaan ek gou-gou na daardie een toe. Kyk, ek weet nie....so...hoe hy dit vir homself in sy kop uitgewerk het weet ek nie.. tensy..ek weet nie..in ontkenning was.. ..en hy

is 'n baie emosionele mens ook...so dit maak dit vir my baie moeilik om te dink hoe het hy hierdie goed in sy kop uitgewerk.....dit verstaan ek glad nie.

PC: Ek weet nie of die antwoorde gaan vir my help om “closure” te kry nie en as ek dit gaan ignoreer nie. Ek maak dit vir myself uit, watter pad moet ek loop. Ek is nie 'n ou wat daarvan hou om goed te ignoreer nie. Ek voel half die goed moet bymekaar kom, maar mens kan nie altyd dit so hê nie. So, ek het dit nog hier binne-in my, die konfrontasie bui waar ek met hom dit wil bespreek en sê as jy net eenkeer die waarheid praat, praat nou die waarheid en kry klaar. So, ja...ek het dit nog binne-in my. Of dit gaan help...of ek hom aan die **praat** kan kry weet ek nie. Ek weet ook nie of ek nou **kans** sien om myself bloot te stel nie, ek dink dit sal vir my baie sleg wees, baie..dit was vier maande terug, so... ek weet nog nie...ek weet nie. Op hierdie stadium, neuk ek net aan.

R: Ons het so rukkies terug gepraat van 'n ideale verhouding. Nou wil ek vra, bestaan daar 'n moontlikheid van 'n gelukkige verhouding?

PC: Ek....ja...ek wil vir jou sê: “Ek moet dit glo”. Ek glo daar gaan 'n gelukkige verhouding wees. Hoe ek dit gaan kry en hoe ek dit gaan bestuur as ek die woord kan gebruik, weet ek glad nie. Ek weet nie of daar 'n ding soos 'n goeie **man** op hierdie stadium bestaan nie so...ek weet nie...ek weet glad nie. Ek gaan nie uit nie..ek is nie daai tipe persoon nie. Ek voel ek gaan nie na plekke toe om uit te kyk of ek 'n man kan ontmoet nie. So, ek wil graag glo ja, maar ek weet nie van nou nie.

R: Weet jy van mense wat gelukkige verhoudings geniet?

PC: Ja, daar's... een vriendin van my wat ek altyd as voorbeeld gebruik...wat ek nou al kan sien hulle is deur dik en dun. Hulle het met niks begin nie. En dis nie dat hulle net groei en dat dit met hulle goed gaan nie, ek meen hulle het ook hulle probleme maar ja...ek het vriendinne wat vir my wys dit is moontlik. My sussie selfs, deur al die swaarkry en alles, is daar 'n goeie verhouding.

R: Sou jy in die toekoms vir X ooit weer 'n kans gee?

PC: Soos wat hy nou is, nee en ek weet nie of hy regtig die potensiaal het om te verander nie, maar kom ons sê, hy sou verander...en op my voorwaardes, sou ek miskien kon sê ja, maar ek wil nie vir hom sê ok, jy moet verander op my voorwaardes nie, dit moet 'n ding wees wat hy wil.... regmaak. Soos wat dit nou is, al is dit twee, drie jaar later... nee. Ek bid nog op die oomblik: “Asseblief Here moet nie laat ek vir X terugvat nie” en dis waar ek omtrent nou trek en dit is vir my baie erg....ja.

R: Wat mis jy van die verhouding?

PC: Ek dink die feit dat ek alleen is. Ek het nie 'n probleem daarmee gehad nie maar ek beseft nou ek is alleen. Daar was altyd daai iemand met wie mens kan gesels of iets saam kan gaan doen..... ja... die alleen wees. Ek wil nie sê jy **het** iemand nie, maar daar **is** iemand, om iemand daar te hê.

R: Hoe het jou vriende en familie oor X gevoel?

PC: Daar is mense wat vir my gesê het hulle hou nie van hom nie as ek miskien kla oor iets waarvan ek nie hou wat hy doen nie, maar niemand het vir my pertinent gesê, los hom of... hy's verkeerd vir jou of wat ookal nie, dit kom alles nou uit. Hulle het net vir my gesê hulle hou nie van hom nie, hulle hou nie van wat hy doen nie, van daai deel van sy persoonlikheid nie.

R: Enige effek op funksionering by jou werk?

PC: Weet jy, ja. Ek het gister vir 'n vrou tjie, 'n kennis van my ...ons het so half gepraat oor verhoudings en so aanEk voel deesdae ek is half nie in die posisie om vir mense te kan sê hoe hulle hulle verhoudings moet bestuur nie. Ek kan 'n persoonlike baadjie aantrekek dink op hierdie stadium is dit vir my moeilik om vir iemand positiewe terugvoer te kan gee oor verhoudings, iemand wat byvoorbeeld vir my sal kom sê, my man het my gelos. Ek voel dit gaan vir my half makliker wees om 'n negatiewe opmerking te maak as om iets positief oor die verhouding te kan sê. Kyk na die boeke, hoe moet dit gedoen word. So ek dink my oordeelsvermoë in daai opsig het 'n knou gekry.

R: Wat doen jy om dit te hanteer?

PC: Ek hou my besig met goed wat vir my lekker is, werkswinkels is vir my lekker, ek doen sulke goeters. Ek is baie besig met goed regkry vir finansiële jaar einde en so aan. Ek konsentreer op goed wat vir my lekker is.

R: Bly jy nog in dieselfde woonstel?

PC: Ongelukkig ja, want dis myne. Dis was vir my sleg aan die begin maar ek het vir myself gesê, luister dis my plek, dis my goed en dis my diere. So ek het die tuin bietjie verander, ek het meubels rondgeskuif, so...dis vir my ok daarso op hierdie stadium. Ek probeer om dit nie te assosieer met H nie. Dit was van die begin af **my** plek gewees in elk geval. Hy het eers in die werk se woonstelle gebly so, dit was vir my moeilik, veral die eerste maand het ek elke aand by die een gaan kuier of daar 'n draai gery tot ek besluit het maar dis my plek en ek gaan daar bly.

R: Wat het jy verwag toe X sê daar is "iets" vir jou in die laaikas?

PC: Hy het vir my 'n sms gestuur. Wat gebeur het, is...hy sou my by die lughawe kom haal, dit was die Saterdag gewees. Hy het 'n boodskap gestuur van hy is nie met die kar daar nie, hy kom later met die motorfiets en toe ek by die hek stop toe het hy vir my 'n sms gestuur: "daar's iets in die laai". Toe ek die voordeur oopsluit toe lyk iets nie vir my lekker nie maar ek kon dit nie dadelik op daai stadium plaas nie. Toe ek die brief kry, toe besef ek maar hy het al sy goed basies gevat. Ek het nie regtig gedink wat om daarvan te maak nie, van die sms, dit kon 'n brief gewees het dit kon 'n presentjie gewees het maar ek het nie gekyk of iets negatiefs gesoek nie. Toe ek die brief lees en ek kyk rond toe besef ek, jy weet, dat daar van sy goed is wat weg is. Hy het die laaste week voordat ek teruggekom het, al sy

goeters gevat. So hy het vir my gejok enhy het baie beplanning gedoen terwyl ek weg was, “obviously” baie beplanning gedoen.

R: Hoe het jy oor X gedink op daardie stadium?

PC: Ek het gedink hy is baie lafhartig want my eerste reaksie was dis nie die manier om ‘n verhouding van ses jaar te beëindig nie. So, my eerste reaksie was...hy is baie lafhartig waaroor ek geskok in hom was, ek beskou hom as ongelooflike lafhartige persoon. Wat ek onmiddellik gedink het was i.t.v. “ok”, hy is bang vir konfrontasie. En toe.....maar ek moet nou by iemand uitkom anders gaan ek dit heeltemal verloor. My vriendin in V was bang ek gaan iets “stupids” aanvang. Ek glo nie dit was ooit moontlik nie. Mens gaan deur ‘n fase van ek wens ek was liever dood of dit sou beter gewees het as ek dood was en sulke goed maar... ek glo nie ek sou iets “stupids” aanvang nie. Weet jy wat né, ek wil nie fotos onder sulke omstandighede van my laat neem nie ☺. Ek het sulke fotos gesien, in my werk kry mens partykeer daarmee te doen en dis nie mooi nie. My eerste reaksie was, ek moet nou net by iemand uitkom, so vinnig as moontlik by iemand uitkom. Ek weet nie waarom nie, dit was nie ‘n geval van: “Ek moet iemand bel sodat hulle my moet oppas nie, of my net veilig hou nie”, dit was meer ‘n tipe gevoel van...daai alleenheid. Jy weet ek was in die Kaap vir ‘n hele paar weke op ‘n kursus, ons het mekaar glad nie gesien nie so hierdie was die laaste ding wat jy gedink het.

R: Het julle kontak gehad gedurende die tyd wat jy weg was op kursus?

PC: Ja.....ek het op ‘n stadium nogal baie verlang....hy verlang nie vinnig nie, hy verlang later so tyd moes net verby gaan so..ons het baie met mekaar gepraat. Sy sussie bly in Stellenbosch so ek het haar elke naweek gesien en ek het met sy ma gepraat en met sy boetie gepraat en met die vriendin gepraat so...dit het normaal verloop. Ek het nie opgetel dat daar iets aan die gang was nie. Jy weet, jy gaan nie op kursus en dink my man of vrou gaan ontrou wees nie en sulke goed nie tensy jy ‘n gevoel gehad het, so....ek het nie agtergekom of eers daaraan gedink nie.

R: Kan jy nou dink aan ‘n oomblik of oomblikke van “betrayal”?

PC: Terwyl ons in die verhouding was, was dit half ‘n kwessie van waar sou hy tyd gekry het? Maar ek bedoel mens maak tyd vir sulke goed en as ek nou daarvoor terug dink dan dink ek by myself dit kon in daai tye gewees het van ses- tot halfnege, hy hoef nie noodwendig muurbal te gespeel het nie, maar soos ek daarvoor terug dink dan dink ek ja, daar kon oomblikke gewees het en toe hy sy “barracks” kamer gehou het as stoorkamer, maar....verstaan jy, so daar was plek ook. So as ek nou daarvoor dink dan kan ek dink ja, daar moes sulke oomblikke gewees het, “obviously”. Ek bedoel, die vrou bly drie blokke van my af...en iemand moes hom gehelp het om al hierdie goed gereël te kry en uit te voer.

R: Was dit vir jou beter om ingelig te word deur jou vriendinne toe jy terug by die huis was?

PC: Ek sou verkies het dat hulle my gesê het terwyl ek op kursus was. Hulle wou dit nie gedoen het nie want hulle wou my vertel as ek by die huis kom en dan kan ek daarvoor dink en besluit wat gaan ek daaraan doen, my half

voorberei daarop. Dit is vir my 'n antwoord, dat ek uitgevind het. Ek sou in elk geval uitgevind het, maar dis vir my 'n antwoord, verligting. So, dit maak dit net daai "waarom?" bietjie meer verstaanbaar. Die groot "waarom" verstaan ek nog nie maar met tyd, hopelik sal ek dit soos tyd aangaan, verstaan. Ek is 'n persoon wat baie dink en analiseer en tob oor die hele situasie so as ek dit nie geweet het nie dink ek sou ek vir myself baie meer skade gedoen het in terme van "Waarom het die gebeur?"; "Wat het ek verkeerd gedoen?" "Was ek 'n slegte persoon?", of al sulke goeters maar ek sou as ek nie geweet het nie nog lank daarvoor getob het en gedink het daarvoor. Dit sou vir my **ongelooflik** traumaties gewees het om hom saam met haar iewers te sien of raak te geloop het, want die eerste keer wat ek hulle saamgesien het, was al klaar vir my traumaties gewees.

R: Het jy dit geglo toe jou vriendin jou vertel het daarvan?

PC: Ja, ek het dit geglo, ja. Die bron is baie kredietwaardig en sy het reeds vir haar man vertel. En die ander ding is...ek het dit onmiddellik uitgevind by ok, 'n paar mense wat ek ken. En die stories wat ek al gehoor het, het X alles behalwe die waarheid gepraat. Die **persoon** wie dit is, was vir my moeilik om te glo omdat ek haar ook geken het, en jy weet, sy stel haarself in 'n eerlike, betroubare lig, so dit was vir my moeilik. Alhoewel hy dit ontken het en nog steeds. Hy kan dit nie ontken nie, ek het hulle saamgesien maar hy ontken dat hulle mekaar gesien het, jy weet, in die tyd wat ek op kursus was.

PC: Sy pa het my die Dinsdag gebel en hy het my spesifiek gevra of is daar ander vrouens betrokke? En dit was vir my 'n vreemde vraag. Dit was voordat ek nou regtig die bevestiging gekry het, wat vir my 'n aanduiding gegee het ek dink hy redelik weet waartoe sy kind in staat is. Ek het net vir hom gesê, ek weet nie, so ek kan nie vir jou sê waarvoor dit eintlik gaan nie, maar daar is gerugte. Sy pa het vir my gesê ek moes al drie jaar terug gegaan het, dit was sy woorde en hy het vir my gesê: "D, dit is moeilik vir 'n pa om so iets te sê maar, as jy my kind terug vat gaan ek kwaad wees vir jou, want jy verdien dit nie". Ja, so wat hy eintlik ook vir my gesê het was dit wat sy kind gedoen het het nie sy goedkeuring weggedra nie en dat hulle regtig gehoop het dat hy sou stelselmatig verander het, maar hy het nie.

PC: En ek het vir hom daardie tyd gesê..."As jy by 'n getroude vrou betrokke kon geraak het, watse waarborg is daar dat dit nie weer gaan gebeur nie? En hy het vir my gesê, hy besef dat hy 'n fout gemaak het en hy het baie mense seer gemaak. Hy het sy ouers teleurgestel hy sal nooit weer in sy lewe so fout maak nie, mens maak nie weer so fout nie en...vergifnis gevra en al daai mooi goeters. Ek vra vir myself af, as hy daai goed vir my gesê het is dit omdat hy gedink het dis wat hy wou gehoor het of het hy dit regtig bedoel? Op daai stadium het ek dit geglo...hy het sy oë uitgehuil en **berou** getoon as ek dit so kan stel, so ek het hom geglo, dat hy die waarheid praat. Maar nou as ek daarna terugkyk dan wonder mens of het hy dit regtig bedoel.

R: Hoe het X gereageer toe jy hom die eerste keer konfronteer oor die moontlikheid van ander verhoudings?

PC: Kyk, die een keer wat ek hom gekonfronteer het, het ek vir hom gesê, weet jy, ek weet watse tipe mens sy is, dat sy haar man om elke hoek en draai kon verneuk het as sy die kans kry en dat daar **geweldig** stories is en...hy het

vir my gesê maar daar is nie 'n manier dat hy by so iemand betrokke sou raak nie want hy hou nie van haar nie en sy rook en hy hou nie daarvan nie en al sulke goeters...en hy weet ek hou nie van haar nie maar hoekom sal hy nou weer in sy lewe weer dieselfde fout maak? Ja, so...nou ek vertrou hom so ek wil nie sy woord in twyfel neem nie en ek het nie sy woord in twyfel geneem nie. As ek nou daaroor terug dink, dan het hy vir my gejoj.

PC: Ek dink hy's hoogs intelligent en ek dink hy het geweet wat om vir my te sê. En hy het ook gesê dat ek weet hy hou nie konfrontasie nie. Hy is die tipe persoon wat as jy hom in 'n hoek indruk of konfronteer, dan trek hy weg, jy kry net **niks** uit hom uit nie. So hy het geweet ek weet hoe vêr ek hom kan druk.

R: Was daar ooit enige voovalle in die ses jaar wat jou laat twyfel het aan X?

PC: Ja...ek het **nooit** enige oproepe gekry nie of..... mense wat na my toe gekom het met een of ander storie of brokkie nie. Ek het haar gekonfronteer omdat 'n vriendin na my toe gekom het en vir my gesê het dat sy verstaan, hulle het 'n verhouding, maar sy kan nie vir my dadelik tyd en plek gee nie. My woorde was aan haar: "Ek wil hê jy moet vir my tyd en datum gee, anders is dit vir my hoorsê, verstaan jy en wat wil jy hê moet ek in ieder geval doen? Haar woorde was aan my: "As ek jy was het ek die vrou gekonfronteer wat in elk geval "useless" was want sy het dit ontken en sou ook. Dit was die enigste....voorval, jy weet, wat daar was maar daar nooit iemand wat hulle iewers saam gesien het nie, of wat ookal nie. Al die vrouens met wie hy verhoudings gehad het, het hy in elk geval elke dag mee kontak gehad of met hulle in kantoor gepraat of wat ookal....verstaan jy?..daar was redes hoekom dit so kon wees. Ek dink ook hy het sy "slagoffers" baie goed gekies.

R: As jy sê "slagoffers" kies" dink ek aan 'n persoon of persone wat min teenstand kan bied. Is dit hoe jy dit sien en hoe so?

PC: Ja,want ek dink sy vriende en hy..... dis mense wat al redelike kennis het van vrouens, en... ja..die vroue ook..... sou nie vir hom 'n bedreiging wees in die sin van uitpraat of so nie. Die vrou wat hy gekies het en hulle almal het dieselfde daaroor gevoel en.....niemand praat uit nie, so maklik soos dit. So hulle is almal saam in die ding in.

R: Is daar nog iets wat ek dalk nie gevra het, wat vir jou belangrik is om te noem?

PC: Hy was baie besitlik op ons tyd saam. Ek was nie jaloers of iets nie, ek het miskien vir hom gewaarsku soos pasop vir haar of die een of daai een... maar....nie eintlik iets nie. Ek het partykeer gewonder...waarom het hy **my** spesifiek gekies maar nie i.t.v. jaloers wees of so nie. Ek het byvoorbeeld nie op hom ge"check" of agter hom aangebel nie of seker gemaak hy is waar hy sê hy is nie.

R: Jy het vir hom baie ruimte gegee en gewys jy vertrou hom. Sou hierdie besondere eienskap van jou, om te kan vertrou, sou dit verander het a.g.v. hierdie verhouding?

PC: Ek weet nie.... ek is bang oor hoe ek dit gaan doen want ek is bang ek gaan **te** besitlik wees en ek gaan heeltemal paranoïes weesek sal graag wil hê, daai persoon moet weet ek vertrou hom, maar ek dink ek gaan

miskien paranoïes wees en ek is bang daarvoor. Ja...en dit gaan my siek maak. Ek kan myself nie sien waar ek in 'n verhouding betrokke raak waar ek die ander persoon nie kan vertrou nie. Dit gaan my net moeg maak en dan... gaan die verhouding nie lekker wees nie.

R: Wat is vir jou nodig om weer “gesond” te word?

PC: Ek moet besig wees en ek maak baie seker ek bly besig. Ek fokus ook nou op baie geestelike aspekte....en ek probeer om ou vriendskappe wat ek gehad het weer op te bou. Ek het nie noodwendig mense om my nodig sewe dae agtermekaar nie. Ek wil net voel ek funksioneer, ek gaan aan. Ek lyk vir die buitewêreld ok. Die vriendskappe wat daar is...dis vir my belangrik om te weet hulle is daar, mens kan die telefoon optel of gou-gou na hulle toe ry.

R: Enige verdere kommentaar wat jy sou wou byvoeg?

PC: Daar is iets wat ek net wil “mention”, dis nie noodwendig “betrayal” nie maar vir my het dit half daarmee ge“link” en ek het gesê: “Jo!”, hy besef nie.....ek dink nie hy besef toe hy die verhouding beëindig het nie hoe **baie** het ek **verloor** nie. Dis dalk baie selfsugtig maar ek het soos 'n hele familie verloor, ooms en tannie, ma en pa, almal wat hom geken het en by wie ons gaan kuier het, en vir wie ek regtig lief geraak het. Sy pa is vir my half, jy weet, die ideale pa en dit was vir my moeilik om....oom K is 'n moeilike ou en hy het vir my gesê die eerste dag wat ek hom ontmoet het: “Ek kan vir jou baie dinge gee maar jy kan nie my seun kry nie.” En hy het **verander**, verstaan jy? Hy het vir my 'n sms gestuur en gesê: “H is die gelukkigste man om jou in sy lewe te hê en jy het soos 'n dogter vir my geword.”

R: Sal jy nog kontak met hulle behou?

PC: Ja, ek het vir hulle na dit tyd ook gaan kuier en dis moeilik want hulle sê hulle huis is oop vir my maar dis vir my half.....onregverdig teenoor....die ander vrou.

Die familie het dit moeilik gemaak op 'n stadium want hulle het kontak gehou verstaan? Ek het nou kontak verbreek.

R: Hoe kyk jy nou na verhoudings en vriendskappe?

PC: Ek wil nie aan vriendskappe voorwaardes koppel nie. Ek dink die belangrikste voorwaarde van vriendskap is miskien vertroue...die ander goed kom van self maar dis nou half....dit is nou voorwaardelik, jy gaan nou jou vertroue aan my moet bewys. Ek dink baie mense sien nie kans daarvoor nie en die vriende wat ek tans het het hulle klaar bewys, ek is ok met hulle. My een vriendin het vir nou so rukkies terug gevra: “Wat het gebeur met ons?”. Toe sê ek vir haar ek **weet** nie..ek weet nie wat het gebeur met ons nie, ons is nog ok, maar dit is net waar ek nou is. “Dis nie dat ek jou minder vertrou nie,” maar hulle tel dit op. Ek dink hulle tel 'n afstand op. Ek is ook baie meer krities. Ek bedoel, ek verskoon vriende enigeiets. Vriendskap was altyd vir my baie onvoorwaardelik, maar nou is dit asof ek baie meer krities is, as ek aan my vriendinne dink en aan ons vriendskappe. Ander verhoudings ook en...ek besef dis baie onregverdig maar ek kan dit nie nou anders doen nie.

ADDISIONELE AANMERKINGS

R: Wat wil jy vir X vra as jy hom sou kon konfronteer?

PC: Ja, daar is 'n ding wat ek hom wil vra, nog 'n ding wat ek hom wil vra. "Het jy ooit op 'n stadium gedink, jy vertrou my nie?"

R: Hoe voel jy nou oor jou vriende?

PC: Die persoon by wie hy betrokke geraak het sê almal vir my is 'n persoon van integriteit. Maar dis nie verskoonbaar nie en in my oë het sy **nie** integriteit nie en ja, hy was verkeerd maar sy was ook verkeerd. En wat my boos maak op hierdie stadium is van my vriende wat weet waardeur ek is, probeer hom beskerm, maar dis nie verskoonbaar nie en dis ook waar ek "betrayal" ervaar het, in vriendskap. Hulle hoef nie my part te vat nie, maar hulle moet ook beseft dat hy verkeerd was.

EINDE VAN ONDERHOUD

APPENDIX F

INTERVIEW : PARTICIPANT D – 06/04/05.

<p>R = Researcher PD = Participant D</p>
--

R: Wat beteken “betrayal”vir jou?

PD: Ek dink “betrayal” beteken vir my...’n totale **breek** van vertrouwe sou ek sê. Dis nie rêrig...woorde soos “cheat” en....dis vir my sulke oppervlakkige woorde. “Betrayal” het my so, so diep geraak, sulke woorde is te oppervlakkig. “Betrayal” affekteer jou hele wese, elke sel en kern van jou wese, as dit “betray” raak dan is daar amper omtrent nie woorde wat daai emosies kan beskryf nie, jy weet so.....

R: Sal jy asseblief in soveel detail moontlik jou ervaring van “betrayal” beskryf?

PD: Ek dink om my storie te vertel....ek het ‘n redelike langpad op my eie geloop met my seksualiteit, om by ‘n punt uit te kom waar ek tevrede is met die feit dat ek baie vrede het met die feit dat ek gay is, maar dat ek nie regtig kon identifiseer met die groter gros van die gay wêreld nie, met die sogenaamde gay norme, leefstyl. Dit was vir my alles baie vreemd en ek het vanweë my karakter aard en vanweë my beroepsfokus die afgelope vyf jaar van my lewe...was dit nie noodwendig vir my ‘n prioriteit om aktief betrokke te raak nie in ‘n verhouding ofso ek het nie gaan soek daarvoor nie. En laas jaar het dit nou gebeur dat ek...bloot toevallig...dat ek iemand ontmoet het ([deleted to retain confidentiality](#)).... En ek het ook die man al tevore gesien...by konserte, hy is ‘n redelike bekende figuur ook....en...hy was altyd baie vriendelik met my en toe na die konsert het hy na my toe gekom en ek het met hom gepraat en gesê: “Hello, hoe gaan dit?” Ja, nee hoe gaan dit met my en wat doen ek, vreeslik geïntereeserd in my loopbaan en wat ek te sê gehad het. En ja, hy’t gevra ons moet koffie drink of iets doen jy weet, en hy sal graag meer weet van hoe dit gegaan het na die audisie en ek was toe heeltemal.... “Ja, dit sal lekker wees”, jy weet en dit klink toe vir my heeltemal “harmless” en lekker om dit te doen. Toe het hy my nommer, toe sms hy sy nommer vir my en dit daar gelaat en dit was seker so drie weke daarna kry ek ‘n boodskap van hom af: “Hoe lyk jou week, watter aand is jy beskikbaar, Maandag, Dinsdag of Woensdag”? Toe sê ek vir hom Maandag klink lekker, toe sê hy “Ok, dinner at “Georges” on Fourth”.

PD: Klink dit nou vir my heeltemal reg maar daar was so half ‘n opgewondenheid by my gewees want ek was ontsettend alleen gewees....van my beste vriende het Kaap toe getrek ...so ek was...sosiaal op ‘n redelike alleen plek gewees ook en.....dit het half vir my veilig gevoel omdat die man getroud is. Hy het twee kinders, ek bedoel sy kind sing in my koor en dit jy weet, so....ek weet nie of ek op daai stadium regtig op ‘n “date” saam met ‘n man sou gegaan het nie, sommer net so nie ek...miskien sou ek maar ek het half hierdie verligting gehad

omdat dit vir my redelik veilig gevoel het. Ek bedoel wat is die kans dat die man regtig in my geïntereesd is, op 'n intieme vlak of in 'n verhouding sal belangstel, hy's dan getroud so...ek het gedink ja...dit is "fine". Die aand het ons ontsettend goed ge"click", ons het baie raak punte gehad en dit was die eerste keer wat ek dit rêrig ervaar het, ek bedoel, iemand wat praat oor argitektuur en kuns en antieke en musiek en opera en Callas en als wat my maak "tick", het...hierdie man van gepraat en ek het dit vreeslik geniet. Toe stel hy voor ons moet na die tyd by sy huis gaan koffie drink en hy wou my sy boek oor Lloyd Wright wys en dit en dat en alles toe dog ek ok, jy weet, en niks het gebeur daai aand nie. Ons is na sy huis toe, op die bank gesit en na die boek gekyk en op 'n stadium het hy my gevra hoe voel ek oor jy weet,hy sê toe ek is verskriklik aantreklik vir hom en het ek 'n man en so wat in my belangstel en my "pursue" toe sê ek hom, weet jy, nie rêrig nie...toe sê hy hoe voel ek oor "casual sex" byvoorbeeld? Toe sê ek ek is **glad** nie geïntereesd daarin nie, ek wil dit nie doen nie, dit pas nie by die aard van wie ek is nie.

PD: Ons het op 'n later stadium so gepraat toe vra ek vir hom wat sou hy gesê het as ek gesê het ja, dit is vir my "fine", jy weet.. Toe sê hy vir my nee.... hy't toe gemaklik gevoel om 'n paar goed vir my te sê nadat ek gesê ek ek is nie geïntereesd daarin nie en....ek is toe weg daai aand half omgekrap, nie ontsteld of so nie maar half verward en nie rêrig geweet hoe om die aand te verwerk en wat gebeur het, jy weet. Toe het ek natuurlik baie vrae gehad. Ek onthou daai eerste aand was daar sekere goed wat nie vir my sin gemaak het nie. Ek wou hierdie man...ek wou bietjie "closure" hê oor 'n paar goed. Dit gaan toe so aan vir so paar weke later onder andere oor die feit dat hy soek na 'n "Napoleon's hat" vir sy "mantelpiece" by sy huis. Toe kom ek onder andere op omtrent drie in een winkel af toe laat ek hom weet. Ek kry die oggend 'n sms van hom oor hoe wonderlik ek is en hoe hy die aand geniet het en hoe fantasties ek is en dit en dat en hy kan verstaan hoe almal so mal is oor my en....toe sê ek vir hom ek het die "hat" en als gesien wil hy kom kyk? Toe sê hy: "Ja, kry my vyf uur daarso".

PD: Toe het dit so gebeur dat ons daai aand **ook** gaan "dinner" het en toe die Woensdag aand **weer** en toe veral na die Dinsdag aand het ek vir hom 'n paar vrae gevra. Om mee te begin het ek gevra: "Wat is jou orientasie?" En hy is so half....dis die eerste keer in sy lewe wat iemand hom so tromp-op vra. Toe sê ek vir hom ek het nodig om te weet. "Jy het vir my 'n paar goed gisteraand gesê wat nie vir my sin maak nie vir 'n getroude, heteroseksuele man nie". Toe sê hy vir my "o well" ja, hy is gay, sy vrou weet dit. Hy weet dit al vandat hy omtrent so 30 is, hy het 40 geword laas jaar, so van omtrent 30 af. Sy vrou is heeltemal "fine" daarmee solank hy sy lewe....solank as wat hy doen nie nie haar of die gesin beïnvloed nie. So wat hy doen op die kant lyn en wanneer dit hom pas is vir haar "fine" solank sy in haar luukse stasiewa kan rondry en in haar huis in G kan bly, dan is sy "fine", so het hy gesê. Ek ken haar nie rêrig nie. Ek wil haar nie rêrig ken nie. Dit was sy weergawe daarvan gewees. Daar was nog iets gewees.... Die Dinsdagaand...dis waarby ek wil uitkom, die Dinsdagaand al het X vir my goed gesê soos....ek... het vierkantig op sy hart kom sit, hy sal sy lewelank aan my getrou bly. Hy sal sy hele lewe lank aan my getrou bly, hy wil byvoorbeeld niemand anders sien nie. En ook van die begin af het hy gesê, ek moet verstaan hy kan nie rêrig vir my gee wat ek verdien nie, maar hoe kan ek sê...ek het nie rêrig gehoor nie, miskien omdat ek nie wou nie, miskien omdat ek nie rêrig self geweet het op daardie stadium wat ek wou gehad het nie. So ek het nie geweet wat dit is om 'n volle normale verhouding te hê nie, so wat ek gehad het met hierdie man... "this was wonderful because I've never had it".

PD: So dit wat daar was, was vir my lekker gewees en eers later aan het dit my begin eet van binne-af, die broodkrummels, die...gebrekkige, verdeelde aandag, die fragmenteertheid wat my seer gemaak het maar, ek het hom drie keer gesien en hy het ewige getrou aan my belof so...hy het mos nie regtig vir my gesê om hom nie te vertrou nie en ek vertrou baie maklik. Ek dink ek vertrou baie maklik omdat ek myself kan vertrou, ek voel omdat ek 'n eerlike mens is **hoef** ek nie ander mense te wantrou nie, dis nie in my aard nie omrede ek...hoe kan ek sê... van uit persoonlike ervaring het ek nie nodig om dit te doen nie. Maar almal is nie soos ek nie, ons werk almal nie so nie so...ek het X regtig vertrou, ek het elke woord wat hy gesê het... en hy was baie wel ter tale en...hy sê baie en hy het baie gesê... en elke woord wat hy vir my gesê het, het ek geglo en op gereken. Dit was letterlik 'n maand voordat ek oorsee is vir die audisie, so dit was 'n kwessie van vier weke, 1 Mei, ja, so vier weke en daar was nog 'n paar vakansie dae wat hy met sy familie sou spandeer. Ek het hom by die lughawe gaan aflaai want hy het na sy familie toe gevlieg wat reeds by die see was.

PD: So die enigste tye in die jaar wat X half sy seksualiteit kan uitleef en gay wees is waneer sy familie met vakansie tye weg is. En hoe hierdie goed werk is net verbysterend want dit was daai tyd gewees wat hulle toevallig weg was wat hierdie ding nou met my gebeur het. Dit was die...eerste, tweede week in April, toe het ek hom en sy vrou uitgenooi het ([deleted to retain confidentiality](#)). Almal wat vir my belangrik was op daardie stadium het ek gesê: "hier is ek nou, hier gaan ek nou". Dit was vir my baie belangrik en dit was vir my 'n wonderlike aand gewees, een van die wonderlikste aande laas jaar gewees en....I was daar gewees en gesê sy vrou kon nie kom nie, ek sal nooit weet nie of hy sy vrou rêrig genooi het nie. Ek wou haar graag daar gehad het want op daardie stadium het ek nog gedink ja, dis "fine", hy's getroud en dis "fine". Ek was in so....dit was vir my heeltemal "amazing" verstaan, dit het vir my heeltemal sin gemaak dat hy getroud kan wees en...dis mos "fine" vir hulle, dit **werk** vir hierdie mense, jy weet en..hy was by daai konsert gewees en ons het gaan brekfis, en ek het vir ons bespreek... en ons het daar musiek geluister en...ek bedoel...die eerste keer wat ons fisies bymekaar was, was week vier gewees, net voordat ek weg gegaan het so...maar ek dink dit was ook vir my 'n keer punt gewees want ek bedoel, dit was regtig die eerste keer wat ek intiem met 'n man was jy weet en....of met enige iemand "for that matter" en dit was 'n ongelooflike intense ervaring vir my gewees. Ek het geweet dit sou wees, ek bedoel ek ken myself maar.... Ek **wou** graag, dit was vir my.... **so** reg op daai stadium, dit was totaal, een honderd persent wat ek wou gehad het ...wat hy ook wou gehad het en vir my gegee het.

PD: Ek is toe oorsee, ek bedoel om H te beskryf...H was op daardie stadium vir my die stad Jerusalem op die bult. Dit was wat ek voor gewerk het die dag toe ek besluit het ek wil musiek doen. Toe ek begin het daarmee was dit vir my....dis waar ek gaan studeer, dit is een van die beste Universiteite in die wêreld vir musiek, wat ek wil doen, my klavier onderwyseres het daar studeer, ek wil daai **tradisie** half, voorsit. Met ander woorde, dit was wat H vir my ingehou het. En dit het toe so gebeur dat ek eers na vier jaar daar uitgekom het en toe ek eers nou daar is.....net om vir jou te sê hoe stresvol dit vir my was in hierdie.... verskriklikegeweldigste druk wat op my geplaas is daar, waaronder ek moes funksioneer tesame met die totale emosionele "malheid" van my op daardie stadium. Want hier is ek **smoor** en mal en **dol** verlief op hierdie man. Ek is op die vliegtuig weet jy en toe ek land in F, ek is nog nie eers in H nie, toe ons land toe sit ek my simkaart in my foon en ek kry toe al net so lang "voicemail" oor hoe hy my alreeds mis en weet jy van toe af.... bel my twee, drie keer 'n dag , sms die heeltid aan die begin nou, week een toe ek weg is, ek was ses weke daar gewees.

PD: Net voordat ek weg is koop hy vir my 45 sjokolades, een vir elke aand en dag wat ek weg is jy weet, skryf vir my 'n brief en.... so is ek weg, maar half....op 'n wolk en dit was nou wonderlik dat dit gebeur het. Ek voel eintlik fantasties, ek was voorheen so alleen, ek is nie nou alleen nie, ek het iemand, dis wonderlik en fantasties. Weet jy en toe...het die oproepe begin minder raak, die sms' het minder geword....ek het gewoon geraak aan 'n sekere patroon, dis hoe ek funksioneer met alles, ek het konsekwentheid nodig. So....ons het elke oogend more gesê en elke aand nag gesê, tot hy die een aand **nie** vir my nag sê nie was ek byna historiese gewees. Ek het gedink iets **verskrikliks** moes gebeur het en ek het seker vir hom honderd boodskappe op sy foon gelos, toe kry ek hom 12 uur in die hande toe sê hy hy het aan die slaap geraak op die bank voor die tv. En ek dink daar het ek begin....alhoewel ek so besig was met my musiek, my professionele "make-up" en my aanvoeling en als op daai stadium het vir my laat voel..iets is besig om te gebeur, te verkrummel. Ek voel dit aan en ek **haat** dit maar ek kon aanvoel dat dit besig is om so half....anders te raak en dit het my redelik uitge"freak".

PD: Ek bedoel....na die tyd besef ek maar op daai stadium was dit wel so was, dat hy belangstelling verloor het of "whatever", ek **weet** nie. Daar was..... iemand anders gewees maar dit kan ek eers **nou** sê, omtrent so twee maand gelede.... maar ek wil nie die storie vooruit loop nie. Die punt is op daai stadium het ek geweet dat...ek het myself uitsorteer en ek het agtergekom maar dit **kan** nie vir my werk nie want dit is nie vir my genoeg nie. Ek kan nie met brood krummels tevrede wees nie, dit maak my seer as hy vir sy vrou 'n wonderlike ete maak. **Ek** wil daar wees. Ek wil hê hy moet vir **my** die ete kook nie vir haar nie jy weet? Ek was jaloers gewees en ek is nie 'n jaloerse mens nie.

PD: Ek sit **daar**. Ek kry nie van hom e-mails nie, ek gaan **elke** dag en stuur vir hom e-mail, dit kos vir my 'n klomp geld en die feit ek sit in hierdie aaklige plek, almal sit en rook om my en... jy weet....als wat ek gedoen het en so baie gegee het en elke persent wat ek gekoop het.... dis wie ek is maar....dinge wat ek nie vir myself eers gegun het nie, het ek vir hom gekoop en...."special" goed. Daar was....'n "cd" wat hy die eerste aand van gepraat het, wat hy weg gegee het vir iemand en **nooit** weer kon kry nie, het ek opgespoor in 'n winkel in H. So daar was vir my....ek het so baie gehad om te gee en so baie wat ek wou gee en wel gegee het en.....toe ek begin aanvoel hy onttrek het ek vasgegryp en net al hoe meer gegee. En dit gaan mos so...hoe minder hy gegee het, hoe meer het ek gegee...dit was daai wanbalans gewees. Ek het nadat ek die audisie gespeel het, vir my 'n kaartjie gekoop en ek geweet dat daai eerste aand wat ek terug is sou ek hom sien jy weet. X het net voordat ek weg is vir my gesê ons moet vir 'n naweek weggaan dit sou Julie vakansie wees en dit sou lekker wees, ons kan kosmaak, en... jy weet, so... 'n naweek van normaliteit. En ek het **so** uitgesien na daai tyd. Dis een van die goed wat hy vir my gesê het wat ek ook geglo het en wat nooit gebeur het nie.

PD: Toe ons in Suid Afrika land, toe loop die trane so oor my wange want ek was die heelyd so **braaf** gewees in Duitsland met die audisie en....toe ek nie inkom nie...daar was al soveel mense wat alreeds die sjampanje bottles op ys gehad het en als jy weet ...en ek het gesê nee, ek's "fine"....ek was nie **so** teleruggesteld toe ek teruggekom het rêrig nie, ek was so hol, die vlak van my emosionele leegte en....kan ek vir niemand beskryf nie. Daai eerste aand toe ek vir I sien toe sê hy vir my ook...dit kan nie aangaan soos dit was nie. Hy **kan** nie die emosionele intensiteit van ons verhouding hanteer nie. En weet jy, ek het net daar gesit maar ek was so geskok ...ek het nie gehuil nie ek kon nie glo dat dit gebeur het nie want...hy was die een gewees wat gesê het,

snaaks genoeg dat as dit vir **jou** werk dan was dit goed en als maar Eintlik was alles in die verhouding met hierdie man op **sy** terme en ek het net gevoel dit kan nie so werk nie. En van so Julie tot omtrent tot so....September laas jaar.....dit was 'n baie moeilike tyd vir my gewees.

PD: Op 'n stadium was dit so moeilik ek kon omtrent nie eers op staan in due oggende nie... maar I was nog steeds....ek het vasgeklou aan die man. Ek het gedink dit **kan** nie wees nie. Ek weier om die man te laat gaan en ek meen op daai stadium het hy deur 'n baie moeilike tyd gegaan en hy was depressief en ek het gevoel ek moes die sterk een wees en vashou en...jy weet...ek moet steeds die een wees wat die tempo hou. Nie omdat hy dit wou hê nie maar om kontinuiteit te behou het **ek** besluit om voort te gaan.

PD: En...miskien om vir myself daai een ding te gee wat vir my “security” is. Ek het **niks** gehad nie, my groot droom..... dit waaroor ek my hele lewe gewerk het, het nie gerealiseer nie en ek het gevoel daar's niks wat meer..... konsekwent is nie, ek het niks gehad om voor te werk op daai stadium nie. Dit was vir my heeltemal buite die kwessie om weer audisie te gaan speel want ek het gewet ek **kan** nie meer aangaan nie. Ek bedoel, ek het nie die emosionele krag gehad nie (~~deleted to retain confidentiality~~) ek het net niks oor gehad nie. Ek het **probeer** maar ek dit was asof ek glad nie kon nie. Ek onthou een aand wat sy familie toe weg is en hy is toe alleen by die huis en ek het gedink maar **hierdie** is die week wat hy my belof het. Dis waarna ek **so** uitgesien het in H waarvoor ek omtrent **geleef** het, was die tyd toe ek met X was. As ek terugdink dan was dit half hierdie wortel voor my neus. Toe dit nou gebeur...dit sou die naweek wees wat ons sou weggaan, toe ek vir hom vra kan ek net na **sy** huis toe kom, kan ons net kos maak, kan ons net “share”, kan ons net bymekaar wees en X wou nie. Ek kan onthou dat hy nie wou nie dat ek...ek het als gedoen...en ons het toe so half ...toe sit ons op die bank en toe kyk hy rugby van alle dinge en ek sit maar daar en kyk deur 'n boek. Ignoreer my heeltemal en toe het hy naderhand half bygekom en toe moes hy ry (~~deleted to retain confidentiality~~) en toe hy terugkom toe...toe is hy weer “affectionate” en warm maar dit raak toe 'n punt in tyd, hy het gesê as dit sou gebeur..... dit sê nie noodwendig iets nie.

PD: Hy het **ook** gesê die eerste aand wat ons mekaar sien nadat ek terug was van oorsee ons moet 'n moratorium plaas op ons fisiese verhouding. Ons kan nie fisies “involved” wees nie. Ons kan vriende wees en als maar ons kan nie fisies wees nie want dit maak dinge te gekompliseer en dit maak dat mens by mekaar **wil** wees en...maar dit was te **laat** gewees op daai stadium. Ons was alreeds fisies met mekaar gewees. En op daai stadium....was dit die engste tyd waanneer ek naby aan hom gevoel het so....van toe af, die 1 September was dit vir my so 'n onbevredigende situasie.....heeltemal en toe ek kyk na X, na wie hy is en na die gefragmenteerde lewe wat hy lewe en hom begin sien vir wie hy werklik is, nie die persoon wie hy gesê het hy is nie, wie ek gesien het en eers nie wou sien nie..... dit was **aaklik**, dit was **glad** nie baie lekker nie. Dit het vir my lank gevat om wakker te word en te sien wat besig is om aan te gaan.

PD: Toe die 1 September het ons mekaar gesien en ons sê toe vir mekaar dis nou dit, ons kan nie meer verder nie en ek is daar weg.... ons het ge”sms” nou en dan en ons het twee keer gaan “lunch”. Die eerste keer was vir my baie lekker gewees, dit was vir my lekker om weg te stap met baie vrede maar die **tweede** keer wat ek hom gesien het was vir my verskriklik, baie aaklig . Ek is toe weg met vakansie Desember waar ek 'n “summer

romance” gehad het wat vir my **glad** nie, glad nie goed gedoen het nie met iemand wat nie vir my beskore was nie, wat **ook** nie “available” was nie. As daar een les was wat ek laas jaar moes geleer het was..mens moet “available” wees, verkieslik nie getroud wees nie en hulle moet emosioneel “available” ook wees, dit was die twee punte waar ek moes by uitkom laas jaar maar.... Ek was **so** op...ek het vir X ‘n baie lang brief geskryf, en vir hom gesê, jy weet, “Dis als wat ek vir jou wil sê, hier is dit.”

PD: Ek het daar weggestap maar...hoe kan ek sê...ek wou op daai stadium so graag glo...en ek wou al baie vroeër oor X gewees het, dit sou my gepas het. Dit was nie vir my baie lekker nie en ek is nie so “self-indulgent” mens wat daarvan hou om in die put van emosie te “wallow” nie, jy weet, maar ek kon net nie. Dis waar ek **was**. Ek was **so** “shattered” gewees, ek **skrik** as ek aan myself dink laas jaar. Dit was verskriklik gewees. En ek geen kontak met hom op hierdie stadium nie. Hy sms my omtrent elke week, een keer ‘n week Ek ignoreer dit maar dis asof hy nie die boodskap kry nie. Ek het hom gebel met sy verjaarsdagek het net gedink ek gaan hom bel want hy’t my gebel en dit was die ordentlike ding om te doen, nommer een. Nommer twee, ek gaan die heel dag hieroor bekommerd wees, so kom ek dit dit nou en dan kan ek aangaan en hopelik nog iets van die dag red.

PD: Omtrent ‘n maand nadat alles gebeur het het ek gedink ek moet anti-depressante kry net omdat ek gevoel het dat ek nie besig is om.....om te “cope” regtig nie. A het my toe verwys na ‘n dokter in M weet jy, en toe ek sy naam hoor toe weet ek al van hom want sy wou my al voorgestel het aan hom. Toe ek hierdie dr. sien, toe weet ek ek het sy gesig al iewers gesien en toe ek sy naam hoor toe dink ek maar dis iemand wat ek dink ek al by ‘n konsert moes gesien het. Ek het toe vir D gaan sien en ek het in sy kantoor ingestap en ek en hy het toe dadelik ge“click” wat ‘n totaal ander storie is Ek vertel hom toe my hele storie van die begin af, net soos ek vir jou nou vertel, nie in soveel detail nie maar redelik om vir hom ‘n idee te gee van waar ek nou is. Hy is 40 jaar oud, die dr. Hy was twee keer getroud gewees. Omtrent drie jaar gelede.... het hy toe verlief geraak op ‘n pianis wat 23 jaar oud was (**deleted to retain confidentiality**) hy het toe sy vrou geskei en hy was net drie maande in die verhouding gewees en toe het M hom gelos. M is toe oorsee om te studeer en hy bly toe hier agter en hy was toe omtrent vir ‘n jaar, meer as dit....heeltetal “shattered” gewees.

PD: Toe het ons oor my gepraat, my eerste verhouding ook met ‘n 40 jarige man en hy is ‘n 40 jarige manag...daar was net soveel mutualiteit in die hele ontmoeting gewees. En... toe ek begin praat van die (man).... toe sê hy vir my: X? Toe vra ek: “Hoe weet jy dit?” Toe sê hy vir my maar hy (**deleted to retain confidentiality**) ken hom baie goed. En toe sê hy vir my op daai stadium, dat...weet jy, daar is ‘n string gebroke hartewat agter hom lê.. dis net ongelooflik” en hy is ongelooflik jammer dat ek die slagoffer....daarvan moes wees. Ek het ‘n baie belangrike deel uitgelos waarby ek nou gaan uitkom eintlik. So daar was ook die eerste keer...hoe kan ek sê, einde Januarie gewees en toe vra D vir my: “Wanneer was X gewees?” Toe sê ek vir hom: “Laas jaar” toe sê hy: “Maar daar was iemand anders gewees”. Jy weet so....toe **moes** ek aanvaar dat selfs al wou ek nie meer vir X sien nie en in elk geval was dit verby tussen ons het ek nog geglo dat in die kort tyd wat ons saam was, al was dit net vir ‘n maand of twee, drie maande was **ek** was die engiste persoon gewees. Selfs al het sy vrou sy lewe gedeel, al het sy hom meer as ek gesien.....en ek het geglo daar is ‘n plek in **sy** hart, ‘n plek in sy binneste...wat net vir my was. En dit was nie so nie, dit was ‘n leuen.

PD: Ek het laas jaar..... ek dink dit was Julie/Augustus wat ek 'n aand saam met my vriende gaan eet het en dit was 'n Maandagaand en X het altyd koor gehad elke tweede Maandag aand. Dit was vir my op daardie stadium....ek was...ek was heeltyd die bedelaar gewees..ek is tot 'n rol verneder gewees en gereduseer waar ek... bak hand moes staan en wag vir die brood krummels wat die man vir my gegee het. My self-beeld kom ek nou eers agter was so laag ek sou.... enigiets doen net om 'n bietjie....om 'n aand saam met hom te spandeer en op daai stadium het hy al die verskonings gehad, hy kon nie, hy het so baie werk gehad en so aan. Maar ek het **gebedel** vir tyd saam met hom alleen en dit nie gekry nie. Die Maandag aand gaan ek saam met S hulle eet en toe ons klaar geëet het en ons stap terug, en ek onthou op 'n stadium staan ek so stil en kyk..dit was so in 'n straatjie af en ek sien X wat daar staan, by iemand anders se kar. Ek het gedink maar dit kan nie wees nie en ek het net so ruk stilgestaan en gestaar, toe draai hy hom toe sien hy my, toe sê hy o ja, jy weet “hoe gaan dit”? Die koor...daar was 'n probleem met die saal opsluit en da...da...da...en die koor het nou almal besluit hulle gaan nou uiteet. Toe dink ek maar, waar's die koor? Hier is nou een persoon. “Nee, die koor is op pad, hulle gaan nou hier wees”. Ek was so half in 'n ongemaklike situasie maar vanweë die feit dat die verhouding....dit kon nie oop gewees en blootgestel gewees het nie, ek bedoel...ek moes X **beskerm** en myself beskerm want dit was..... 'n “affair” van sy kant af gewees.

PD: So ek kon nie.....op daai stadium het ek al met mense gepraat, bv. my ma, my beste vriendin.....S het gewet sy het hom by die koor gesien en by die konsert gesien en twee en twee by mekaar gesit . Toe stap ek saam met hulle huis toe maar ek onthou.... ek het daar gesit in hulle huis en bewe. Ek dink dit was die naaste wat ek nog ooit in my hele lewe aan 'n psigose was. Dit was 'n “complete breakdown” en ek het daar opgestaan en afgestap in die straat en gaan soek toe vir X. Ek onthou ek kry toe vir hom waar hy sit aan die oorkanste muur by 'n tafel vir twee en ek het daar ingestap en toe het hulle al **kos**, hy en hierdie ou. Niks het vir my sin gemaak nie want as hulle vir die koor wag..... maar waar was die ander mense en hoekom eet hulle al? Hulle eet al hoofgereg en hoekom sit hulle by 'n tafel vir twee, hulle moet mos dan by 'n groter tafel sit? Die ander ou het intussen 'n draai geloop so hy was nie daar op daardie stadium nie en is hy toe vir my woedend natuurlik want ekjy weet die beste verdediging is om kwaad te raak, blykbaar omdat ek hom wantrou het en wat impliseer ek?

PD: Toe sê ek vir hom: “Sê vir my wat aangaan?” Toe is die ander ou weer terug en ([deleted to retain confidentiality](#))...dink hoe moet ek voel. Net vir die rekord, hy is natuurlik nie so goed soos ek nie **of** so mooi nie ☺, ☺ maar in elk geval. Ek was nog nooit in **so** 'n situasie gewees nie. Weet jy...ek het **so** hard probeer om dit mis te kyk maar hier sit die ou voor jou...maar vir 'n oomblik daar was ek so... konfronterend en dink ekdaar was “betrayal” en dit was vir my hoog verraad in sy.... oortreffende trap. Ek het hom gekonfronteer en al wat ek hom gevra het was: “Wees asseblief eerlik met my. Sê nou vir my, weet jy hierdie ou is nou....my allesof hy is net...mnr nou....of hy is glad nie...sê net vir my, wees net eerlik met my.” Nee, hulle is net..hulle ken mekaar van die koor af en...hy weet nie waar die res van die koor is nie en toe kyk hy so vir die deur asof hulle enige oomblik gaan instap, jy weet. En weet jy op daai stadium...het hy al hoe meer begin onttrek, voor dit al en elke stukkie wat hy weg beweeë het was seer gewees en hy het dit so berekenend gedoen. Hy het die aand...hy het nie eers vir my 'n drukkie gegee die aand nie. Hy het vir hierdie ou 'n druk gegee en hy het vir my gekyk en in sy kar geklim en gery. Hy het vir my nog gesê dit was anders met my as met die helfte van die ander gay mans wat hy gedruk en soen het want hy het gesê dit beteken meer met my daar's ander...daar's emosie “involved”.

PD: Toe... is hy weg en van toe af waar hy altyd...ons kode was altyd tipe van drie soentjies gewees, dit was...**elke** boodskap is so afgesluit, elke keer. En toe as hy vir my 'n boodskap stuur, was dit net een..net een soentjie jy weet en.....dit was altyd drie gewees en toe net een. Dit was **baie** berekenend gewees, dit was absoluut...hy het **baie, baie** goed gewet wat hy doen. En dit was net op daai punt wat dit so aangegaan het wat ek besef het...ek kan nie meer nie. En die insident.....toe ek vir D ontmoet hierdie jaar toe sê ek vir hom is hierdie ou 'n pianis wat in die koor sing? Toe sê D vir my daar is nie 'n man... in die koor wat X 'n lid van is nie XI het ook al van D gepraat en so maar hy het iets baie.... neerhalend gesê op daai stadium. Toe het ek agterkom.....toe het hy het vir my gesê daai aand was **baie** meer as net...my gevoel was nogek bedoel ek het hom nog steeds geglo. Ek bedoel as ek nie kan glo wat hy vir my sê nie dan **wat** beteken enige iets dan? Dit was nie eers vir my 'n **opsie** om hom nie te glo nie, want ek het te veel van myself gegee. Ek het **alles** van myself gegee, elke sel van my wese, my hele wêreld, my hele lewe alles, alles, alles het ek gegee.

PD: En dit was **so** moeilik, so **lang** proses om.....uit te sny.....dit was omtrent soos 'n skrapnel wond wat mens moet skoon maak. Alles uitgrou en.....dit was presies hoe dit was om dit...uit te kry, jy weet. En ek is verlig dat ek D ontmoet het. Wat daarna gebeur het met D is nie belangrik nou nie maar ek het daarna gewonder of daar nie patologie by hom was nie en ek is oortuig daarvan dat daar by I wel **baie** ernstige patologie betrokke is. Dit was maar ook....ek gaan sien hierdie dr. vir anti-depressante, ek slaan sy voete onder hom uit. Hy bel my die volgende dag, al drie “dates” met my gereël, nooi my ([deleted to retain confidentiality](#)) vir sy verjaarsdag. Ek is net...waarvoor hy... sy hele lewe lank gewag het. En hy het nooit na M weer iemand gehad nie en hy ry die duurste kar, trek die duurste klere aan en soos hy vir my sê, watter tipe man met daai profiel is daar vir hom daar buite. Toe sê ek vir hom: “Word net wakker”

PD: Kyk, ek dink as mense vir jou sê....as mense hulle self aan jou voordoen as: hierso is ek, dis wie ek is, dit is wat ek het om te gee, dis wat ek vir jou wil gee, besluit jy en die oomblik wat jy besluit, haai weet jy, ja miskien of...ja! Dat jy op **daai** punt dan omdraai en sê: “Maar ..nee, nee wag so bietjie...ek weet nou nie so mooi nie. Maar dit is vir my.....'n deel van myself wat ek laat oopgemaak het en investeer het en.....veilig gevoel het om te doen en 'n deel van myself wat ek **gegee** het, en hy nie gevat het nie en **verwerp**. Miskien is dit meer verwerp as wat dit verraad is, maar waar die twee bymekaar kom weet ek nie. En....toe ek later besef wat....X besig is om te doen...en as ek die krag gehad het..... om dit te stop, sou ek miskien maar...ek probeer regtig om die goeie daar uit te haal, dis al wat mens kan doen. Ek het baie geleer ...ek het 'n “crash course” gehad in die lewe, in so jaar se tyd. Hoe kan ek sê...ek het in die “fast lane” gelewe, pretasie “lane”...nooit regtig dalk deel van niemand nie, nie aan die lewe as alledaagse aktiwiteit nie, jy weet. So.....dit was iets wat ek moes gedoen het, so....ek dink dis wat ek wou gesê het oor X.

PD: My somer “romance” was ook, ag...dit was **net** soveel “betrayal” gewees. Wie se skuld dit was....is nie hierso ter sake nie, maar.....dit skok my half om dit te sê want as ek daaraan terugdink.....as ek aan myself dink....ek kan onthou ek het dit nie daar gelos nie, ek kon nie net een aand by iemand wees nie, ek wou **meer** gehad het en op daai stadium het hy saam gespeel jy weet en...ek kan onthou toe ek teruggekom het in Des/Januarie, hy en sy “boyfriend” het saam vakansie gehou want.... sy ouers weet nie en al daai tipe goed ook nog. Ek weet net hy sou 18 Jan en ek onthou....die vorige aand het ek so half begin aan voel dit is nou dit, dit

gaan definitief begin verander en toe sê ek vir hom...ek's bang vir die verandering en toe sy hy maar...ons sal kontak hê, jy weet, tipe van.... En toe laat hy weet ek moet hom asseblief nie kontak of sms nie. A is vir hom alles en hy vir hom en sonder hom is hy niks en hierdie band tussen ons gaan probleme inhou da, da, da...en weereens was ek die een wat "out in the cold" was, as ek dit so kan stel en wat ek moes verwerk dat ek en 'n baie seer deel van myself blootgestel het en dat ek **weer** met daai **seer** moet deel. Alhoewel die intensiteit het nie **naby** die intensiteit gekom wat ek met X gehad het nie, en ek glo nie iets sal **oort** weer regtig daarmee kan vergelyk nie, ook met die pyn. Dit was net weereens, behalwe die seer...het ek verraai gevoel, verneuk, leuens en.... met...D ook. Jy is fantasties en wonderlik en... hulle raak heeltemal...."carried away" ...as hulle my sien en met C het dit so maand gehou voordat realiteit ingetree het en.... met D was dit 'n **week**, na 'n week weet hy dit was dit... vir homself. Dit het weer soveel **ou** emosie en ou seer terugbring wat ek laas jaar met X gehad het. En al die mense het vir my gesê maar ek het hulle nooit regtig geglo nie ...wat die bewyse **so** voor my staan toe dink ek net wel ek kan nie anders nie, dis hoe dit is .

Toe na 'n week met D.... wat ek hom toe maar die spasie gegee wat hy wou gehad het, laat hy nou maar hardloop soos hy wil, toe kom hy terug, maar op sy terme, jy weet. Hy wil nie 'n verhouding hê nie, maar hy nooi al sy vriende en familie, gaan Kaap toe, ek gaan ook maar, maar hy weier, hy wil nie 'n verhouding hê nie. Toe het ek vir hom gesê ...ek **kan** nie...ek kan nie met iemand betrokke wees en nie in 'n verhouding wees nie, ek is nie in staat daartoe nie, dit maak te seer . Alhoewel D gesê het hy wou my nooit seer maak nie en hy's baie jammer en..... hy **is** 'n goeie persoon. Maar die feit dat..hy op 40 een keer so verlief kan raak.... en my "pursue" en my half weereens laat voel dat dit "fine" is, dat hy...hy's uitgesorteer. En dan die volgende oomblik net so kan omdraai en jy weet...**dit**...dit maak my bang van mense. Dit gaan my verstand te bowemaar dit is **my** persoonlike ervaring.

R: Hulle het jou laat verstaan "ons is op dieselfde golf lengte"

PD: Ja, dit is presies so...want vir my gaan dit oor...eerstens die intellektuele vlak wat ons gedeel het, is almal intelligente mense met wie ek verhoudings sou aangaan. Intelligensie is.... mededelig. Raakpunte, belangstellings, dis die ander een. By twee van hulle en behalwe vir N wat nie naastenby so oud was nie, was hulle almal...40, volwasse. **R: "mature?"**, **PD: "Mature"**, so het ek gedink jy weet en...mens verwag dit van ouer mans...ek bedoel..op 'n...emosionele...op 'n konneksie vlak met ouer mans, ja, dat ek aangetrokke voel tot hulle. Ek het gedink hulle is net meer uitgesorteer, maar my ervaring was nee. Ek bedoel, ek kan nie veralgemeen nie, jy weet, maar die twee gevalle waar ek myself in begewe het, het hulle self voorgedoen as...dit is so "fine", kyk hoe "fine" is ek jy weet, as ...funksionerende, uitgesorteerde wesens. En ek is so half jy weet, hulle is "fine", ek kan my tyd vat, ek mag so half 23 wees, ek mag een week besluit, nee ek wil nie hierdie week met hom praat nie, nee, nee ek kan nie jy weet. En al vat ek 'n maand, moenie "worrie" nie, hy is nog daar. Weet jy hulle is nog daar, hulle is net daai faktor, daai stabiliteit. En **ek** moes daai rol vervul, **ek** was die stabiliteit in die verhoudings gewees, nie **hulle** nie.

PD: En dis 'n rol wat ek kan nogal vervul en miskien doen ek dit omdat ek kan jy weet...ek bedoel, vanweë my gesinsopset, dis wie ek is, ek is 'n "coper", ek is 'n stabiele, konsekwente mens. En wat my verbyster is die

feit dat.....as ek nie geïntereerd is in iemand nie gaan ek nie net om te kyk.....gaan ek nie miskien net vir so maand, kom ons kyk maar wat gebeur.....As ek dit sou doen, sou ek baie eerlik wees met die persoon.....en ek het dit verwag, ek het gedink ander mense funksioneer ook so. Hoe dan kan iemand wat my laat glo hy is lief vir my voor my sit en vir my lieg, ek bedoel...ek het nie gedink dit bestaan nie. En...hierdie man het al die regte knoppies gedruk, hy het **presies** geweet wat om te sê. Ek dink hy het dadelik gesien wie en wat ek is, waar ek vandaan kom, wat die goed is wat my intereseer, wat die lewe vir my interessant maak en...hy het dit baie goed gedoen moet ek sê, uiters goed gedoen.

R: Jy het nie ‘n ander verweer gehad nie.

PD: Ja...dit was die eerste keer wat ek met so iets gekonfronteer was so ek het nie rerig geweet wat om daarmee te maak nie, dit het nie vir my sin gemaak nie. In ieder geval...die tweede aandvan toe af al het ek net gegaan, jy weet, net laat los, net gegaan. En die vrae wat ek gestel het en die antwoorde wat gegee is...het vir my goed geklink op daai stadium. Ek dink nie ek het rêrig baie gehad om te toets nie. En dit het so goed geklink, die antwoorde op my vrae, **baie** goed geklink.

R: Was daar ooit ‘n tyd wat jy gevoel het maar hier is iets wat teen jou grein ingaan t.o.v. I se gedrag en vrae?

PD: Op daai stadium was dit meer gewees, maar waaroor gaan dit? Wat gaan hier aan? Wie is die persoon wat.....wat is sy intensies? Sy verwysing na die seksuele, en hoe aantreklik ek is en vlei taal en.....toe dink ek maar dit pas nie regtig vir my by....iemand wat belangstel in my loopbaan nie en planne wat ek het vir die toekoms nie so ek het vrae gehad rondom dit ook. En soos ek alreeds gesê het, ek was aangetrokke gewees tot hom en ek was baie reg gewees. Alhoewel ek op pad was ...en dit nie die regte tyd was nie, was ek **persoonlik** reg gewees jy weet. Toe hierdie nou oor my pad gekom het, toegedraai in die mooiste papier met ‘n strik om en als, op ‘n silwer skinkbord.... toe dink ek maar...hier is dit nou, dis wat die “universe” vir my gestuur het. Is dit nie **wonderlik** nie, is dit nie **fantasties** nie? En wat ek op daai stadium gedink het, ja maar....dis nie dieselfde as met ander mense nie en.... sy vrou het geweet. Sy het geweet van iemand anders nie van **my** nie maar sy het geweet van sy leefstyl en ek gedink... maar as dit met haar “fine” is dan is dit seker met my ook “fine” jy weet, en dat mens half vir jouself kan..... lieg op ‘n manier...Ek dink nie op daai stadium het ek gedink **dit** is reg en dit is verkeerd nie, ek gaan dit nou nie doen nie omdat dit nie moreel reg is nie...ek kon nie. Ek kon regtig nie...dit was... my eie drange en my eie emosies wat daarteen gestry het. Ek kan net onthou dat ek so half.... “couldn’t care” op daai stadium was en ek het gedink, maar hierdie is vir my en bogger die res. Sy vrou...het ek nie regtig oor bekommer nie...ek bedoel...hierdie man is vir **my** lief, so wat is die probleem hier, “love conquers all”, jy weet so ... En dit was ‘n groot ontugtering vir my gewees want waarby ek moes uitkom was....dit waarmee **jy** gedeel het...en wat jy gedink die ander persoon ook besig was om mee te deel...dat jy agterkom maar dit is nie **dieselfde** nie, dit was **glad** nie. En ek dink dis **daai** dag wat mens,.... dat jou hele wese “betray” word.

R: Hoe het jy gevoel oor jou optrede in jou verhouding met X?

PD: Vanuit 'n mens se eie perspektief. En ek dink waar ek **nou** is...en die feit dat my verhouding met X was baie....dit was gebaseer op die waarheid, dit was nie “fake” gewees nie. En vir die wêreld daar buite...ek moes tot...leuenaar word. Ek bedoel ek moes vir mense sê ek gaan met S eet, ek kon nie vir hulle sê ek gaan saam met X eet nie. Ek moes **al** my vriende gebruik as..... “alibis” op daai stadium en dis **verskriklik** as ek dink dat ek dit sou doen. Toe ek uit die situasie uit is, ek meen, uit X se....teenwoordigheid was, het ek half meer beheer gehad oor die “chemistry” wat daar tussen ons was. En.... daar was 'n ongelooflike eerlikheid met almal om my en dit het net so gebeur. Ek het nie meer krag gehad om eers voor te gee nie, wat ek nie was nie en.... waar ek myself toe bevind het....ek kon nie mense saam met my....dra wat nie “**by**” was nie. Van my ouers, tot my vriende, almal, almal, almal het geweet. Daar was net totale eerlikheid met almal gewees.

R: Dit het vir jou belangrik geword dat jy oop kaarte met almal, jouself ook moes speel.

PD: Ja, dit was belangrik vir my dat almal geweet waar hulle met my staan. Ek kon nie weer...**nie** eerlik wees nie. Ek het so 'n totale.....afsku gehad in als wat leuens was en...stories enek wou weer op 'n plek kom waar ek nie weer “betray” kon voel nie.

R: Hoe kon jy so “ferm” met X wees en nie in yo-yo verhouding betrokke geraak het nie nadat die verhouding verby was?

PD: Ek het dit gehad....ek het dit gehad laas jaar maar iets het in my afgeskakel.....Ek het so hard probeer, ek het so hard geveg vir hierdie verhouding, ek wou so graag, bitter graag hê dit moes werk omdat ek reeds **so** baie geïnvesteer het, **als** van myself gegee het en dit was te laat. Mense kon nie vir my sê maar jy moes dit nie gedoen het nie....dit was te **laat**...ek het dit **klaar** gedoen. En almal sê vir my die seer gaan beter word, dit gaan weggaan maar dit word nie beter nie. Alhoewel X regtig my eerste **verhouding** was het ek 'n tipe van 'n “crush” op iemand gehad 'n ruk terug maar... hy was ook nie lekker in sy kop nie en.....ek was al in baie “weird” situasies maar ons hoef nie regtig daarop in te gaan nie, maar die feit is ek was.....ek was so half verlief op hom gewees jy weet, maar hy het ook met my gespeel. Met Xal wat daar nog oor was na hom was....ek het vir hom so geskryf.

PD: Weet jy, dit was ons gehad het sal ek **altyd** onthou en dit sal altyd van my mooiste herinneringe bly. Ek versamel self oudhede, antieke ware en ek het vir hom geskryf....dit was soos die mees fantastiese Lalique vaas of bak...wat ek in die heel mooiste 18 eeuse Kaapse kas gesit het en toegesluit het. Ek ek kon so nou en dan die kas oopsluit en die vaas uithaal, bewonder en dit afstof en dit dan weer terugsit en dis hoe ek gevoel het... Weet jy, maar toe D vir my hierdie jaar vertel van X..... het die bak gebreek en ek kon dit nie weer in die kas terugsit nie, dit was dit. Ek hou nie gebreekte goed nie. En dis moeilik, daar's nog steeds herinneringe... ek bedoel...ek moet omtrent elke dag by sy huis verby ry en ek moet omtrent elke dag verby sy vrou ry en alhoewel dit 'n kwessie van twee, drie maande was, die effek daarvan....dit was **verbysterend** gewees, ek het vir myself geskrik.

R: Wat dink jy sou tussen jou en X gebeur het as jy nie (weg)..gegaan het nie?

PD: Die feit dat ek weg was sou steeds kon werk. Byvoorbeeld, hy het gedroom van....hy vlieg oor soontoe en ons is 'n naweek in (deleted to retain confidentiality)..jy weet, met ander woorde....hy lewe in 'n baie gefragmenteerde wêreld, sy vrou en kinders, sy werk, sy gay leefstyl en ek dink dit kon baie werkbaar gewees het want alles word so afgebaken en die feit dat ek oorsee gegaan het....die feit dat daar 'n datum en tyd was het struktuur gegee en was 'n grens....'n grens in tyd, jy weet, dis soos 'n fliek. Jy sit vir twee ure daar, dit het 'n begin, 'n middel en 'n einde en dis klaar. En dit maak dit 'n baie.... tasbare en baie hanteerbare entiteit.

R: Bestaan daar iets soos 'n gelukkige verhouding?

PD: Ek is in my aard..... 'n persoon wat glo dit bestaan. Ja, ek kan nie glo dis nie moontlik nie....ek glo regtig dit sal gebeur, ten spyte van die “terrible” ervaring,ten spyte van die mense, nie net X nie maar die hele lot van hulle....glo ek nog steeds..ek kan nie anders nie maar...my verwagting is baie hoog..... van myself en van ander mense ook. En as iemand my ontmoet dan dink hulle ek is jonk en aantreklik of “whatever” hulle dink en dan raak hulle “excited” oor my en oor my beroep...jy weet...hulle is mal oor die idêe van 'n (deleted to retain confidentiality) as 'n “boyfriend” ...en dan.....na so ruk kom hulle agter maar...jy weet, maar hy is eintlik meer as net 'n gesig, jy weet daar is 'n mens, 'n komplekse mens agter die gesig. En ek wil bitter graag by iemand wees wat my kan vat vir wie en wat ek is en wat my sal respekteer en waardeer. Dis **al** wat ek wil hê....dis **al** wat ek wil hê.

R: Het jou ervaring van “betrayal” jou graad van vertrouwe in die mens geraak?

PD: Ek moet seker wantrouig wees maar ek is nie. Ek is dalk 'n bietjie meer versigtig as wat ek voorheen was maar ek...as ek vat met D...ek het nog steeds gegee en dit was nog steeds te veel, **ek** het nie verander nie....en ek het nog steeds seer gekry. Moes ek minder gee? Ek kan nie, dis in my aard, jy weet..alles gebeur nog steeds en.... hier is ek. Wat ek wel miskien aan dink is dat ek minder gou...jy weet, betrokke sal raak in 'n verhouding en dis erg vir my om dit te sê maar dis ongelukkig hoe dit gaan wees, ek kan nie anders nie... want ek gaan wragtig nie weer soos “Noddy deur die daisies” huppel nie jy weet...ek gaan eers die situasie moet goed deurkyk, ek weet nou so half waarvoor om te kyk in elk geval, dis al klaar iets van kardinale belang wat ek....hoe kan ek sê.....uit my ervarings geleer het.... voordat ek weer betrokke sal raak.

R: Kommentaar oor wie jy is en selfs jou beroep....dis alles gee, van jouself gedurig gee.

PD: Ja...gee gaan ek gee, dis wie ek is.....dis een van my **wonderlikste** eienskappe en dis iets wat ek **wil** graag doen en het ek al..... veral vir my vriende, spesiale mense in my lewe het ek al die wonderlikste geskenke al ook gegee maar...ek voel ek is op 'n plek waar ek ook behoefte het aan....”nurturance”...ek wil graag hê iemand moet my ook “nurture” jy weet....

R: Het jy dit ervaar in jou verhouding met X?

PD: Ek het dit ervaar ja...daai eerste ruk, daai eerste maand met X en toe het hy begin onttrek, so stelselmatig al hoe meer “distant” begin word en ek het dit begin mis. En ek was toe snaaks genoeg.....i.t.v...X het.... het die ritme aangegee, ritme.. is vir my baie belangrik en die patroon wat gevolg het...dit was vir my wonderlik gewees, dit was presies wat ek nodig gehad het..daai ritme het my so rustig en kalm gemaak. Ek was “grounded” en vir my was dit **so** belangrik. Van N....hy het nooit gegee nie, ek dink hy was seker nie in **staat** om te gee nie. X het ook vir my op ‘n stadium snaaks genoeg gesê..... maar hy **wil** nie voel hy **moet** elke oggend vir my môre sê en **elke** aand vir my nag sê nie, hy wil nie want dan is daar ‘n tipe rebelse streep in hom wat na vore gaan kom, as hy iets moet doen want dan is dit nie meer vir hom lekker nie. Ek het vir hom gesê hy hoef nie..hy kan self besluit wanneer hy wil en as hy die een week wil en die volgende **glad** nie wil nie, dan weer wil, dan’s dit ook nou maar “fine”, ek bedoel dit was als op sy terme gewees, wanneer hy wat wil en nie wil nie en....dit was so selfsugtig. Dit was dieselfde met D gewees, dit het net so gegaan, hy was self-sugtig, alles op **sy** terme jy weet en daar was geen”care” vir my gewees nie, nie by een van hulle nie...dat ek beleef het hulle gee nie vir my om nie.

PD: Alhoewel D het gesê en hy sê nog steeds hy gee baie vir my om maar ek het die nie **agter** gekom nie. Daar was nie vir my **belangstelling** gewees **regtig** nie. Ek bedoel die kern van ‘n verhouding was vir my...kommunikasie, “sharing” daai tipe van ding...dis wat ek graag wil hê **maar** as ek dit nie kan kry nie dan sal ek sonder dit gaan. Want die punt is.. om iets te hê wat naby aan dit is maar nie dit is nie, is erger as om niks te hê nie jy weet, want dit is asof dit dit **nog** net moeiliker maak want dis half **amper** daar maar nie heeltemal nie jy weet. En as ek aan myself dink daardie tyd..... was in my kop in elk geval geweeshier is ek, hier het dit gebeur en ek hoef nie eers te gaan soek het daarvoor nie en toe dit half jy weet....verbrokkel en “shatter”, nou moet ek weer....nou moet ek..uitgaan...”now I’ve got to get out there”, nou moet ek....gaan kyk wat daar aangaan en dis vir my ‘n “weird” idee, ek het so veilig gevoel, jy weet?.

R: Dis baie blootstellend en jy het jouself “vulnerable”gemaak op twee vlakke – binne ‘n verhouding perse asook jou “nuwe,” onbekende wêreld i.t.v jou seksualiteit.

PD: Ja. Dis waarvoor ek alreeds bang was en dit was iets gewees van...ja...ek gaan vertrou, dis “ok” jy weet so en dit is hoekom...dit is eintlik presies wat met my al gebeur het en hoekom ek so ge-“shatter” was. Ek bedoel daar was **soveel** van myself en soveel ander dinge betrokke, soveel ou emosies enen pyn waarmee ek moes deel. Ek sê vir jou.....mense is baie aanmatigend. Hulle kyk vir jou maar ek bedoel mans kyk vir vrouens ook jy weet in ‘n “bar” aan, maar gay mans...as jy gay is dan is dit klaar genoeg...dan het hulle die reg om vir jou...i.t.v. grense soos jou gesê het...hulle raak persoonlik, dis half “free for all” jy weet, ons is mos nou almal.....dit is mos nou een ding wat ons almal in gemeen het so dit is mos nou “fine” en die feit dat ek geweet hetek bedoel promiskuiteit is nogal van buite af deel van die gay wêreld en ja, dis daar, maar ek kan nie myself daarmee assosieer nie. Ek dink nie ek kan met iemand wees wat nie kan “commit” nie, op ‘n sekere vlak. Ek dink dit sal genoeg wees as ek weet dat hy vir my waarlik lief is en dis dit. Maar fisies, as hy nie kan “commit” nie dan....nee . En ek bedoel die feit dat X gesê het ‘n paar keer...selfs Julie/Aug...selfs September dat hy altyd getrou aan my sal wees, verander het en ek het hom gevra: “Sê vir my...”Did it change?” Toe sê hy “Nee, dit het nie”, hy is getrou aan my, daar is niemand anders nie. ‘n Paar

keer het hy gesê, daar is niemand anders nie, hy kan niemand anders in sy lewe hê nie, hy het nie die spatie vir enige iemand anders in sy lewe nie. Toe sê hy, hy het nie eers 'n beste vriend nie, hy het tyd vir niks nie so.....

R: Het julle ooit die insident in die restaurant na die tyd bespreek?

PD: Nee, nie weer daarna nie. Die **aand** wat dit gebeur het en die persoon badkamer toe is het ek probeer praat daarvoor en toe is hy maar kwaad.....en van toe af het ons nie weer daarvoor gepraat nie. Ek probeer dink wanneer dit gebeur het. Ek dink nie dit was baie lank.....voor1 September nie ...voor ons vir mekaar gesê het *adieu* jy weet, maar ek kan onthou daai ele tyd voor dit het ek besef ek **kan** nie meer nie, emosioneel was ek verniel. Ek kon net nie meer nie en toe sê hy vir my die situasie is besig om vir hom hande uit te ruk en ons moet nou uitmaak en so aan en..... o ja...ek is baie “demanding”, ek is ‘n baie “demanding” persoon en ek is baie bedorwe en.....dit was so ‘n onregverdige ding om te sê, dit was **so** “completely” nie waar nie. Ja, ek het hoë verwagtinge van die lewe, van myself, van mense, emosioneel....op **alle** vlakke. Ek bedoel dit is wie ek is en die punt is ek verwag **net** wat ek kan gee, dis die verskil...ek verwag **presies** net wat ek kan gee en ek dink nie dis ‘n onregverdige versoek nie. Maar vir my sê hy ek is bedorwe. Hoekom het ek fantastiese mense in my lewe? Omdat ek **self** fantasties is, omdat ek ‘n baie goeie vriend is en dis hoekom ek baie goeie vriende het. En hy het nie ‘n enkele goeie vriend in sy lewe nie...hy het “nobody”. As ek nou na hom kyk dan dink ek hy is partykeer nogal hartseer. Dan dink ek weet jy, hierdie man het sy eie gat gegrawe. In die tyd wat ek en hy bymekaar was het sy seun ...op pornografie op die rekenaar afgekom wat hy gesoek is. Ek bedoel, hoe **lank** gaan dit sy kinders vat om agter te kom wat eintlik aan die gang is?

PD: Sy naam is.... “Pep stores” op die dorp. Ek bedoel dit isjy kan met niemand praat wat nie iets oor hom te sê het nie. Dan praat hulle (~~deleted to retain confidentiality~~) en dan sê hulle vir jou.... maar hy lyk so “nice” en dit en dat en so maar... hy is gay. En dis mense wat hom glad nie geken het nie,..... Dit was net vir my snaaks...want ek bedoel hierdie man probeer sy hele lewe weghardloop van....van homself maar gaan dit hom help? En dat hy... gay, “miserable” alleen en oud sonder enige iemand, sonder vriende gaan wees.....en hopelik gebeur daar iets in sy lewe om dit te voorkom. Ek hoop hy kom tot inkeer of iets gebeur weet jy, maar.....al wat ek weet en al wat ek sê is.....ek het geen... **wraak** gedagtes nie. Die probleem met my is...ek raak nie kwaad nie ek raak **hartseer** en ek raak ge-“shatter”. Woede is nie ‘n emosie wat baie by my op kom nie, ek weet nie hoekom nie. Ek is nou nogal...daar was oomblikke wanneer ek kwaad was veral nadat ek.... jy weet...gehoor het, maar dis nie ‘n ding by my van wraak of so nie. Ek het nie die lus of die krag om hom te..... jaag nie. As jy iemand jaag dan hardloop jy self, verstaan? X het sy eie lewe, daar is “justice” en wat sal gebeur sal gebeur.

R: Hoe laat X se smse jou voel?

PD: Nog steeds afgeskeep, want ek **weet** ek is nie die enigste persoon wat daai sms kry nie. Daar is seker 20 ander mense op die lys vir wie hy die sms stuur jy weet. Die feit dat hy **my** kontak beteken nie noodwendig eers hy dink aan my nie. Dis ‘n totale verheerliking van homself. Hy stuur hierdie soetsappige boodskappe in hoogdrawende Afrikaans oor die herfs en oor dit en oor dat en dis....net...die feit dat ek weet dit nie net vir my gestuur is nie dis ‘n “send all”. Daar is seker nog ten minste drie ander mense wat ook die sms kry so dis nie net vir my nie. So...ek sien presies hoe ek nou in die prentjie in pas. As ek nog was waar ek voor Februarie was dan ja, hy dink nog aan my...ek

is nog “special” vir hom, daar’s ‘n plek in sy hart wat net ek kan vul, blah, blah, blah...en al daai tipe van goed...maar dit is nie so nie. Ek dink ek het myself oortuig want ek is so in die realiteit, en..... hy het hierdie lys van mense en hy gaan so deur die lys en so in sy gedagtes besluit hy ja....ag, kom ons gooi bietjie die aas uit miskien hap hy. En as ek te lank vat om te “reply” dan beweeg hy aan na iemand anders en dis hoe dit is.

R: As jy so daaroor dink, help dit vir jou om aan te gaan?

PD: Dit **help** om aan te gaan. Ek wou nie eintlik nie want dit beteken ek mis hom. Maar dit help my, natuurlik...ja. Weet jy, hoe moeilik is dit om te sê: “Wat maak ek met **my** emosies, wat.... beteken dit alles?” En van als wat ek beleef het...wat die seerste gemaak het, is dat.....**my** emosies was...hulle was intens, hulle was eg en hulle was “beautiful” Dit was “unspoilt” en dit was die mees wonderlikste emosies wat ek vir hom kon gee, dit was my self-beeld en op daai stadium het ek gedink, die rede hoekom ek dit doen is omdat dit veilig is, omdat hy dit terug gee en dit wil terug gee. En dit was net ‘n totale twee-rigting straat gewees.

PD: En die ontugtering, besef van “betrayal” want ek dink dit is wat dit is maar...dit **was** nie so mooi niewat dan van my emosies, wat was dit dan? Moet ek dink ja maar dit kon nie gewees het nie, dit moes nie? So...wat doen ek daarmee? Wat doen ek met die mooi deel daarvan? Soos ek gesê het, die bak het gebreek. As ek nou terugkyk en besef wie X is en wat hy gedoen het....en dis vir my baie erg....”I was the fool”. Jy word in jou diepste verneder...jou hele menswees word verneder. Ek’s nog steeds verbyster en ...ek vra myself af....**hoe** is dit moontlik dat dit met **my** kan gebeur....my van alle mense?. “Why?” Ek’s mos goed en ek is “nice”. Dis nie hoe dit veronderstel is om te gebeur nie jy weet,.....dis nie iets wat ek..... verdien nie. En daar is **niks** wat jy vanuit jou self kan doen om dit te verander nie, jy is absoluut magteloos. Dit maak nie saak hoeveel eerlikheid, opregtheid jy gee nie, van jouself gee nie, niks kan dit verander nie.

R: Kommentaar oor die gevoel van magteloosheid - die hoop om die ander persoon te “secure” deur als die gee.

PD: Natuurlik behoort dit. So ek bedoel.... as ek nou elke *rouble* wat ek gehad het moes gee, sou ek dit doen. Ek het nie geloop voordat ek nie elke sent wat ek gehad het op hom spandeer het nie. Dis hoe ek is. Ek het **als** wat ek gehad het gegee, ek het nie met twee sent in my beursie weggeloo nie, ek het als gegee. Die verhouding.....my ervaring was en hoe ek naderhand gevoel het en wat wel gebeur hetdie verhouding het my **berooft** van my aard, van my identiteit so..ja..ek bedoel as ek moet dink aan die impak op jou lewe...ek dink nie daar is ‘n groter impak nie... dat jou hele identiteit...onder andere “verlore” gaandis nou maar die afgelope paar maande wat dit weer terugkom. En dit was **verskriklik** gewees, ek bedoel...hier is ek.... ‘n persoon met internasionale erkenning maar ek weet nie wie of wat ek is nie...ek is net niks, op alle vlakke. En dit het oorgespoel tot ander dele van my lewe, heeltemal.

R: Is daar nog iets wat jy nog kommentaar oor wou lewer?

PD: Miskien net dat na my eerste en..... ek sluit my tweede ervaring in nadat N....my totaal en al uitgeput het ...ek was in die “slipstream” van X, so ek was nie rêrig daar vir hom gewees nie....dit was vir my ‘n “**cop-out**”. Toe dit by D kom was daar alreeds by my...jy weet....ek kon daar uitstap... minder, baie minder...”shattered”, ...daar’s nie “brokenness” nie , en.... ja so bietjie pyn, maar ek het weggestap en **ek** kon “cope”, ek kan myself hierdeur kry, ek weet ek is in staat daartoe en daarmee. Die punt is...ek dink nie ek sal ooit weer gaan waar ek met X was nie. Ek weet nie of ek **ooit** weer in my lewe.....ek dink nie ek **kan** ooit weer in my lewe weer dit ervaar nie want grense wat reeds baie nodig was, moes ek in plek stel en hulle is daar...en dis daai grense wat **jou** beskerm, jou “**core**” . En ek dink as een keer, as **daai** deel van jou seerkry, **so** seerkry, die totale kern van jou menswees...ek dink dan...mens **weet** dat jy dit nie weer sal kan vat nie.

R: Kommentaar oor die daarstelling van ‘n “nuwe grens” om jousef te beskerm.

PD: Daar’s ‘n nuwe grens en hy’s daar. Ek weet nie..... Dit was een van die ander dinge wat ek bevraagteken het.... my eie oordeel, oor myself, oor ander mense ...ek kon myself amper nie meer vertrou nie, en ek moes weer daar uitkom, myself weer probeer vertrou, ja.

R: Verdere kommentaar oor “oordeelsvermoë en die wete dat jy gewoonlik mense baie goed kan opsom.

PD: Ja, natuurlik en ek bedoel.....dit was een van my.....eienskappe gewees waarmee ek gebore is....daai “perceptiveness” en vermoë tot waarneming jy weet...en dit het nog altyd vir my gewerk so hoekom nou..... vra ek myself af...wat het ek gemis en hoe kon ek dit rêrig mis.? As dit so “obvious” was....”why?” Net bloot omdat ‘n mens dit **kan** mis en **wil** mis Dan dink ek maar wat het gemaak dat ek dit nie raakgesien het nie. Dis baie “beautiful” om naïef te wees, kinders is wonderlik en pragtig en dis een van hulle mooiste eienskappe en dis baie hartseer dat dit moet verander. Dis baie hartseer dat mens daai mate van skeptisime moet aanleer om te oorleef en dis jammer in daai opsig, dis jammer vir die wêreld...dit sou wonderlik wees as ons almal net kon vertrou en...almal net ...jy weet...op ‘n manier soos kinders kon wees... maar daar is as volwassene dink ek ‘n “sense of loss”, daar’s definitief ‘n “sense of loss”. Ek het ‘n geweldige “sense of loss” ervaar. Dit wat ek moes verloor het, dit wat ek verloor het, dit wat ek teruggekry het, maar daar is goed wat daar agter gebly het wat vir altyd verlore is. Dit wat ek moes verloor was maar deel van die “groot word” proses maar dis nie iets wat ek regtig **wou** doen nie, so in daai opsig ja, dis waar wat jy gesê het, dit is jammer.

R: Kommentaar oor ‘n persoon se hoop na die mooi – weg van die harde realiteit.

PD: Dit **is** so en ek **moes** seker deur die ervaring gaan want ek besef nou hoe gevaarlik en potensieel gevaarlik dit vir my kan wees as ek nie grense in plek stel nie en daai grense moet **so** in plek wees dat ten **spyte** van al daai waardeur mens gaan daar is steeds **parte** wat bly staan. Maar dis nie lekker nie want hoekom moet mens.....wees soos wat jy nie noodwendig in jou aard is nie? Dis **aaklig**.... dis “terrible”. Mens is heeltewel nie jousef nie. Ek was

heeltemal...nie myself nie, ek glo dit, ek **weet** ek was nie myself nie. Maar wie ek was....ek was 'n ander persoon, nie myself nie.

R: Jy moes die verhouding beskerm so jy kon nie ander mense se perspektief kry nie.

PD: Nee, ek kon nie en ek moet sê... dis baie ongesond om so apart en.... jy weet... amper af te sonder te wees van almal. Waar as hulle deel sou wees sou hulle kon sê maar wag so bietjie...wat van hierdie en hierdie, dinge wat ek nie dalk raak sien nie..... en ek dink dit is nodig.

R: Wil jy nog enigiets byvoeg rondom jou ervaring van “betrayal”?

PD: Niks waaraan ek op hierdie stadium kan aan dink nie. Ek dink dit was dit vir eers.

EINDE VAN ONDERHOUD

APPENDIX G

INTERVIEW (1): PARTICIPANT E – 31/03/05

INTERVIEW (2): PARTICIPANT E – 08/04/05

R = Researcher

PE = Participant E

R: Wat beteken die word “betrayal” vir jou?

PE: P en sy vrou is na ons kerk beroep in...2000. Sy was toe swanger met hulle tweede kind en aanvanklik...hy’s jonk en hy’s grapperig en...hy’s baie aangenaam, rênig ‘n aangename persoon en hy’s aantreklik...op ‘n... op ‘n vreemde manier nou nie hierdie Johnny Depp jy weet tipe van film ster nie, maar hy’s aantreklik. Sy vrou was van die begin af absoluut hierdie **agressiewe** tipe persoon, ek het haar so beleef ook. Ek het...ek het probeer...net uit ‘n mens plek het ek probeer om “nice” met haar te wees en ek het bv. geselsies probeer aanknoop en gevra hoe vêr is die baba, jy weet, sulke nonsens eintlik...as ek praat van nonsens....”small talk”, probeer maak. Ek wou haar vreeslik welkom laat voel omdat hulle jonk was want die ander dominee ([deleted to retain confidentiality](#))... hulle is al ouer verstaan, so.... eintlik, nie dat ek op die verwelkomingskomitee was nie maar eintlik net om hulle te probeer welkom heet. Dis hoe ek...uit my staanspoor uit het ek...dit was my “intention” as ek dit so kan stel, maar sy was nie oop daarvoor nie. Ek het maar gedink sy is moeg en sy kry warm en al daai dinge so hier en daar het ek net ge”smile” en ge”hi” en “bye” maar sy was nie baie vriendelik nie.

PE: Selfs haar hele houding in die kerk, sy was vreeslik snobisties en vreeslik bewus van haar man is die dominee en sy loop op en af in die paadjie en sy kyk mense aan en...jy weet, sy’s so. Sy is ‘n vreeslike bombastiese tipe, dominerende tipe vrou. Ek het altyd gespot en gesê, sy het net ‘n bos sleutels aan haar sy nodig, want sy is soos ‘n “warden”. Ek kan my indink... sy is ‘n **harde** tipe persoon, jy weet, maar in elk geval. En toe die Oktober, het hy my gebel werk toe. Dit was vir my nogal vreemd, ek het nog daai tyd in D gewerk en ek het gewonder daarvoor. Dit was net nadat ek geskei is en ek het by my ma gebly en...wat vir my vreemd daarvan was...ek het gewonder hoekom bel hy my werk toe nommer een en toe het hy net gesê, nee hy wil met my praat oor ‘n geval, jy weet want hy het bietjie raad nodig en daai klas van goed. Dit maak toe vir my sin en ons het daarvoor bietjie gepraat maar **lekker** gesels, vreeslik lekker gesels en lank gesels en toe bel hy my weer so maand daarna en toe dink ek....dit was nie vir my vreemd soseer soos in wat soek hy nie, dit was net vir my opvallend dat hy bel, jy weet. Ons was nie huis vriende nie of jeug toe gegaan nie of sulke goed nie maar in elk geval....en toe was hy by my ma ook gewees en toe bel hy later die jaar huis toe en ek dink hy bel toe om met my ma te praat want hy en sy het saam op so “omgee” komitee gewerk en hulle het goed oor die weg gekom. Sy het gedink hy is

baie “nice” en so aan. Soos dit toe uitdraai wou hy toe met my praat en dis toe weer oor ‘n lidmaat wat hy gesien het vir berading. Op daardie stadium het dit vir my reg geklink, dis hoe dit moet wees, dis raad wat hy nodig het en dis al wat in my kop aangaan want sy babatjie is toe onlangs gebore en al die dinge so..... verstaan, daar was nooit vir my ‘n ding van daar’s iets anders nie. Maar ek los dit toe.....en toe het my ma geval en haar been gebreek en hy het dikwels vir haar kom kuier want sy kon nie kerk toe gaan of loop of iets nie so hy het baie vir haar by die huis en in die hospital kom besoek. Toe hy kom kuier dan het ek gewoonlik vir hom iets gemaak en gelos om te eet want my ma kon nie, dan bel hy werk toe om dankie te sê vir die wat ookal dit was, “hot dog” of “toebie”. Toe naderhand sê my ma vir haar dit lyk vir haar asof ek dit nogal geniet om vir hom iets te maak om te eet. Dit was nie my issue nie maar dit was lekker om te weet daar was iets vir hom te eet bv, maar ek het toe begin wonder hoekom doen ek dit, want ek skuld nie vir iemand iets in daardie opsig nie, hoekom doen ek dit? Toe wonder ek of ek nie miskien vir hom ‘n verkeerde teken uitgestuur het nie daai tyd nie, maar dit was nie ‘n “issue nie” – ek het gevoel dit is vir my “nice” om te doen. In elk geval..... en so het hy gekuier en gekuier en op daai stadium.....sien ek toe nog vir F, die duikman wat my toe in hierdie ding ingedruk waar ek ‘n “crash course” moes gaan doen sodat ek kon saam gaan duik in Soedwana...en P het ook voorheen geduik.

PE: My ma was vreeslik bekommerd oor die ding van ek gaan duik en ek self was bekommerd maar ek wou nie vir iemand sê nie want dis F, jy weet, die “dish” en ek moet die “pose” hou en sy het vir P gevra om my te bel en om met my praat want sy is baie bekommerd en hy weet hoe gevaarlik dit is en al daai klas van ding. Maar ek was “adamant”, ek gaan nou gaan en hy het toe gebel en gevra: “Asseblief, as jy nie veilig voel nie en skrikkerig voel en al daai dinge, moenie gaan nie”. Ek sê toe: Ja, ek verstaan en baie dankie dat jy omgee”, daai klas van ding en toe spot hy nog en sê, “as ek en hy saam sou duik, sou hy my mooi oppas” endit was nou alles so ha ha ha grap klas van goed. Tussentyd dwaal sy vrou nog daar rond. Toe ek terugkom.....hy het vir my gesê wanneer ek terugkom moet ek hom laat weet ek het oorleef. Dit was vir my “fine”.....as ek nou mooi daaroor terugdink...kon ek dit miskien daar gelos het, ek **hoef** nie te gebel het nie, maar dit was half hierdie ding van ‘n vriendskap tipe goed nou jy weet, in my kop. In elk geval, ek bel hom toe en sê toe ek het dit oorleef, die, hele storie en toe sê hy ons moet op ‘n kol dalk gaan koffie drink of iets eet om meer hieroor te “chat”. En toe sê ek : “Ja.....dit sal nogal “nice” wees en ek spot toe nog en sê, “Weet jy selfs dominee het vriende nodig en “support” nodig”. En dis hoe ek myself rêrig gesien het. In my oë, in verhouding tot hom was ek vir hom ‘n “vriendin” of nog ‘n ondersteuning. Ek het gevoel, met wie kan hy praat jy weet, daai klas van ding. Ek kan nie dink.....en dit was **ooglopend**...hy was nie gelukkig nie, in sy huwelik nie, so ek dink toe “shame”, met wie praat hy, en ek het op daai stadium “anyway” vir F gehad. Kort na die duik episode natuurlik is ek en F uit want die man was roekeloos en hy het nie omgee vir my veiligheid nie, my probeer aftrek daar in die dieptes in toe dog ek nee ek moet hom los hy gaan my dood veroorsaak.....en ek en P reël toe ons gaan iets eet. Ons gaan toeen ek sê vir hom...naiëf soos ek was: “Kry my by die winkelsentrum om die hoek van die kerk, kom ons gaan eet ontbyt.” Hy kom toe daaraan en hy het altyd sy kerkboordjie gedra maar die dag het hy ‘n trui aan en die boordjie is weggesteek en hy lyk sommer ongemaklik.....en dit was nogal vir my...ek onthou op daardie stadium, ek het ongemaklik gevoel....dit was nie meer daai ligte, “fun”, praat oor my duik..dit was nie daai ligtelike...oor die foon wat ons gehad het “chat” nie.

Daar was half 'n tipe van 'n gedempheid, a “heaviness” daaromtrent en.....ek weet nie hy het iets omtrent homself gesê van..iets neerhalend en toe sê ek, klot wat ek toe is in retrospek. “maar ek dink nie so nie ek dink jou vrou is baie gelukkig en hoop sy pas jou mooi op”. Ek wou hom beter laat voel en hom graag komplimenteer, nie “lead him on” nie, net komplimenteer.

PE: Hoekoem ek dit noem is na die tyd was **dit** was vir hom blykbaar die “clue” dat ek baie van hom gehou het. Maar dit was relatief. Ek het dit nie op daardie stadium so bedoel nie, die doel was meer om hom te komplimenteer. “Anyway”....en ek onthou net ek het vir hom gesê van die “support” aksie en ons kan vriende wees, dis vir my lekker en al die dinge en ek sê toe ook vir hom, ek het soveel e-pos grappies en goed wat ek vir hom kon stuur, hy moet vir my sy e-pos adres gee en weet jy, wat vir my nou opvallend is, want daar was **tekens** al die pad van.....die man is ongemaklik want sy **agenda** was anders en ek het dit nie op daardie stadium besef nie, want my **agenda** was nie dieselfde nie. Weet jy, hy **kon** nie sy e-pos onthou nie. Hy het vir my seker 3 verskillende e-poste gegee en...as ek **nou** daaraan dink...was dit baie vreemd, want hy het hulle in my dagboek geskryf maar onderstebo sommer en hy het gesê: “ek kan nie onthou nie”, dis of dit of, of dat, hy sal laat weet. Nou dat ek noem, was dit vir my baie vreemd. Op daai stadium het ek net gedink ; “O well”, hy kan nie onthou nie, tipe van ding. So nou weer kan ek sê, ek **besef** nou, sy agenda was anders. In elk geval, daarna gaan ek toe met verlof, toe sê hy dit was nou so lekker gewees die ete, miskien kan ons dit meer gereëld doen, so een keer 'n maand of so toe sê ek : “Ja, dit kan lekker wees. Ek gaan met verlof wees, kom ons gaan dan”. Ja nee, sure hy sal my bel. Toe bel hy en ons gaan uiteet, middagete. Hy sal vir my by die huis kom oplaai. Alles is toe gereël. Die vorige week, is die ou dominee se vrou oorlede, sy het kanker gehad en P moes die begrafnis doen, uit die aard van die saak, maar hy was baie senuweeagtig het hy vir my gesê want dis die baas se vrou. “Anyway”, toe stuur ek vir hom die oggend van die begrafnis vroeg so agtuur 'n sms om vir hom te sê, dink aan jou, baie sterke, glo dit sal goed gaan en 'n Bybelvers daarby. Toe hy my oplaai om te kom eet en ons ry in die kar, is hy “fine”, nie ongemaklik of so gelyk nie en hy het musiek in die kar gespeel en alles was “fine” en toe ons by die restaurant kom toe sê hy ons moet daaaaar in die hoek gaan sit. Hy het gesit om uit te kyk en ek het oorkant hom gesit om na die muur toe te kyk. Ons was toe die enigste ander mense behalwe die “waiters” in die restaurant “by the way” en dit was vir my vreemd. Ek wou buite op die sypadje sit, dit was 'n heerlike dag maar hy wou in die hoek gaan sit so, geen krisis nie daar sit ons toe.

PE: Toe onmiddellik maak hy die gesprek oop met: “Luister, moenie vir my sommer sms’ stuur nie.” Ek sê toe: “Wat? Ek verstaan nou nie mooi nie”. Toe sê hy net sy vrou hou nie daarvan nie. Toe is ek so verleë want dit het nie eers in my kop ingekom nie en ek vra toe om verskoning as ek hom in die verleentheid gestel het, vreeslik “nice” was ek toe. Maar ek sê toe ook, maar het jy nie vir haar gesê van wie dit kom en waaroor dit gaan nie, jy weet?. Hy sê toe nee, hy het glad nie vir haar gesê nie, maar ek moet asseblief dit nie weer doen nie. Dis toe vir my vreemd. Ek het toe nie weer nie.

PE: By die ete toe hy “cheers” sê hy toe : “Gesondheid op ons geheime vriendskap”. Ek sê ek, “Ek is nou nie by nie. Ek het geen geheime nie. Hierdie is vir my “fine”, ek wil graag met jou vriende wees

en met jou vrou maar sy is nie oop daarvoor nie”. Toe sê hy, nee ons sal hierdie ongelukkig ‘n geheime vriendskap moet hou want daar is baie mense wat dit nie sal goedkeur nie of daarvan sal hou nie. Nou moet ek sê, ek weet nie hoekom ek so naïef was nie of ek **gekies** het om so naïef te wees maar ek kan nie glo ek was so naïef gewees nie. Ek kon nie insien, die man is besig omdie agendas het verskil nie, wil ek sê. Toe het ons so oor en weer gekuier en dan het hy gebel ek moet by hom ‘n boek kom kry by die kantoor en ek gaan toe, groet die hele klomp by die kerk, die ou dominee, die sekretaresse, ek het mos niks om weg te steek nie. Hy maak toe intussen tee, ek kry die boek en net die middag wat ek die boek kry, ‘n dun, niks-nuts boek “anyway” gewees, dit was “obviously” ‘n verskoning sien ek toe later, bel hy weer en vra is ek by die huis, hy wil met my kom praat. Ek dog toe: “O jinne, daar’s probleme met sy vrou.” Ja, sê ek toe, ek’s by die huis. Toe ons so sit en gesels, gryp hy my hand op ‘n kol en hy sê hy moet nou met my praat, daar is iets wat hom verskriklik pla. Ek is baie ongemaklik toe met sy hand maar ek trek ook nie weg nie en vra toe wat pla. Toe sê hy **ek** pla hom vreeslik. Toe dog ek weer “O jinne, die bel en die eet en die sms”. Toe vra ek om verskoning en sê ons los dit, stop alles, ek het gedink ons kon vriende wees en ek weet hy kan doen met ondersteuning maar ons los dit. Toe sê hy nee, dis nie wat hy bedoel nie, hy bedoel....hy het gevoelens vir my begin ontwikkel en dis vir hom baie erg en hy wil by my wees. Toe is dit vir my te veel, te “wow” op daardie stadium en ek retireer vreeslik en sê, “O nee, wag, die implikasie daarvan is net te groot om te absorber en jy’s getroud en al die dinge, dominee in die kerk”. Nee sê hy toe, hy het sy “mind” opgemaak, hy en sy vrou sukkel al jare om hulle huwelik te red, hierdie baba was nie beplan nie en dit het ekstra stress op hulle huwelik geplaas. Hulle het **soveel** probleme, hulle sal nooit hulle huwelik kan red of herstel nie. Hy kon toe nog nie op daardie stadium skei nie want dan verloor hy sy dominee-skap en moet uit die kerk vir 5 jaar, so hy kon nie skei nie. Maar hy het nou besluit, hy wil my leer ken en hy sal bereid wees om alles prys te gee om by my te wees, sy huwelik, sy kinders, sy huis, sy alles, sy kerk, sy dominee-skap, sy alles. Hy wil my eers net beter leer ken.

PE: Toe sê ek vir hom “Sjoe, jy plaas my nou in ‘n baie moeilike posisie want eerstens jy is getroud nommer een, bo en behalwe enigeiets anders en nommer 2, ek kan nooit van jou verwag as dominee om jou preekstoel en die kerk te los nie. As jy ‘n gewone man was is skei meer moontlik want die verlies is nie so groot nie maar nie onder hierdie omstandighede nie. Daar is nie ‘n manier dat ek dit wil hê nie, dis net te groot vir my, so sovêr dit my aangaan nee!! Soveel soos ek so voel ek is baie aangetrokke tot jou ens, daar is net te veel “obstacles” en te veel implikasies”. Toe sê hy ek moet nie so haastig besluit nie, net dink daaroor. Toe hy nou ry toe vra ek waar los hierdie ons nou, is daar nie meer die opsie van vriende nie? Nee sê hy, daar is nie meer die opsie van vriende nie – hy kan nie net vriende meer wees nie en dit hang nou van my af. Op daai stadium het ek nie die betekenis van daai stelling besef nie. Eers weer in retrospek het ek besef, as ek vir hom sou toelaat, sou hy terugkom maar op sy terme. Ek was toe so deurmekaar.....regtig deurmekaar en wat vir my vreemd was...ek is regtig nogal ‘n helder denkende mens maar ek was totaal en al deurmekaar soos ‘n regte klot. Ek het soos ‘n regte klot hierdie ding benader, ek kan dit nie.....verstaan nie maar ek was soos ‘n klot. “Anyway”, hy ry toe en los my met “ek moet besluit” en hy sou weer bel en ons kon dit toe weer bespreek. Toe hy weer bel, toe sê hy, hy wil my begin sien en hy en sy vrou het weer “ructions” die vorige aand gehad, nog meer as te vore en toe

sê ek: “Nee, ek wil nie hê daar moet probleme wees nie, ek wil hê julle moet dit probeer uitsorteer, wat van huweliksberading, sou dit nie vir julle hoop gee nie?”. Nee, hulle is verby hoop en hy het sy “mind” finaal opgemaak, hy wil haar los. Toe sê ek “Sjoe, dis vir my baie, baie ernstig, kom ons vat dit net kalm”. Toe sê hy goed, maar wat hy van my gaan vra is, as hy my gaan leer ken en as hy bereid dan gaan wees of vir my alles te los, moet ek “commit” om te sê of ek daar gaan wees want hy wil nie alles prysgee en ek is nie daar nie, dan was die trauma alles verniet. Dit het vir my nogal sin gemaak, so “stupid” soos dit nou klink. Ek het nog aangedring ek wou net hou by vriendskap, ek wou nie iemand seermaak nie, dit was vir my baie belangrik. Toe sê hy ek moet net besluit of ek daar gaan wees dis al. As ek so besluit dan beteken dit ek en hy moet ‘n verhouding hê want dan het hy daardie sekuriteit om **alles** te los....en hy weet ek is daar.

PE: Ek sê toe, ek wil net daarvoor dink, dis vir my ‘n **vreeslike** groot besluit en dis ook op my gewete eintlik al klink dit nie so nie, die kerk, sy vrou, o jis, dit was **verskriklike** goed. Snaaks genoeg net kort daarna, begin ek onbekende oproepe kry op my foon....en toe kry ek ‘n oproep van sy vrou af wat wil weet wie praat. Wat gebeur het sy het toe agterkom nadat hulle so baie begin stry kry het en hy word toe “distant”..... op sy staat hy bel ‘n paar nommers gereëld en sy was toe besig om hulle te “track” en te sien wie is die mense wat hy so bel. Ek het nie geantwoord nie, dit was half sewe die aand en my sesde sintuig sê toe dis die “warden” moenie antwoord nie. Omtrent 10 minute daarna kry ek ‘n tweede oproep van haar ma af, hulle was soos ‘n simbiotiese, siamese tweeling, aan die heup verbind. Ek het dit ook gelos. Hoe ek weet dis van haar ma af, die foon nommers was amper dieselfde en ek het P se huis nommer geken, nooit gebel nie maar gewet wat dit was.

PE: Die volgende dag toe hy bel, sê hy, hy wil my waarsku, sy’s besig om te soek na die eienaars van die foon nommers, dit gaan verskriklik sleg by die huis, ek moenie antwoord nie. En nou weer as ek terugdink, wat ‘n “cheek” van sy kant af, om my eerstens in die posisie te plaas en dan nog te “waarsku”. Ai ek was darem so simpel. Toe sê ek weer vir hom van huweliksvoorligting en sorteer die probleme uit maar hy wil niks weet nie en miskien teen die tyd het ek dalk begin bang word....ek weet nie maarek het nie kontak verbreek nie. Nee, dis verby hy kan nie meer nie, daar’s **geen** hoop nie. Hier trek ons al so by Augustus, hy verjaar dan en die oproepe kom toe nou meer gereëld deur van sy vrou af en op ‘n kol bel sy van ‘n ander foon af en ek besef nie dis sy nie en sy kry my toe in die hande. Sy is **woedend en hysteries** en sy wil my net laat weet sy weet ek het ‘n seksuele verhouding met haar man en ek beter wegbly. Dit was op daardie stadium nie ‘n seksuele verhouding nie, verstaan, gevoelens verseker maar ek was nog in die besluit fase van gaan ek hierdie man tegemoet kom soos hy gevra het of gaan ek hom los. Ek het dit natuurlik onmiddellik ontken. As jy haar geken het, was dit die slimste ding om te doen ☺,maar dit was ook so.

PE: Ek het vir haar gesê sy is besig om die lyne gekruis te kry, daar’s geen sprake van ‘n “affair” nie. Ja, ek het hom gesien en ons het al ‘n paar keer gekuier soos wat hy gesê het hy met ‘n paar ander van sy “vriendinne” in die groep doen ook, vir seker maar sy weet daarvan. Nee, sy weet toe niks daarvan af en raak toe nog net meer hysteries. Sy was so mislik, besluit ek jok vir haar want iemand jok

vir haar en sy gaan uitvind wie dit is dan gaan ek bars. Daarna, was sy toe soos 'n "bulldog". Sy het nie laat gaan nie. Later vind ek uit dit was nie die eerste keer dat sy hierdie moes deurmaak nie dis hoekom sy so histories te kere gegaan het. In elk geval so hou sy toe aan totdat hy sonder om my in ag te neem, vir haar sê, ja hy is lief vir my en hy wil by my wees, maar niks het nog **gebeur** nie. Intussen, "cover" ek vreeslik vir hom want ek wil hom beskerm want hy het my mos gewaarsku, en dit was vir my baie, baie erg, dat hy my soos 'n aap laat lyk het terwyl ons nou veronderstel was om saam hierdie "tidal wave" te begin ry.

PE: Sy verloor dit toe heeltemal en kry die die hele kerkraad en die ou dominee en die vriende in die sel groep en almal begin my bel. Ek raak toe ook somer opstandig en bel **hom** toe en vra wat gaan aan, al hierdie mense wat bel en ek "dodge" net oproepe, maar ek besef iets is hier aan die gaan. Die kerk se fondasie is toe geskud. Die uitvoerende raad hou nood vergaderings maar nog nie een het my kant van die storie gehoor nie, die dominee wil my sien....liewe land, ek was nog nooit so baie deur die kerk gebel nie. Die hoof-ouderling preek vir P oor sy verantwoordelik as dominee en sy gesin ens. en sy toekoms en sy loopbaan en alles en so, en sê toe blykbaar "Moenie alles net so weggooi vir nonsense nie, M sal altyd daar wees". Jy sien wat P altyd gedoen het deur hierdie hele ding, hy het altyd vir my kom sê wat sê wie ookal, of dit nou hoe seergemaak het of nie. Hy't nooit gedink om my te beskerm nie en ek glo nou hy het nog saamgepraat om sy eie bas te red soos ek jou later sal vertel. Miskien was hy ook naïef en wou "eerlik" wees, ek weet nie, dit is die verste opsie op hierdie stadium vir my maar ek dink ook hy kon nie die druk van hierdie ding hanteer nie toe hy eers daarin was.

PE: In elk geval, daar was die vreeslikste goed van my gesê wat ek geglo het moontlik was en mense, soos wat mense maar is, klim toe op hierdie "gravity" trein en trek my uitmekaar het. Van ek is lesbies hy moenie met my tyd mors nie, omdat ek een jaar vir 6 maande lank kerk toe met "'n ander vrou" gekom het en min met mans. In die tussentyd was dit my vriendin van 19 jaar, wat gedink om lid te word van die kerk en sy het begin saamkom. O ja...ek is toe van 'n "lesbian" na 'n mannejongter en 'n mannevreter genoem en hy het my al hierdie goed kom sê wat die vroue so oor en weer vir mekaar vertel. En jy weet hoe kan dit met die kerk "suster"s veral gaan, party van hulle so kamstig vroom en preuts, as hulle eers bloed ruik, hou hulle nie op nie....dis soos vleis vir hyenas gooi. Die ou dominee probeer toe om die chaos te stil en bel toe hy P se vrou en sê sy moet rustig raak, ek is eintlik baie gaaf en ek sal nie iemand seer maak nie al het ek partykeer vreemde smaak in mans...kan jy glo dit was nuus vir my... hy ken my al toe 25 jaar en het my getrou en as lidmaat aangeneem al die dinge, ken ook my familie en al hierdie dinge.....en....sy moenie bekommer nie, ons sal dit uitsorteer. In tussen word dit al hoe erger.

PE: Met sy verjaarsdag, skryf P se vrou vir hom 'n laaang brief oor hoe jammer sy is oor haar aggressiewiteit....dit was blykbaar hoekom hulle so gesukkel het en sy was so sy het hom somer geslaan of sy hare getrek of so...as sy kwaad geraak het. Ek kon dit nogal van haar glo want sy het haar kind rondgeruk een keer voor die kerk. Sy is elf jaar jonger as sy kan jy glo en sy gaan so aan en praat met hom asof hy 'n stuk "scrap" is en....hy vat dit maar want as sy hom sou los....sou hy dan die kerk moet los. Maar nou wil ek ook sê.....hy vat dit want hy het nie 'n ruggraat nie, wil ek sê, in retrospek.

Maar verseker sy het die septer geswaai want sy was in die magsposisie gewees....ek dink dit was vir hom baie bedreigend gewees.

PE: Die brief wat ek nie veronderstel was om te sien nie maar wat in sy briewetas was saam met 'n mooi kaartjie en foto's van hulle kom ek toe op af toe ek begin soek na "clues" want ek dink..... ek was in my onderbewussyn nie so oortuig dat dit regtig so sleg gaan nie, daar was vir my 'n paar stukke wat nie gepas het nie maar ek het nie te veel aandag aan hulle gegee nie op daardie stadium nie. Ek wou seker nie. Hy kom eet toe middagete en toe hy ry om 'n begrafnis te doen, kyk ek deur die briewetas, so "recce". Dit was baie sleg om dit te doen, ek is eintlik skaam om dit te sê want dis nie iets wat ek gewoonlik doen nie maar ek het. Ek kry toe al die goed, en in die brief smee sy om vergifnis en kan hulle asb weer probeer en blah, blah blah. Ek was geskok. Toe besef ek hierdie vrou is desperaat, al is sy so gevoeloos, dit maak nie saak hoe ek voel nie of hoe hy voel nie, ek stop **nou** hierdie ding, hierdie vrou verdien 'n kans om haar huwelik te red verstaan? En ek erken toe "obviously" nie dat ek in die briewe tas was nie maar toe hy terugkom, besef ek wat hy my nie sê nie is hoe sy probeer, net hoe sleg dit gaan. Ek kan dit indink want ek sien hoe lelik sy met hom is, met ander mense en hoor wat sy van my sê en al sulke goedso ek het min tyd vir haar gehad maar... sy probeer. En dit was vir my sleg. Na so paar dae sê ek toe ek het weer gedink ek ek sien nie kans dat hy alles los nie, ek sien nie kans daarvoor nie. Ek voel gaan, "make a go of it, jy het twee klein kinders, gaan sit alles in en maak 'n sukses daarvan". Nee, hy weier, hy't genoeg gehad, hy wil nie.

PE: Wat ek op daardie stadium nie besef nie, hy skiet homself toe lelik in die voet by sy skoonouers en familie want hy vertel hulle toe van hoe hy oor my voel met sy verjaarsdagbraai en die dominee en van die kerk vriende was toe ook daar en blykbaar was my ma en myself die hoofonderwerp onder bespreking daardie aand. Ek was toe nou "die ander vrou" wat sy aandag aftrek want hy was "distant" die aand ook gewees en hulle het dit opgemerk.Jy weet...as ek nou weer daaroor dink, hy het die hele tyd deur daardie tyd goed gesê,nou weet ek nie of dit was om my gerus te stel nie of wat nie...maar goed soos....ek moet net weet, as hy by 'n braai is en hy sit sy arms om sy vrou moet ek net weet hy dink aan my en nie aan haar nie...sulke goed. Kan jy glo?. Ek sê toe...in 'n oomblik van lig ☺: "Nee, dis verkeerd, jy kan nie so maak nie, jy moet by een of die ander een wees, jy kan nie dit sê nie, dit is vir my verwarrend....want jy sê die goed maar jy is nie hier nie". Ja, sê hy maar dis net deel van die proses en dit sal uitsorteer.

R: Dit klink asof daar deurentyd heelwat verwarring was?

PE: Ja, dit was **verskriklik** verwarrend en ek kan amper nie glo....dit was **ek** nie. Dit was half ek was 'n **ander** mens in daai tyd verstaan? Dit was half 'n ander mens....ek kan nie vir jou sê hoe nie maar dit was alles teen wie ek geglo ek ek is en hoe ek myself beleef en geken het.

R: Hoe het jy gevoel het oor wat die mense, veral die vroue gesê het?

PE: As ek dit so kan stel, ek het gevoel soos 'n slet, rerig soos 'n prostituut, maar daai ding van vroue wat skinder en oor vroue goed sê en veral iemand wat hulle op toesak en "target"...dit word half...jy word die "scapegoat" en jy word die "scapegoat" vir **al** hulle goed nie net vir hierdie een ding maar sommer vir alles. En dit was ooglopend.... hulle het hulle mans meer op gepas, veral as ek in die omgewing was, dit was hierdie "watch out" hier kom die mannejagter, die prostituut wat jou man gaan verlei, die "seducer" die.....verleidster en hulle was plein vroue, konservatief en....wat jaloers sou wees op iemand wat "glamorous" was of wat hare gekleur het of maer was of modieus of so.... Ek sê **glad** nie ek pas die prentjie nie maar ek dink ek probeer iets met my hare maak al is dit kort of my klere of wat ookal jy weet?. Uit 'n dood mens plek wil ek sê hulle is nie interessante vroue nie, herinner mens aan gestoofde lam, "boiled up stew" tipe mense, jy wil hulle nie eers nader om met hulle te probeer praat nie. Ek sê dit nie omdat ek kwaad was nie, ek sê dit net om vir jou die verskil te gee van **wie** sê dit. Hulle het oor my hare kommentaar gelewer, oor my lyf, my boude spesifiek, kan jy glo, behep met my boude sulke goed, hoe groot of hoe klein hulle was. En meeste van hulle was goed oorgewig in elk geval.

PE: Ek ag myself nie fyn nie maar definitief nie uitermatig groot nie. Nou het P vir my al hierdie goed kom vertel en ook dat sy vrou en skoonma aanhoudend vir hom vra: "Maar wat sien jy in haar? "Sy mag miskien sexy wees maar haar gat is dik". Het sy ooit 'n brein?" Sy vrou was 'n arbeidsterapeut gewees. Sulke tipe neerhalende goed, so.....hulle het hom aanhoudend probeer vergiftig deur om vir hom te vra: "Maar kan jy nie sien die tipe mens vir wie jy alles voor wil opgee nie, hoe dom gaan dit nie wees nie? En hy het my aanhou vertel.

PE: Ek het op 'n kol vir hom gevra hoekom vertel hy my al hierdie goed, dit maak seer en ek glo nie hy wil my seermaak nie. Nee, sy hy ek **moet** weet wat aangaan maar ek dink dit was sadisties. Hy was groot op pyn, so smartvraterige persoon, hy het geblom te midde van die pyn van ander. Gevoel hy beteken vir hulle iets. En met ons goed.... ek moes ook seer kry, hy kon nie alleen seerkry nie en die enigste manier om dit te doen was om vir my die goed te kom sê en die kerkraad wat my sommer afskryf, itv, ek sal altyd daar wees – "Gaan werk aan jou huwelik, as dit nie uitwerk nie sal sy nog daar wees", **asseblief**.....dit het my **woedend** gemaak Daar was nie 'n manier dat ek net altyd daar gaan wees en rond hang nie. Toe hy dit sê het ek gevoel soos hierdie "bimbo" wat 'n goedkoop, wispelteurige, niks is nie, want net met mans speel en hulle dan steel, en dit was daai indruk wat hulle probeer skep het en by my gelos het.

PE: Soveel so.....ek het nog kerk toe gegaan, dit was vir my besonder moeilik, my ma-hulle is ook in die kerk en die spesifieke groep het my aangegluur, die ma en die vrou ook. Ek voel hoe gooi hulle die eiers en vrot tamaties ☺. Hulle gaan sit toe nou reg voor in die eerste bank onder die preekstoel dat hulle hom kan dop hou waar hy kyk en waar nie en vir die eerste keer vandat hulle daar aangekom het, toe nou amper al 'n jaar begin sy vrou by die deur staan as hy die mense, my inkluis met die hand groet en sy hou ons met 'n vergrootglas dop. Glimlag ek te lank, te veel, en al sulke nonsens en hy...hou hy my hand te

lank vas...daai klas van goed wat na die tyd as hulle by die huis gekom het, het sy vir hom haar “verslag” gegee van of sy dink ons het ‘n “affair” aan of nie. Verbeel jou!!!. In elk geval Sondae oggende wag haar pa my by die parkeer area in want P is natuurlik in sy kantoor wat uitkyk op die parkeer area ook en daar is ook ‘n sydeur wat mens kan gebruik wat na sy kantoor toe gaan. Haar ma staan voor die konsistorie se deur waar hy eers moet ingaan voordat hy by die kerk ingaan maar dit is oorkant die ingang en sy vrou staan by die ingang van die kerk tot ek in is en dan eers gaan sit sy. My nek hare het gerys. Ek was half begelei gewees, sy “lyfwagte” wat my opgepas het.

PE: Dit was elke liewe Sondag gewees en ek het gemaak asof dit my nie “phase” nie tot hulle partykeer gegroet maar dit het. Dit was baie stresvol maar ek het gegaan en gedink, dit was nie vir my “ok” nie. Ek het gevoel ek moes alles hierdie trotseer wat ek kan nie wegbly van my kerk af nie, dit was my gewoonte, ek hoort ook daar, ironies soos dit klink, al is ek besig met al hierdie gedagtes en ander goed, het ek vas bly kleef aan die kerk. In elk geval, toe kom die vakansie dag in September en hy vra toe wat doen ons daardie week. Ek dog toe maar wat van sy vrou ens...dié is toe vir ‘n breek vir stresontlonting saam met haar ouers na ‘n oord van soorte en hy wil graag tyd saam met my spandeer. Toe val my gewete my weer aan ek ek sê nee, omdat sy juis haarself wil probeer vind te midde van alles en oor die chaos van die afgelope tyd kom en **dit** was teen my beginsels, alhoewel dit nie klink asof hulle nog bestaan het nie, maar ek het vreeslik ongemaklik daaroor gevoel en sê toe nee, dit gaan nie werk nie.

PE: Hy dring aan, hy wil net kom kuier en ons kan dalk iewers uitry vir die vakansie dag, Vaal rivier of so iets en teen my betere wete is dit toe so. Ons het altyd my kar gebruik, syne het by my woonstel gestaan en dit was nie ‘n “issue” nie maar in retrospek moes dit ‘n “issue” gewees het want hy wou eintlik nie hê iemand moes hom herken nie, plaas dat hy dit net gesê het, vir wat dit werd was maar dit bevestig net **weer** my vermoede dat sy agenda anders was. “Anyway” toe sê hy weer hulle gaan skei, dis ‘n uitgemaakte saak en hy wil weet waar staan ons met mekaar. Is ek bereid om saam met hom hierdie ding deur te sien want dit gaan nie maklik wees nie soos ek al seker agtergekom het? Kan ek vir hom daardie “commitment” gee, dan gaan hy die wiele aan die rol sit. Toe sê ek: Ja. Van alles wat ek eerder moes gesê het en teen alles wie ek was en is, sê ek toe “Ja, ek sal daar wees vir jou, “come what may”. Intussen sien ek net sy vrou se aggressiewe gesig voor my die heelyd en dit was ‘n “scary” nommertjie “at the best of times” so, ek moet sê ek was ook maar goed bang maar ek wou nie dit vir hom sê nie. Toe kom sy vrou terug van die oord af en die storm buie bars los, die een na die ander....sy is rasend, woedend en histeries. Hy het haar gaan sê wat hy beplan...hy gaan ‘n breek maak en dat hy die week saam met my spandeer het.

PE: Weer het hy nie vir my gesê hy gaan dit **so** doen nie so behalwe wat ek of via hom gehoor het of oproepe wat ek gekry het, het ek nooit geweet wat gaan daar aan nie en wat word eintlik gesê nie. En wat sê hy vir die kerkraad en die ou dominee en so aan. Ek was gewoonlik aan die onvang kant. Vir my was dit nag. Die vrou het my geskel en gevloek en al die name in die boek genoem en nog uitgedink...jy kon nie glo nie, seker met reg maar op daardie stadium het ek nie so gedink nie. Sy het my verantwoordelik gehou vir die verbrokkeling van die huwelik, al die dinge. En toe ek weer met hom

praat sê hy hy is op pad prokureurs toe. Hy wou hê ek moes saam gaan maar ek wou nie, dit was vir my te persoonlik en te verwarrend en als maar....hy vra toe ken ek dalk 'n goeie prokureur. Ek ken 'n prokureur en sy vennoot wat vriende van my ma-hulle ook is en toe gee ek toe en ons maak 'n afspraak en gaan sien hom, ek teen my beter wete gaan saam. Dit was aaklig. Intussen vertel hy toe ook vir die ou dominee hy wil bedank en die rede hoekom en dat ek daar gaan wees maar die dominee was sieklik op daardie stadium gewees. Die dominee besluit toe nee, dit kan nie gebeur nie en hy wil my en hom saam sien, 'n onderhoud met ons voer om agter te kom is hierdie nou "genuine" of is dit net 'n "fling". Ons gaan toe en ironies soos dit sou gebeur, terwyl ons daar is, bel P se vrou om te sê P wil gaan en hulle moet asb met om praat want daar is nie 'n manier dat sy dit sal toelaat nie. Maar hy sê hy is vasberade hy gaan. Toe vra die ou dominee vir my hoe voel ek oor die hele ding en ek sê toe in my wysheid, ons het gevoelens vir mekaar ontwikkel en as hy bereid is om al hierdie goed prys te gee, sal ek daar wees vir hom. Ek maak daai "commitment".

PE: So in retrospek, dit was eintlik vir my 'n vernedering, ek was tot by die ou dominee aan huis en moes daar my "vulnerability" vir hom "expose". Of dit nie genoeg was nie, het P gevra of ek saam met hom na 'n ander dominee, 'n vriend van hom sou gaan, hy wil ook met ons praat en sien of hierdie "genuine" was. Soos dit toe gebeur ken **hierdie** dominee ons **hele** gesin en het aan huis met ons baie jaar terug kom kuier toe ons in die kerk was waar hy as assistant jong dominee was en toe later verplaas is. En vra toe hoe gaan dit met almal en so aan en dit was ook vir my "**terrible**" want ek voel toe vreeslik, ek is die een wat P soveel voor wil prysgee en sê nou ek word te lig gevind ☺. Dit was verskriklik vernederend. Toe sê ek, ek **het** nou al hoeveel keer vir P gesê ek gaan daar wees vir hom as hy hierdie groot en ernstig stap wil neem, ek besef dis 'n hengse ding maar dis nou so...hy moet dit nou of doen of hy moet dan vir my sê hy sien nie kans nie en dit los maar hy moet 'n besluit neem want dis vir my baie moeilik....dit plaas my in 'n vreeslike slegte lig met almal om my so dit moet nou na 'n punt toe gaan. En soos dit toe nou maar gaan, sy vrou "endear" haarself ook nie, intendeel sy is meer aggressief, vreeslik onaangenaam en bot met mense om haar, meer as te vore en so aan.

PE: Nadat ons toe by die ou dominee was, sê hy toe P moet finaal besluit maar hy hou aan om te "um" en te "ah" en "um" en te "ah" en maak net vyande vir ons albei links en regs maar so dom soos ek toe nog was, gaan ek ook nie want ek het mos gesê ek sal daar wees vir hom so ek bly vas staan. Teen laat Oktober sê hy nee hy kan nie sy besluit om te skei deurvoer nie en ek sê: "Dis reg, ek verstaan" en hou toe mooi die "pose". Toe word ek **eers** die "laughing stock" van die kerk want hy sou gegaan het maar hy het "die lig gesien" en besef ek is nie die moeite werd nie so hy is terug by sy vrou. Wat toe ook gebeur het wat ek glo bygedra het tot die besluit.....is.... die koster se vrou, en P se vrou....hulle was groot vriende, maak toe vreeslik "waves" want so "verleidster" soos ek kan haar nie so verontreg en wegkom daarmee nie. Hulle bearbei toe vreeslik vir P en kuier oor en weer en nooi hom apart om te kom eet en vertel van sy verantwoordelikhede en waardeur hy sy gesin sit en so aan en op die ou einde van hierdie oefening is dit waar hy sê hy sien nie kans nie, hy gaan terug na sy gesin toe.

PE: “Anyway”, soveel soos ek “fine” sê is ek natuurlik “heartbroken” en **so** verneder, ek weet nie waar om te kyk of myself te bêre nie. Maar ek hou die “pose” en sê toe in daai geval, wil ek hom **glad** nie buite die kerk sien nie en hy moet my nie kom sien of kontak nie, **niks** nie ek wil **niks** van hom hoor nie. In die tussen tyd het die ou dominee ook vir hom belet om my te kontak en gee hom ‘n waarskuwing dat as hulle sien hy bel, is hy ook uit. Hy en sy vrou probeer toe om “a go of it” te maak en ek is vasberade hy moet my nie bel nie. Dis seker drie dae daarna....hier bel hy. Hy kan nie sonder my nie, hy’s baie jammer en hele storie....lang “sob storie” hy wil by my wees, hy gaan weer met die hele klomp praat. Toe is dit al hier November. Teen die tyd het hy al so drie of vier waarskuwings gekry van die kerk af oor sy gedrag en so aan....en hierdie was sy laaste waarskuwing voordat hy finaal gevra sou word om te gaan. “Anyway” ek sê toe ook ek kan nie hierdie yo-yo, nou hier dan weg ding hê nie want dit is vir my **verskriklik** vernederend, teen my grein en my familie word ook daardeur geraak, ons is al 25 jaar in daardie kerk, **ou** lede van die kerk. “So ek wil nie vir jou sê wat om te doen nie maar jy moet besluit dat as jy gaan, gaan jy nou anders as jy gaan bly, sal ek daar wees. Dis nie ‘n kwessie van half, half nie, jy sal ‘n besluit moet neem, hier is so veel op die spel”. Dit was toe vroeg in November toe het hy net een Saterdag hier opgedaag, ‘n paar drankies al gehad en gesê: “Hier is ek, ek is nou joune”.

PE: Ek kon nie ‘n word uitkry nie ek was so verstom. Hulle het blykbaar vreeslik die aand baklei want hy het gesit en huil oor my en sy vrou het hom toe weggejaag en sy is na haar ma-hulle toe en hy besluit hy gaan nie weer terug nie. Hy het vir haar gesê hy bel my nog steeds en hy is lief vir my, sy sal altyd tweede in sy lewe wees. Ek sê toe nee, hy kan nie hier bly nie. Hy moet die huwelik op die regte manier afhandel, nie so nie, hy moet teruggaan om dit finaal uit te sorteer, sy goed pak en dan bly plek begin soek en waar ek kan sal ek hom help. Omdat hy ‘n hele paar drankies gehad het, was ek ook bang, more besluit hy weer anders so ek wou hê hy moes nugter en helder daarvoor besluit en dan finaal en ordentlik breek as hy so besluit.

PE: Hy sit nog hier, hy het so 11.30 die aand aangekom, dis nou al so twee uur en die **volgende** oomblik hoor ek net my hond raak ballisties by die hek. Toe weet ek iets is **vreeslik** verkeerd. Daar’s kar ligte en die sekuriteitswag is daar en ek hoor net iemand roep na hom aanhoudend, ‘n vrou se stem. Toe is dit sy **vrou en** skoonma wat lyk my hom kom soek het. Sy het ‘n “change of heart” gehad so in die vroeg oggend ure en toe sy terug gaan na hulle huis, kom sy agter hy is weg en al wat sy toe dink is hy moet na my toe gekom het en sy kom soek hom toe hier. Sy poog om oor die muur te klim al skreeuend in die nag soos ‘n maer vark, maar gelukkig is sy te kort, haar ma por haar aan. Wat ‘n spektakel. P is toe naderhand uit, ook maar verskrik en dis een minuut en hy’s weer terug. Wat vir my weer in retrospek treffend is, is dat ek gesien het maar nog nie regtig besef het hoe bang hy eintlik vir haar was nie en ek dink dit was meer as die swaard oor sy kop van....sy gaan hom los en dan sal hy nie meer ‘n dominee kan wees nie, ek dink dit was meer as dit.

PE: Hy maak die deur toe en sê so verskrik, wat moet hy doen, wat moet hy doen?. Hy’s toe weer uit om haar te probeer stilmaak want sy hou aan skreeu en sy skreeu op hom en so gaan dit toe aan. Ek intussen bly in die huis, ek moet eerlik sê ek was bang vir haar want ek glo sy sou my iets kon aandoen

en ek weet nie of sy 'n geweer of iets in die kar het nie, tien teen een ja en....ek was ook so kwaad vir haar dat ek het geweet dat as ek **uitgaan** sou ek iets sê wat my miskien in die moeilikheid sou bring. Maar die skreeuery hou nie op nie en ek raak toe vreeslik ongemaklik want die bure links en regs het kinders en ek gaan toe uit, moeg vir hierdie vrou se magsbewind.

PE: Toe sy my sien....o my aarde, toe gaan sy eers mal. Ek weet nie waar sy dink ek was nie, dis my huis. In elk geval, nog nooit het iemand so op my geskel en skreeu nie, sy was soos 'n besetene straatvrou. Dit was **verskriklik**. Hy dwaal soos 'n verlore siel daar rond weet nie watter kant toe nie. Ek is toe heel rasideel en dit was toe net genoeg. Al die vernedering, al die "abuse" van die afgelope maande genoeg was genoeg. Ek kyk haar so en dink weet jy, as jy **ooit** in jou lewe nog 'n kans gehad het by my, as ek jou nog 'n kans sou kon gee om jou huwelik te red, was dit so pas opgebruik. **Nou**, is "all fair in love and war" en as jy as oorlog soek, jy't dit nou net so pas gekry. Ek was tot hier toe en **so** kwaad. En daar begin dit. Ons loop soos twee leeus aan teenoorgestelde kante van die heining. As ek op loop loop sy op en so gaan dit aan. So goed soos sy vir my gee, so goed gee ek vir haar terug tot ek vir haar sê, ek dink dit was die troefkaart: "ek weet nie hoekom jy so aangaan nie, hy is nie lief vir jou nie. Of hy na my toe kom of na iemand anders toe gaan, gaan sal hy op 'n kol gaan, hy is nie lief vir jou nie".

PE: P is soos 'n "ref" sonder 'n span en hardloop op en af en sê toe op 'n kol, hy sal nou huis toe gaan om met hulle te gaan praat, ek moet vir hom die hek oopmaak of kan hulle maar inkom en kom praat. Ek dink vir 'n oomblik kom ek toe tot my sinne en dit was regtig genoeg en.... ek neem beheer. Toe besluit ek daar's nie 'n **manier** nie dat daardie vrou haar voete in my huis sit nie....ek glo nie sal wil praat nie, sy was te aggressief gewees veral toe. Ek sê toe nee plus ek maak nie die hek oop vir hom nie, ek was te bang. Hy sal maar daar moet bly tot hulle ry, dan kan hy maar doen wat hy wil. Ek was oortuig as ek vir haar die "gap" gee om in te kom sou sy my maklik aanrand of iets, plus, hulle was twee. P sou my verseker nie help nie, hy's te verskrik en 'n lafaard. Daardie aand het ek gesien hy sou my nooit emosioneel of fisies teen hulle verdedig nie of vir my opkom nie. My oë het oopgegaan maar die skille het nog nie afgeval nie ☺. Al sou hulle skei, sou ek of enige ander vrou al haar dae met hulle hê, hulle is net sulke tipe mense.

PE: Wat hy toe ook vir my vertel wat net vir my bevestig het dat my besluit reg was, was dat voordat hulle aan die baklei gegaan het by die huis daardie aand was sy besig om broodjies te maak en sy streef toe so oor die broodmes en sê sy sal my graag in die hande wou kry. **Blykbaar** na haar baba se geboorte was sy opgeneem vir "baby blues" in die hospitaal en sy het onder andere vir P met 'n **broodmes** gejaag, sy wou hom ook aanrand. En sy gooi prente stukkend en breek glase so ek dink sy was daartoe in staat. Gawe mense!. Toe was ek eers ontsteld, hy bekommer hom glad nie oor my veiligheid nie, wie sê die mes was nie in die kar gewees nie? Wie sê sy het **juis** nie al die pad na my toe gekom om iets aan my te doen nie. Ek het op daardie stadium gevoel, hy kon my nie oppas nie, maar dit het nog nie so lekker ingesink nie.

PE: Sy en haar ma ry toe hier weg en hy vra net vreeslik om verskoning vir hulle gedrag en sê hoe “common” dit vir hom was maar ek is toe baie kwaad. Eerstens was ek nog nooit in so situasie nie en ek dink ek het hom kwalik geneem daarvoor en hy is toe ook huis toe. Toe is die kerk natuurlik **weer** betrokke en die hele proses begin van voor af. Die koster en sy vrou nooi vir hom en sy vrou om te kom eet, hulle wil met hulle praat en hy bel toe om te sê hy is nou weer terug by haar, die mense het met hulle gepraat en hulle gaan weer probeer. Ek was verstom en geskok. Toe besluit ek dis genoeg, hy moet nou maar gaan. Weer so paar dae was hy terug en toe bel hy, hy kan nie meer nie, hy probeer maar dit werk nie. Toe **weer** sê ek: “Nee, dit maak my klaar, die koster moet net roep en daar skarrel jy terug huis toe, ek kan nie meer nie”. **Nee**, sê hy **nou** is dit verby. Hy’s nou klaar. Toe trek hy ook uit die huis uit en hy is seker so drie dae weg van die huis af....toe hy laat weet hy het kerk verpligtinge naby sy huis en hy wil sommer nog klere gaan kry vir die naweek. Ek sê, “Dis reg, ek maak vir ons aandete”. Toe bel hy weer so 3 uur die middag, hy en sy vrou moet praat oor ‘n paar goed maar hy sien my so 6 uur se kant. Nee, dis reg. Ek doen **groooot** moeite met die kos en die tafel want ek wou dit vir hom lekker en mooi maak want hy gaan mos nou deur ‘n vreeslike moeilike tyd en die man kom nie uit nie.

PE: Sewe uur die aand hier bel hy uit die kar uit. Ek moet nou nie kwaad wees nie maar hy sal nie hier kan kom eet nie, hy is op pad koster toe en hy weet nie eintlik wat gaan nou gebeur nie maar die koster het gebel en gesê hy moet die naweek daar kom spandeer, hulle wil met hom praat. Mense ek was nie kwaad nie, ek was **histeries** kwaad. Hy het so pas die storie gehad van die koster, koster, koster en hy skarrel weer na hom toe. Ek dink alles het in daardie histeriese kwaad uitgekom, my bangheid, my **vrees** om hom te verloor, my hulpeloosheid.....alles het daar uitgekom. Maar ek skreeu, ek het **so** skaam na die tyd gekry want dit is nie **ek** nie, dat my keel naderhand seer was, is dit nie verskriklik nie? Dit is wat hy in my uitbring het. Natuurlik speel ek toe ook mooi in sy hande in want ek was toe eintlik niks beter as sy histeriese mal vrou nie **plus**, hy doen **my** die onreg aan maar ek vind myself nou in die posisie waar ek **hom** om verskoning moet vra want ek tree so verskriklik op. Ek dink dit was my frustrasie ook van ek “commit” onder hierdie moeilike en “terrible” omstandighede maar hy nie, alhoewel as sê hy doen. En hy ry al weer **donderse** koster toe. Ek weet, as hy koster toe ry, beteken dit vir my moeilikheid want dit was hoe dit nog altyd was, dan gaan hy terug, ek het dit geweet.

PE: Ek dink wat my ook kwaad gemaak het was toe hy sê, hy weet nie wat gaan gebeur nie maar hy moet maar gaan hoor wat die koster en sy vrou te sê het, so hy troos my ook nie om te sê, moenie bekommer nie, ek paai hulle net en dan kom ek na jou toe of wat ookal verstaan jy? Hy gee my geen waarborg hy kom terug nie. Ek onthou nog ek sê ook vir hom daar’s niks wat jou terughou om vir hulle te sê: “Mense, ek het my besluit geneem, laat dit nou gaan want niemand forseer jou om koster toe te gaan nie, jy gaan self. Of is daar iets wat jou terughou?” Nee, natuurlik nie, maar hy moet nou maar eers gaan hoor wat sê die koster. So die aandete alles in sy glorie in. Ek was so kwaad. Hy sê toe hy sal my bel. Nee, moenie my bel nie. Die hele Saterdag is ek ‘n “useless” huilende stuk jellie wat op die bank die dag om huil en miskien was dit ‘n goeie ding maar ek moes ‘n vriendin die aand gaan sien, ons het ‘n ete afspraak gehad en ek besluit toe, ek gaan gaan, hy sal nie my lewe so ontstel nie. Ek is toe ook moeg vir hierdie yo-yo aksie, dit gaan al omtrent vir so.....jaar al so aan.

PE: Die Maandag bel die ou dominee weer vir my, hy wil my sien. Ek gaan was toe my kar eers wat ek moet hom gaan oplaai by die kerk. Ek sit nog by die karwas plek, hier bel P weer en ek het my voorgeneem ek gaan **nooit** weer met hom praat nie, die yo-yo aksie is nie vir my nie, ek dink nie hy is ernstig nie en hy het net 'n pure "fool" van my gemaak. Ek was baie bot maar hy vra vreeslik om verskoning en ek voel hoe meer hy praat, ek.....ek het nie verweer teen hom nie. Al die goed wat ek die hele naweek in my kop uitgedink het van.....vark wat hy is....al daai goed is net weg, verstaan?. Ek het nie 'n verweer gehad nie want hy klink toe so verlate, so verlore, so alleen, so "genuine" van...."ek is jammer maar dis net vir my so moeilik om hierdie besluit te neem", en ek kon dit insien, verstaan? Alhoewel ek moes nie maar ek het. Dit het my nie gehelp om vir hom die deur te wys nie, dit was baie moeilik. Weer vra hy om verskoning en noem, hy's nog nie reg om die breek te maak nie en hou die mense tevrede. Ek vra "Maar wat van my? Ek is nie tevrede hiermee nie". Hier te kort en daar te lank en op die ou einde sê ek maar weer dit maak my op en dieselfde ou storie....ek moet sê, ek dink as ek ook by my "op" gehou het en die grens ferm gestel sou dit natuurlik baie beter vir my verloop het. Ek sou toe al lankal gegaan het maar ek het nie, weer eers in retrospek sien ek die lig. Ek sê toe ook vir hom ek is op pad ou dominee toe, hy wil met my praat, ek is in die sop. Hy weet toe niks daarvan af is en is erg bekommerd daaroor maar wens vir my nou baie sterkte toe nogal so ligtelik en hy sal my weer bel. Ek was somer weer van vooraf kwaad. Ek kon nie indink.....hy het nooit die erns van die hele storie besef nie maar dit het so gevoel. Ek dog toe somer "jou moer, "baie sterkte" hoe "patronizing" is dit, jy het my in hierdie gemors in gekry". As ek nou eerlik moet sê, wat my dalk daar gehou het vir so lank wassoveel soos wat dit verkeerd was itv moraliteit, godsdiens en so aan...ek het geglo aan die "extenuating circumstances"....in my hart het ek dit geglo. Sy sielsongelukkige huwelik, haar aggressiewiteit en onaangenaamheid het my gedrag "verskoon".....ek kon dit rasionaliseer plus daar was ook "genuine" 'n element van Romeo en Juliet, hierdie verbode liefde, dit was vir my "exciting" en natuurlik, nietige mens wat ek is, die feit dat iemand soveel vir jou sal opoffer, of sê hy gaan, is strelend vir die ego. Dit gebeur nie elke dag nie.

PE: Ek laai toe die ou dominee op en die hele gesprek gaan toe oor besef ek die erns van die saak? "Ja", ek besef sê ek toe. Toe vra hy my om asseblief terug te staan, ek moet vir hulle 'n kans gee om aan hulle huwelik te werk. Dit was vir my nogal sleg want die prentjie wat hy skilder is een van ek jaag P en bel hom en pla hom by die huis en al daai tipe dinge wat nooit so was nie. Dit was vir my nogal vreemd want dit was **definitief** hoe dit was nie. Intendeel anders om. Hy sê toe ook ek moenie vir P so aanmoedig nie en ook nie in die aande kerk toe gaan nie, want ek gaan gewoonlik oggende en ek moet daarby hou. Nou word ek tot voorgesê van wanneer ek kerk toe moet kom. Omdat ek partykeer aande kerk toe gaan word dit gesien as uit my gewone patroon uit en dit wek suspisie, wat maak ek daar? Ek was verstom **weereens**. Nog 'n hele klomp instruksies van hoe ek moet wees as ek by die kerk is en ek moet ook nie asseblief vir 'n rukkie tee na kerk drink as daar tee is nie want dit wek ook suspisie. Al hierdie kerk mense en hulle suspisie Dit was lagwekkend. Ek voel toe half hier moet ek 'n ding begin sê om my bietjie "dignity" wat oorgbly het te probeer red en ek sê toe ek weet nie wat die ou dominee gehoor het of met P bespreek het nie maar hierdie het by hom begin. Vir seker is ek nou deel daarvan en dis 'n gemors maar ek was nie die jagter nie. Dit was so "embarrassing".

PE: In elk geval hy beaam toe wel P het nie ‘n maklike huwelik nie, sy vrou is aggressief maar hy gaan hulle verwys vir huweliksvoorligting. Goed sê ek toe, ek sal terug staan laat hulle weer aan hulle huwelik probeer werk. Toe hy my bel is dit ook wat ek vir hom gesê het. Hy vra toe: “Sal ons dan probeer om nie kontak te hou nie?” Ja sê ek, dis vir die beste. Dit hou toe nie eers twee weke nie.

PE: Gedurende daardie tyd ipv om die oulike mevrou dominee te word en haar kans te gebruik, vertel sy hom weer hoe sleg ek is en hoe simpel hy is ens.... Sy het vreeslike leuens vir hom vertel van my. Hoe ek dit weet is hy bel my na 10 dae, hoogs onsteld maar sê nie hoekom nie. Toe kom dit uit sy het hom vertel in ‘n desperate poging om hom te laat probeer afsien van my, dat ek toe ek pas in my huis ingetrek het, hulle vriend die loodgieter wat blykbaar naby my woon moes inkry om my drein oop te maak want dit was geblok. Toe hy dit oopmaak was dit vol gebruikte kondome, so P moet maar mooi dink voordat hy met so vrou soos ek deurmekaar raak. En weer vertel hy my dit en ek was regtig seergemaak. Bo en behalwe dat hy dit bevraagteken het was die feit dat iemand so iets kan sê vir my bitter, bitter sleg en so vernederend. Hy het toe ook ‘n telefoon nommer wat sy vrou vir hom gegee het om haar storie te beaam. Ek vra toe of hy die nommer gebel het of haar storie te beaam. Nee hy het nie. Dit het dit erger gemaak. Die feit dat hy ooit eers aan so iets sou kan dink, “never mind” dit bevraagteken sonder om dit te bevestig en dan nog vir my te sê daarvan, sjoe, dit was baie seer. Nadat ons klaar gepraat het bel hy toe die nommer en natuurlik bestaan daar nie so nommer nie en hy voel so sleg, want hy kom toe agter sy het vir hom gejoj, en hy begin my bel. Maar dit was genoeg. Ek antwoord nie een oproep nie, daar was 13 boodskappe.

PE: Ek is so kwaad en magteloos van woede, ek begin huil. Ek moes uitgaan en toe ek laat die middag terugkom is daar ‘n groot bos blomme en ‘n kaartjie om jammer te sê. Ek gaan die Sondag nie kerk toe nie ek was so verneder. Hierdie was ook vir my deel van die “betrayal” gewees, die feit dat hy na alles die gedagte eers kon “entertain”. Die implikasie was verskriklik, wat sê dit van my? Goed, ek was ook besig om deel te wees van ‘n “betrayal”, my eie “betrayal” asook deel te wees van sy “betrayal” van sy huwelik maar hierdie was ook vir my “betrayal”.

PE: Ek dink wat my regtig seer gemaak het was hy vra my om die “commitment” te maak wat ek toe doen maar hy vertrou my nie regtig nie waar **hy** die een is wat nie vertrou behoort te word nie want **hy** sê hy “commit” tot die trauma maar hy doen nie regtig nie. Ek het ook gevoel, hy het nie vir my opgekom nie, my daar ook in die steek gelaat. In elk geval ek ignoreer hom en toe begin hy aanhoudend die week bel ek besef toe, ek mis hom, ek wil graag met hom praat, na alles, wat ‘n klot maar ek dink ek was teen die tyd te diep in, besig om te verdrink in die “betrayal”. Weer was hy so jammer en weer dieselfde storie oor en oor, maar dis die laaste keer hy gaan gaan. Hy sê toe weer vir hulle hy wil gaan, storm op see, want hulle het gedink na twee weke is hy weer permanent by die huis en toe sê hy die ou dominee wil ons sien. Ai wat ‘n storie, ek dink ek kon nie meer verneder voel nie so ek het maar net deur die “motions” gegaan met die gedagte dit sal oorgaan en sal uiteindelik saam kan wees om ‘n lewe te bou. Intussen tyd lyk dit vir my het hy gejoj.

PE: So sal ons nou sit by die ou dominee en toe bel P se vrou. Vreeslik opgewek, dit gaan nou so goed met hulle, en sy wil hom net bedank vir al sy hulp, sy en P sien verskriklik uit na hulle vakansie. Dit was die Donderdag. Ek en P wag toe in die tuin dat die ou dominee moet klaar praat want P het vir my gesê, hy het toe blykbaar al verlof ingesit vir die volgende week want hy gaan trek en bedank en al die dinge. Ek luister toe so hier en daar vang ek 'n woord van die gesprek oor die foon maar dit registreer ook nie en hy roep ons toe in en vertel sommer hy moes nou jok en vir haar sê hy het mense wat vir hom wag maar hy kon nie sê dit was ons nie. Ek kyk toe so vir P en ek voel sommer weer aan my sesde sintuig iets is nie heeltemal in plek nie en voordat ons sit vra ek vir hom, is daar dalk iets wat jy vir my wil sê voordat ons die ou dominee nou sien? O ja, sê hy, hy wou nie eintlik vir my sê nie maar die koster en die dominee het gereël dat hy volgende week af sal wees en hy en sy vrou ry Sondag vir 'n week see toe om hulle huwelik te probeer red. Ek was so verward. Ek wil toe sommer loop want ek vra toe vir hom wat maak ek toe by die ou dominee?

PE: P het gevra ek moet saam met hom gaan want ons moet praat oor die toekoms en sy bedanking en al die reëlings wat daarmee gepaard gaan. Hy sê toe ook ek moenie bekommer oor die vakansie storie nie, hy gaan nie gaan nie. Toe vra ek hom, hoekom het hy nie net gesê nie want ek is onder vals voorwendsels nou hiernatoe genooi maar hy sê toe hy sê maar net hy gaan om hulle gerus te stel maar ek moenie bekommer nie, hy gaan nie gaan nie. Toe is ek half gerus gestel. So sien ons toe die ou dominee en P sê hy wil sy bedanking indien, hy gaan gaan maar sy dogtertjie verjaar die Saterdag en die ou dominee dink dit sou 'n goeie ding wees as hy wag tot Maandag om dan te bedank want dit gaan vir haar baie moeilik wees en ek stem toe saam. Goed dis toe gereël hy sou toe die Maandag dan bedank, "obviously" nie met vakansie gaan nie en begin pak en sommer ander werk soek. Die dominee het vir hom 'n paar kontakte, hy sal vir hom uitkyk ook vir ander werk. Toe ons wegry toe sê die ou dominee nog ek moet hom laat weet as hy met iets kan help en ek moet hom bel om te sê hoe gaan dit en hy aanvaar dat P van Maandag af dan van al sy kerklike verpligtinge gevrywar word. P sê toe hy wil met my kom praat na hierdie vergadering by die ou dominee en hy kom toe saam met my huis toe maar ons gesels nie oor iets vreesliks nie net hier en daar en oor sy kat wat hy wil saamvat, maar ek kon sien toe hy ry, iets pas nie lekker in nie, hy is so ongemaklik en hy is "jittery". Ek weet nou hoekom maar daai tyd het ek dit gemis. Toe het ek gedink dis as gevolg van al die dinge en ek los dit toe. Toe ek hom groet en sê, sien jou nou Maandag, sê my agste sintuig vir my, ek sien hom nie Maandag nie. Hy sou nie Sondag kerk toe gaan nie want hy sê toe dis vir hom moeilik wat ek toe heeltemal verstaan en hy sê toe ook: "Goed, sien jou Maandag" en hy ry.

PE: In die tussen tyd, bel 'n vriendin vir my en sê sy wil kerk toe gaan, gaan ek daar wees dan sit ons saam. Ek besluit toe ja, ek sal gaan, ek wou nie maar dit sou lekker wees om haar ook te sien. Hier sit ons toe netjies in die kerk en wraggies hier stap P in, in sy toga met miesies op haar gewone plek. Hy open toe en die ou dominee sê P gaan Sondagskool toe en die volgende ding kondig die ou dominee af, P en sy vrou ry na kerk see toe vir 'n week, hulle is weer Sondag terug en ons wens hulle 'n veilige trip blah, blah blah ens. As ek nie gesit het nie, het ek sekerlik omgeval. Die was net genade dat A saam met my daar was anders dink ek ek sou uitgestap het. As ek nie geweet het dat planne gemaak was vir 'n

vakansie nie, alhoewel hy nie sou gaan nie en ek hoor dit vir die eerste keer daardie oggend kan ek nie vir jou sê wat my reaksie sou gewees het nie maar skok vir seker. Ek was toe ontsteld maar goed die “pose” gehou want sy het blykbaar my dopgehou, die vrou nou want sy weet toe dat hy wou gaan en sy wag toe vir my skok reaksie in die openbaar, nogal in die kerk. Ek dink ook ek was half verdwaas, dit was amper nie waar nie, ek kon dit nie glo nie. Toe is dit weer vir my verby, weereens, ek hou aan om dit te sê maar wys jou net waardeur ek myself sou sit.

PE: Ek dink ook ek was in n skok toestand, dit was half vir my onwerklik, kry die kerk toe verby en toe ek uitry toe is daar 3 boodskappe op my foon van P. Hy kon nie eers Sondagskool toe gaan om waar te neem nie maar hy is so jammer, die koster en die ou dominee het die Vrydag met hom gepraat en hy het ingestem om met vakansie te gaan om sy huwelik te probeer red, hy kan net indink hoe ek voel maar hy is vreeslik jammer ek ek moet hom asseblief vergewe en wie weet wat die toekoms vir ons twee inhoud. Ek moet ook vir hom die nommer gee van die personeelagentskap waaroor ons al gepraat het, hy gaan sy C.V. vir hulle deurstuur want ek weet hy is ongelukkig en hierdie gaan nie hou nie. Die vemetelheid, en ek voel toe ook so op daardie stadium plus ek begin toe voel seker ook hoog tyd né, hierdie is net leë woorde en beloftes.

PE: Ek moet sê, ek was toe half verlig hy is toe weg vir ‘n week, daar was baie minder spanning. In daai tyd voordat hulle toe ry die Sondag, kry ek toe ook oproepe van sy vrou af wat ek nie beantwoord nie, ek het haar nommer toe al gememoriseer en die week met vakansie kry ek die Maandag en die Dinsdag oproepe van Durban af wat **net** sy of hy kon gewees het, toe weet ek daar moet probleme van soorte wees. Toe hulle die volgende Sondag terug is by die kerk, het ek nie gegaan nie, ek wou nie. My ma sê toe hy het na haar toe gekom na kerk en gevra waar is ek en hoe gaan dit met my en al daai klas van goed. Ek dog toe “blooming cheek”, weer “invade” hy my ruimte asof niks gebeur het nie, gaan maar net aan. Hy voel eintlik ‘n veer vir my, “arsehole”, maar hy wil kamstig weet hoe dit met my gaan? Hoe dink hy het dit met my gegaan? Toe hy weer bel toe sê ek net, die vakansie gaanery was nie vir my ok nie, weer kom hy met ‘n lang storie, vra om verskoning en “fool” wat ek is, val ek toe weer daarvoor. Soos ek hier sit en vertel kan ek nie **glo** ek was so nie, ek kan dit net nie **glo** nie, dit was **heelemaal** nie ek nie, of miskien moet ek sê ek het myself nie so beleef nie, soos iemand wat aanhou terugkruip vir krummels nie, dis so vernederend!

PE: In elk geval, ek sê toe hy moet nie weer by my kuier nie en hy word toe ook belet om naby my te kom of my te bel. Toe hy die eerste keer belet was om my te bel, so rukkie terug, het ek vir hom ‘n spaar selfoon gegee, ‘n “geheime” selfoon wat ons twee net veronderstel was om van te weet en vir hom lugtyd gekoop ens ens. Dit was nou miskien nie die regte ding om te doen nie maar dit het op daai stadium sin gemaak gegewe die omstandighede. In die eerste week van Desember, ry en ek my ma, ons gaan na “Carols by Candlelight” by die “Dome” en hy bel, behalwe dis nie hy wat bel nie, dis sy vrou op die geheime foon. Ek antwoord vreeslik opgewek tot ek nou hoor dis sy maar sy gaan af en skreeu weer histories op my en vra waar is my “dignity”, kan ek nie ‘n getroude man uitlos nie en so skreeu sy tot ek die foon in haar oor neersit. En ek bel hom op sy ander foon maar ek bewe ek is so kwaad. Sy antwoord

toe weer toe en ek los dit toe. Nou weet ek nie wat aangaan nie maar ek is sommer vir hom kwaad want hoe weet sy van die geheime foon? So tien minute later, bel hy en sê dis verby tussen ons, hy is lief vir sy vrou, hy gaan by haar bly en alles in sy vermoë doen om die huwelik te red en hy kan nie langer met my praat nie, ek moet hulle asseblief uitlos en ophou om hom te bel. Ek was verstom. Heel aand is ek verward en deurmekaar en diep geskok. Ons het die oggend nog gepraat en alles was ok. In elk geval, ek laai my ma af na die tyd, kom so 10 nm by die huis en daar is 'n boodskap op my foon, ek moet asseblief nie ontsteld wees nie, hy sal alles verduidelik. Die volgende ding stop ek by my huis en hier uit die skadu uit, kom P aangestap en maak vir my die hek oop. Ek sê hy moet gaan ek is moeg en ek wil nie met hom praat nie maar hy sê kom sit rustig, hy wil verduidelik. Ek sê toe, jy breek my hart, jy hou aan net my hart breek. Ja, sê hy, hy gaan nou alles verduidelik. Plaas dat ek vir hom sê “Buzz off” of iets of hom aanhou keer dat hy met my praat maar ek doen nie, ek luister **weer** vir hom.

PE: Wat blykbaar gebeur het is sy vrou en skoonma kom agter hy is weer “distant” en raak toe agterdochtig want dit moet beteken hy sien my nou of praat met my maar hoe? Sy foon staat of kantoor staat wys niks nie so die twee sit toe 'n bandopnemer in sy kar vroeg die oggend voordat hy werk toe ry om te probeer vasstel of **ek** hom dan bel want hulle is seker hy het kontak nog met my. Toe hy die aand by die huis kom, haal sy vrou die bandmasjien uit die kar uit, speel die “tape” en kom agter ons het gepraat. Sy konfronteer hom toe en hy ontken dat hy my gebel het, hy sê **ek** het hom gebel wat onmoontlik was want ek weet nie wanneer ry hy nie. Dit was toe vir my sleg want hy ontken dit nommer een en tweedens, steek hy my weer in die rug eintlik. Sy verskil toe want sy vra vir hom maar hoekom is daar dan nie 'n gelui van 'n foon op die tape nie want hy natuurlik nie kon beantwoord nie want hy is toe uitgevang en toe erken hy hy bel my nog en wys haar die geheime foon. Ai, wat 'n storie. Sy gryp toe die foon, gooi dit in die swembad nadat sy die sim kaart opgesny het.

PE: Toe ons so sit ek gesels toe sê hy **nou, nou** is dit definitief verby en hy sien uit na ons toekoms saam. Ek sê toe wag so bietjie daar is soveel om eers uit te sorteer, kom ons fokus net op nou. So met die nou, is hy na twee dae terug by die huis, weer, dieselfde storie oor en oor en oor en ou dominee weer wat nou weet van die geheime foon via P se vrou wat hom die nag gebel het om te sê “hulle kontak nog mekaar” en die siklus loop weer. Ek raak toe regtig moeg daarvoor en P is toe “suspended” van die kerk en enige kerk aktiewiteit tot die skole weer die Januarie begin. Ook ek en hulle mag nie op een tyd almal in die kerk of op die kerk gronde wees nie, so hulle moet in die aande kom en ek soos my gewone praktyk moet in die oggende gaan. Ek sê toe vir hom nee, ek sal glad nie daar wees tot middel Januarie nie hulle kan maar kom en gaan soos hulle wil. Dit was vir my baie moeilik. Ek moes oor die Kerstyd in ander gemeentes rondval en dan hier en dan daar maar dit was seker maar as gevolg van my eie “doing”, maar nogtans, dit was baie moeilik. Daar is toe nou nie meer 'n manier dat hy my kan bel nie so ek sê vir hom “Moenie eers dink om van 'n publieke foon af te bel nie, ek wil nie met jou praat nie.” Ek was regtig kwaad vir hom omdat hy my saam met hom afsleep en ek dink nie dit was nodig nie. Ek sê toe “Ek het tyd nodig om oor ons te dink wat hierdie is nie meer vir my ok nie, bel my die eerste werksdag in Februarie, ek sal dan vir jou 'n antwoord hê”. “Stupid” soos ek is sê ek nog bel my....ek dink ek was te

diep al in die ding in, daar was geen omkeer nie. So het ons toe vir daai hele tyd mekaar glad nie gesien nie of met mekaar gepraat nie en ek dink ek kon bietjie losmaak en perspektief kry.

PE: Die ouer dominee en my ma het nog kontak en hy kom toe oor die Kerstydperk by my ma aan huis waar ek ook is en sê toe dit gaan goed met P en sy vrou, hy het hulle daardie dag gesien, hulle gaan vir huweliksberading. Ek het “shattered” gevoel, dit was vir my baie seer. Ek dink daar was ‘n deel van my wat bang was dat ek sou hom verloor, dat hulle huwelik kan werk want jis, hulle het nou soveel kanse gehad iewers moet iets begin “click” want hy is nog daar ook. Ek kon hom seker nie verloor nie want ek het hom nie eintlik gehad nie, maar dit het nie so gevoel nie verstaan? My “commitment” wat **hy** gevra het was so, ek het geglo ek en hy sou bymekaar uitkom maar ek was regtig bang want hy gaan vir hulp enaan wie se kant is hy dan nou eintlik verstaan? Waar pas ek nou in die **bizarre** prentjie in?

PE: So gaan dit toe aan tot in Februarie, ek onthou die datum 5 Februarie, wat hy weer vir my die eerste keer na Desember sou kontak om vir my kans te gee om oor alles te dink. Hy het toe die oggend gebel, eerste ding en toe by my kom eet die middag. Ek moet erken, dit was **wonderlik** om hom weer te sien. Na so ruk is hy weg, hy het ‘n begrafnis gehad om te doen en so 5 uur die middag, bel sy vrou my en toe weet ek sy het hom weer uitgevang. Hy het glo vir haar gesê hy het my weer gesien want hy was weer die aand ontsteld en nadat sy hom ondervra het, bieg hy toe wat toe nou weer aan die gang is. Sy bel toe die ou dominee, histories, in ‘n toestand en alles begin toe van voor. Sy het prente van die mure afgegooi en glase stukkend gegooi en heeltemal ballisties gegaan en toe jaag sy hom weg (weer). Die kerk besluit toe ook dis nou genoeg, seker met reg ook en hulle vra hom en vir my om die volgende dag te bedank met onmiddellike effek. Die ou dominee, het nog vir my gesê hy is magteloos want die koster en sy vrou vereis dit, ek moet verkieslik nooit weer ‘n voet in die kerk sit nie, hulle sê dis vir Christen mense kan jy glo? Wie is hulle sodanig om te praat?

PE: In elk geval ek was sommer kwaad en telerugesteld met die ou dominee, ook want ek glo hy het vir my gejoj en my ook verraai. En....ek het ook vir hom gesê, ek sou ook graag my kant van die storie wil vertel aangesien al die ander betrokkenes alreeds vir die kerkraad hulle sy van die saak gestel het, maar hy sê toe dit sal nie nodig wees nie, hy wag vir my bedanking. Ek tik dit toe en na ‘n uur het ek dit nog nie gestuur nie, want ek het gesukkel met die woorde en die emosie en ek het gevoel my liggaam beweeg maar ek is nie in my liggaam nie, so doodsgewoel jy weet, toe bel hy my weer en vra as ek **sukkel** en nie weet wat om te sê nie, dit was vir my baie “callous”, sal hy sy sekretaresse vra om vir my ‘n voorbeeld te stuur van hoe die bedanking moet lyk maar ek moet dit nou stuur, hy wag by sy faksmasjien. Ek sê toe, dis nie nodig nie, ek stuur dit vir hom. Dit was vir my baie, baie “bad”.

PE: In elk geval toe kom P die aand hier aan, sak en pak, huil verskriklik en vra toe na alles wat hy my deurgesit het, wil ek hom nog hê? En.....”fool” wat ek was, sê ek: “Maar natuurlik, hoe kan jy nog so iets vra? Ek was nog al die tyd in elk geval daar”. Wat ek toe nie beseef nie en wat miskien toe die hele deurslaggewende faktor was, was dat hierdie was nie sy besluit nie, die besluit is namens hom gemaak. Hy gaan **nou** gaan, verstaan? Dit sou anders gewees het as hy self besluit het, maar **ek** gaan

nou gaan, maar hulle, dis nou die kerk het besluit hy **sal nou** gaan, dis genoeg. Hulle het seker agter gekom hy kan self nie rigting kry nie en hy maak net moles so vêr hy gaan.

PE: Toe dit nou vir my lyk hy wil hier bly toe sê ek vir hom hy kan nie hier bly nie, dis die eerste plek waar hulle hom sal soek en ek is nie lus weer vir daardie sirkus nie. Huil hy nog meer en sê, dis al waar hy kan bly, sy vriende is die naweek weg in Bloemfontein en hy het nêrens om te gaan nie, ook nie 'n sent op sy naam nie. In elk geval, hy bly toe hier die aand en ons bedank toe albei, maar ek huil en hy huil en dit was te verskriklik. Die middag sê hy dit is nou so, hy gaan begin met sy egskeiding, hy wil hê ons moet so gou moontlik “settle” en trou en al die toekomsplanne en datums en al hierdie klomp leuens. Hy was vreeslik opgewonde, baie “sad” ook maar tog het dit gelyk asof hy opgewonde is, hy het hierdie op en af buie gehad. Die ergste was sy kantoor op pak en sy toga uit die kas haal, ek het **verskriklik** hartseer vir hom gevoel maar ek het hom gehelp en bygestaan en ons is toe daar weg. Hy stoor toe al sy boeke in my “garage” tot tyd en wyl hy trek. Gedurende hierdie tyd, wat vir my vreemd was maar wat ek toe nog nie mooi ge“click” het nie was P wat vir my gesê het, die minste wat met my moes gebeur was om te bedank uit my kerk van 25 jaar want hoekom moet hy al een wees wat seerkry en verloor. Wat verloor ek nou eintlik in teenstelling van alles wat hy moes prysgee. Toe sê ek vir hom, maar hierdie was **sy** keuse en **sy** behoefte. Hy het my gevra om daar te wees vir hom.

PE: En gepraat van verloor....wat van my reputasie, en my ouers, en my vriende, al daardie dinge. Ek **het** baie verloor deur om hom in my lewe te hê op daardie stadium, en al die “abuse” wat ek moes sluk. Dit was ook vir my baie, baie “bad”. En na die tyd....ek het gewonder hoekom sê hy dit want dit was nie volgens my goed wat 'n mens sê vir iemand wat jy veronderstel is om lief te hê nie, maar ek kon nie toe begin slegte goed dink of oor wonder nie want ek was te vêr in die web vasgevang al. Wat ek besef....ek dink in 'n mate het hy my blameer vir die feit dat hy weg moes gaan, soveel soos wat hy gesê het hy sal alles vir my opoffer, soos ek gesê het, hierdie was toe op die ou einde nie sy ware keuse nie. In elk geval, hy het toe by my gebly vir so vyf weke. Ons het goed aangegaan vir omtrent die eerste twee weke...maar toe bou die stress en spanning vreeslik op want sy vrou begin ons teister, want nadat sy gesê het sy wil niks met hom te doen hê nie en nie met hom ooit weer praat nie, toe sit sy 'n privaatspeurder op hom wat hom toe blykbaar oral volg en sy weet toe hy bly hier. Sy is nes hy, kan ook nie haar “mind” opmaak nie. Hulle hoort eintlik bymekaar.

PE: P is intussen prokureur toe om die egskeiding aanhangende te maak, hy vra my om saam te gaan, ek wou nie maar ek het toe saam gegaan. Die prokureur was 'n vriend van my pa en hy sou natuurlik vir P help sonder enige kostes. Ek en hy kry toe ook van haar prokureur briewe wat my 'n *paramour* noem en R150 000-00 van my eis – ek skrik my alie af, nogal vir die verbrokkeling van hulle huwelik. Dit was vir my verskriklik, verskriklik vernederend en hy kry ook iets soortgelyks waar sy hom letterlik uit roei, sak en pak. Plus ek het gedink, maar **twak** ek is nie verantwoordelik hiervoor nie en in my hart dink ek, het ek vir P blameer vir hierdie gemors waarin ek myself bevind het. Ek dink die spanning van al hierdie dinge, het dit harde realiteit gemaak en ek en hy begin toe konflik optel in ons verhouding, baklei, krapperige dinge en ons was geïrriteerd met mekaar. Finansies was ook 'n probleem

want ek kon ons nie albei onderhou nie, sy het sy bank kaarte en alles gevat voordat hy weg is so hy het geen geld of inkomste gehad nie en dit was vir my baie stresvol. Wat ook moeilik was, was om hom te probeer ondersteun met sy emosionele pyn, want ek het gevoel hy het seer. Plus intussen bel sy stiefma van die Kaap af en hulle wil weet wat aangaan en die pa kom op om met hom te praat, en bly by P se vrou wat dinge net vererger het en die sussie kom op so die **drama**...jy kan nie glo nie en in alles, is ek natuurlik die heks, verleidster, straatvrou, slet.

PE: P het ook alles geglo wat sy vrou hom vertel het van hy sal nooit die kinders weer sien nie en al die goed waarmee sy hom gedreig het wat wettig nie waar was nie maar hy was emosioneel so oorbluf hy het alles geglo. Hy het nie sy regte as pa geken nie, maar wat vir my sleg was, hy het nie uitgevind nie. Dis half soos iemand wat nie wou nie en ek dink toe later dit was seker presies dit...hy **wou** nie regtig nie want hy was nie van plan om deur te gaan met die egskending nie. Hy besluit toe ook, sy moet die egskending aanhangende maak, hy gaan nie toe sê sy “fine” sy gaan dit doen. Die groot ding ook dink ek was...hy het sy kinders begin mis en sy het hom belet om hulle te sien. As hy soontoe gegaan het dan is sy en die kinders weg na haar ma toe of iewers en hulle laat hom nie naby hulle nie.

PE: Op ‘n kol bel sy en sê die seuntjie van twee is baie siek, hy moet hulle kom haal en spesialis toe neem. Toe gaan hy en ek het weer begin wonder...ek het die vrees in my gehad van...ek weet nie of hy gaan terugkom nie want dit was sy patroon voorheen gewees jy weet? Ek het nooit vir hom gesê nie maar ek was bang gewees. Toe besluit sy vrou nee, hy kan nou maar kom kuier soos hy wil, die kinders mis hom ook en sy en hy het baie dinge om te bespreek oor die egskending en al sulke dinge jy weet. Hy begin toe weer soontoe gaan en as hy teruggekom het dan ruik hy na drank en rook wat opsig self nie vir my ‘n probleem was nie maar dit het gepaard gegaan met ‘n baie gemoedelike stemming want hy en sy het gewoonlik een na die ander sigaret gedeel en so aan, so het hy voorheen gesê. As hy dan terugkom en ek vra hoe gaan dit en so aan, dan het hy altyd gesê, dit gaan nog nie goed met hulle nie maar hulle is op “speaking terms”. So ek het die idee gekry, of dit was wat hy vir my gegee het van dit is “polite” maar nie groot vriende nie, en hulle praat oor die egskending en praktiese implikasies daarvan ens. En dan het hy my ook vertel van haar wat sy gunsteling bier vir hom gekoop het en hoe lekker dit was om die kinders in die omtrek te hê waar hulle lag en speel en dit was baie lekker om hulle te sien en hy mis hulle vreeslik.

PE: Ek was baie ontsteld met hierdie “turn of events” want hy speel toe volgens my reg in haar hande, sy maak hom sag en probeer hom terugwen en ek sê toe dis nie vir my “ok” nie. Dat hy die kinders sien ja vir seker maar om sigarette met haar te deel en saam met haar te drink was nie “ok” nie, dit het my laat onrustig voel want dit was te gou, hulle gemoedelikheid terwyl hulle blykbaar oor egskending praat. Nie die persoon wie sy is nie en ek het dit glad nie vertrou nie. Hy troos my en sê ek is verniet bekommerd en moenie so stress nie en so aan ens. Om en by die vierde week wat hy daar was, sê hy vir my hy gaan die aand so sewe uur terugwees, hy en ‘n vriend gaan ‘n bier drink. Ek sê toe dis reg. Die volgende dag, gaan sit ek vir hom ‘n briefie en ‘n sjokolade vir hom in sy kar want hy het intussen toe juis by hierdie vriend ‘n tydelike werk gekry en ek wil hom toe gelukwens met hierdie verrassing in sy kar. Ek sien toe

in die kar, hier op sy sitplek, is 'n vaktuur. Ek kyk toe daarna en sien toe dis was 'n vaktuur vir die vorige aand, die aand wat hy en sy vriend die bier sou gaan drink, vir 'n kamer by die City Lodge, betaal, sy naam alles en die tyd was so 18:00.

PE: Dit was toe vir my vreemd want ek het hom dan gesien so sewe uur maar ek het nie verder daaraan gedink nie, of hom gevra nie. Ek dink ek was bang ek sou iets hoor wat ek nie wou hoor nie, so ek het dit gesien maar dit het nie regtig by my pos gevat nie. Die Saterdag daarna gaan hy om die kinders te sien want sy het toe besluit hy mag hulle nou gaan sien wanneer en waar hy wil. Hy kom toe terug, dieselfde storie, drank en rook maar hierdie keer is hy erg ontsteld maar wou nie daarvoor praat nie. Ons sou nog die aand braai en ek sien toe hoe vlieg ons aand in sy kanon in. My intuïsie sê vir my, iets is nie reg nie, ek voel vreeslik onrustig en dis amper asof hy besig is om te gaan. Hy was so afwesig gewees en vêr en hou net aan vir my sê moenie daarvoor bekommer nie maar ons is vêr van mekaar af. Op 'n kol sê hy toe net hy is baie “down” want hy mis sy kinders vreeslik maar dis al en wat nog vir hom lekker was was dat hy en sy lekker gekuier het en dit was soos die ou dae weer gewees, tussen hulle. Sy skoonouers het ook intussen aangekom en hulle het almal weer lekker gekuier en ek slaan toe tussen in 'n angs sweet uit want dit klink nie asof hy “weg” is nie, maar hy stel my mos gerus, so dit moet seker “ok” wees blah, blah blah

PE: Ons braai toe en alles is toe “fine”, of so voel dit vir my. Hy sê goed soos hy kan regtig sien ek is lief vir hom en ek gee vir hom om en so aan, sommer so uit te bloute en hy waardeer dit baie, dis so lekker by my, hy's lief vir my en ek moenie bekommer oor enigeiets nie, alles sal uitsorteer. Ek dink **dit** is waar die hele “betrayal” aspek nou inkom. Hy gaan toe deur al hierdie “motions”. So half twaalf die aand, begin ons toe ligte afsit en hy ruim buite op en ek gaan maak toe intussen vir ons milo. Terwyl die ketel kook dink ek laat ek gou die boodskappe van die dag op die antwoordmasjien luister want die foon was die heel dag af. Sy vrou het baie keer sommer net gebel en iets simpels gesê of hom ontstel so ek het verkies om die antwoordmasjien aan te sit. P is intussen al op pad bed toe. Toe ek by die foon kom is daar van 18:45 tot 19:15, **sewe** boodskappe op my foon, ses van haar af en een van sy skoon pa. Die eerste boodskap, stuur so skok deur my lyf: “P, ek wag vir jou, jy het gesê jy is 19:00 hier vir aandete, ek wag vir jou, waar is jy?” Ek dog toe wat? Speel die tweede een: “P dis nou so laat, jy het gesê jy bring jou klere en is vanaand terug by ons weer as 'n gesin, jy's nog nie hier nie, ek wag vir jou, onthou ons braai vanaand by my ma en pa, pa het jou vanmiddag gesê”. So gaan dit aan, ek speel deur elke een. Die een bevestig net dit ander, sy raak al hoe kwater, en “obstropous” en die heelyd vra sy waar is hy, sy wil hom help uitpak en hulle moet ry, hulle gaan braai by haar ouers. Die finale een, nommer sewe is skoon pa op die lyn wat sê: “P, jy kan dit nie **weer** aan ons doen nie, jy het gesê jy gaan haar los en vanaand terug by jou vrou en kinders wees, so waar is jy, ons wag vir jou?”

PE: Ek moet gesê, ek het nog nooit so gevoel nie.....dit was so leë gevoel, my kamer is langs die studeerkamer maar my bene wou nie beweeg nie, hulle wou nie loop nie en my ore het gesuis. Ek kon nie voel nie, ek kon nie dink nie, ek kon niks doen nie want toe weet ek nie wat gaan aan nie. Naderhand, stap ek soos 'n slaapwandelaar, sonder die milo na P toe waar hy al in die bed lê en ek sit so

op die punt van die bed, maar ek sien hom ook nie eers eintlik raak nie en hy vra toe vir my: “Wat gaan aan, jy is spierwit in jou gesig, is jy siek?”. Ek vra hom van die boodskappe. k dink die ergste wat hy kon gesê het, het hy gesê: “Ag jy weet hoe mal is sy, moenie daarvoor bekommer nie, kom slaap nou, dis sommer nonsense dat hulle so inmeng”. Ek kon nie eers praat nie maar klim toe in die bed en lê heel aand natuurlik wakker, so leeg, so dowwe gevoel.

PE: Die volgende oggend is ek nog in ‘n dwaal en moeg ook en hy hou aan sê, “Moenie laat hulle jou so ontstel nie, ek is hier, ek is by jou en al sulke twak”. Ons gaan eet toe ontbyt en toe sien ek hy is nie homself nie, half rusteloos en kyk aanhoudend na die horlosie. Ons maak toe “small talk” wat vir my bevestig iets is nie reg nie maar hy wil niks sê nie, maak dit af eerder as om vir my te sê, iets is nie reg nie. Na ontbyt, ons is so uur of wat terug en toe sê hy nee, hy moet nou ry, hy moet uitkom en vars lug kry, sy kop skoonmaak en hy is oor so ruk terug. Dit maak toe vir my perfek sin maar hy hou aan op sy horlosie kyk. Hy is 10 minute weg toe is hy weer terug, daar was ‘n **hengse** hael storm so hy kon nie ry nie. Baie “affectionate” en maak middage te saam maar hy bly rusteloos en nie homself nie. Hy sê toe ook tussen alles deur goed soos, elke keer as hy ‘n wit roos sien gaan hy aan my dink en ek vind dit toe vreemd en ek sê nog vir hom....gee hom nog die “gap”.....”maar jy praat asof jy nie hier gaan wees nie”. Nee, dis nonsense, natuurlik is hy hier by my, hy wil maar net dit genoem het. So kuier ons deur Sondag en teen so 20:00 hou hy weer aan kyk na sy horlosie en toe sê hy, hy moet weer gaan ry, hy wil sy kop skoonmaak, hy is later terug. Ek sê toe: “P, ek kan sien daar is iets wat jou jaag...praat asb met my daarvoor, ons kan dit dalk saam uitsorteer?.” Nee, moenie bekommer nie, daar’s niks nie, sien jou net nou”. Toe is hy so elf uur terug en hy sy hy wil op ‘n ander plek gaan slaap, hy wil nie hier bly nie. Toe sê ek dis “fine” maar dis elf uur die aand, is jy seker jy wil nou bly plek iewers gaan soek? “Nee, jy’s reg, ek maak vir ons iets om te drink. Ons kan môre hieroor praat”

PE: Ek moet sê op daai stadium het ek nie geweet wat om te dink nie maar wat ek begin voel het was ‘n gevoel van verligting want ek het ervaar, geweet...hy gaan weg gaan. Die stukke in die legkaart het so stelselmatig begin inpas, sy gedrag, die oproepe van sy vrou af, die rusteloosheid, die weg ry, al daardie goed het vir my gesê iewers gaan iets aan en hy gaan gaan, terug na sy gesin toe. Maar....ek wou hê hy moes vir my sê en terwyl hy by my was, was hy nog nie daar nie jy weet? Ek is vroeg op en sit toe buite, hy kom sit daar erg beswaard en al wat in my kop aangaan is....”Na alles wat jy gedoen het, na alles wat ek gegee en opgeoffer het, die **minste** wat jy kan doen is om eerlik met my te wees en te sê jy gaan terug”. Ek gaan nie vra nie, ek verwag hy moet die guts hê om vir my te sê, na alles.

PE: Toe sê hy hy wil met my praat en ek sê, “ek weet...jy hoef nie eers vir my te sê nie”. “Wat weet jy?” vra hy. Ek weet jy gaan gaan, jy hoef nie eers vir my te sê nie. Toe begin hy vreeslik huil, snikke, en trane en ...maar ek voel net dood. Hy sê toe maar ek moet net weet hy gaan net vir ‘n rukkie weg.. Toe red my bietjie “sanity” my en ek skop toe vas, iets wat ek lankal moes gedoen het en ek sê toe vir hom, “Nee, as jy vandag hier weggaan, terug na jou vrou toe, moet jy weet jy kom nie terug nie”. Nee, sê hy, huil nou glad nie meer nie, en sal nog vir my tot die laaste lieg....hy gaan by ‘n vriend bly. Ek vra nogal, watter vriend? En weet jy, hoe meer ek na hom kyk, hoe minder aantreklik word hy vir my

en ek voel toe ek moet myself mooi kalm hou dat ek hom nie net vloek en weg jaag nie. Ek kon net nie meer nie, ek was klaar. Nee, hy het 'n vriend waarby hy kan gaan bly terwyl hy sy kop skoon kry. Ek bedoel...na al die kop skoon kry kere wat hy genoem het was sy kop in elk geval teen hierdie tyd silwer skoon ☺, en...ek moenie bekommer nie, hy gaan nooit terug na sy vrou toe nie want hy weet dit kan nooit werk nie, hy gaan by sy vriend bly vir so rukkies en dan kom hy terug. Sal ek hom laat gaan? Sal ek vir hom tyd gee om sy kop skoon te kry? Toe sê ek vir hom “As dit is wat jy wil doen sou ek gesê, het, met liefde maar ek is nie oortuig nie”. Nee, ek sal sien ek moet hom net nog 'n kans gee. Toe sê ek vir hom : “Verstaan my mooi...as jy teruggaan na jou vrou toe is dit verby want dan is dit net die tjerrie op die koek”. Nee, nee, ek is verniet bekommerd.

PE: Toe sê hy ook hy gaan nou werk, ek moet asseblief nie vanmiddag hier wees as hy sy klere en boeke kom haal nie want dit sal vir hom te seer wees. Ek dwaal toe heeldag in die winkel sentrum rond, kon nie werk nie, gaan flik, so half 'n gevoel van verdwaas wees, ek beweeg maar ek voel niks nie jy weet? Dit was so seer ek kon nie eers huil nie. Toe ek by die huis kom toe sê dis huishulp vir my hy het net gery en vreeslik gehuil, toe weet ek ook....net intuitief geweet hy is terug na sy gesin toe. En toe begin ek huil en ek kon nie stop nie, tot laat in die nag en die volgende oggend, weer kon ek nie gaan werk nie en ek het gevoel my bene wil my nie dra nie, en ek bewe, dit was iets verskriklik...ek het gevoel ek is besig om my bietjie “sanity” te verloor. Die heel tyd voel dit asof ek buite myself is, nie in myself nie, nie deel van my liggaam nie, dit was so “weird” en ek was regtig bang. Ek gooi al die goed wat hy vir my gegee het weg en skeur die briewe op en huil en huil iets verskriklik. Gedurende die oggend kry ek toe ook 'n oproep van sy skoonma wat ek natuurlik nie antwoord nie, nie lus vir 'n “gloating goat” ook nog nie, want my “fight” was weg en ek wou nie hê sy moes dit hoor ook nie. Sy los toe 'n boodskap, van ten spyte van alles wat ek gedoen het om hulle huwelik op te breek, is hy weer terug by sy gesin en ek moet wegbly van hulle af....waar is my trots in elk geval dat ek so agter 'n getroude man aanhardloop as ek kan sien hy wil my nie hê nie.

PE: Dit was verskriklik seer, ek wou eerder dood wees want soveel soos wat ek gevoel het hy gaan terug, ek het dit nie regtig **geweet** nie, jy weet? So daar was seker nog so klein deel van my wat gehoop het hy gaan na sy vriend toe want ek wou nie glo hy was so lafaard nie en dat hy dit aan my kon doen nie. Maar...met die oproep was my vermoede bevestig en dit was vir my baie, baie “bad”. Dis toe ook net drie dae later, hier stap hy in, oor die muur gesprong in my huis in en ek is baie koel en kalm. Ek het 'n mengsel van gevoelens gehad van hoe durf hy my spasie so “invade”, van teleurstelling want ek wou van hom toe ontslae wees en al die probleme en ek dink verbasing oor maar wat kom maak hy hier?. Ek dink ook dalk was ek verlig dat hy my nie net weggegooi het ook nie, jy weet dat ek nog vir hom iets beteken het want dit het nie so gevoel nie. Toe is ek so half bot maar my hart klop in my keel maar ek bly in beheer en vra hom wat maak hy daar. Nee, hy besef hy het 'n vreeslike fout gemaak, dis hel by die huis, hy kan nie ophou aan my dink nie, hy kan nie werk of eet nie, sit en staar voor hom uit, hy mis my verskriklik en hy kan nie sonder my lewe nie. Lang, lang “sob” storie wat my net irriteer. Hy lyk bitter sleg, oë rooi gehuil. Toe konfronteer ek hom oor hy vir my gejok het oor die vriend storie wat ek in elk

geval vermoed het. Ja erken hy toe, hy was terug huis toe maar hy besef nou dat hy kan nie sonder my nie.

PE: Toe sê ek vir hom met min simpatie: “So jou ontvangs was nie so gulhartig soos wat jy verwag het nie en nou kom jy terug na my toe?” Nee, nee dis nie dit nie. Hy wil hê ons moet weer prokureur toe gaan. Nee, sê ek toe, hierdie keer is jy op jou eie. Laat my weet as dit verby is. Wil ek hom nog hê vra hy en jy sal nie glo wat ek vir hom sê nie, dis hoekom ek sê my “sanity” was “missing”. “Ja, ek wil hom nog hê”. Goed hy sal begin reël vir die egskeiding, hy gaan Maandag prokureur toe en hy sal my op hoogte hou en hy is weg. Toe hy weg is, toe is ek half teleurgesteld in myself eerstens omdat ek vir hom gesê het as hy terug gaan na sy vrou is dit verby en hier vat ek hom eintlik weer terug en ek was nie lus vir die hele storie weer van voor af nie. Gelukkig, kom daar toe ‘n “divine intervention” glo ek die volgende dag in die vorm van die balju van die hof. Ek skrik my alie af want dit is toe so vormpie dat die balju hom in die hande probeer kry het om ‘n dagvaardiging vir egskeiding aan hom te oorhandig van sy vrou af. Ek neem toe die nota en die ou vra toe P moet hom dringend bel in verband daarmee. Ek moes toe wag tot die Maandag toe P hier verby sou kom op pad na die prokureur want ek kon hom nie bel nie.

PE: Die Donderdag toe hy hier was, toe vra ek vir hom, het jy al vir die prokureur laat weet jy is terug na jou vrou toe, want dit maak ‘n groot verskil aan hulle aantuigings teenoor my ens. Nee, hy het nie hy sal. Nooit gedoen nie, ek bel die prokureur toe die Maandagoggend, vertel hom P is terug en sy woorde aan my was: “What an arsehole....put on your running shoes and run like mad. He has got no back-bone, get away as far as you can from him and count yourself lucky, you got off lightly.” Toe P die Maandag hier aankom, toe stop hy sy kar heeltemal weg van die huis af en stap toe na my huis toe. Ek moet sê toe ek dit sien, toe besef ek, hy is nog vas en bang vir vrou en hy het nie ‘n “clean break” gemaak soos hy gesê het nie. Hy het ook nie ‘n afspraak by die prokureur gemaak nie. Hy wou net kom gesels maar hy kan nie lank bly nie, hulle hou hom dop. Toe sê ek: Wat? Wie, hou jy dop? Nee sy skoonpa-hulle. Toe konfronteer ek hom weer en sê maar wat maak hy dan nog daar? Nee, hy gaan hulle net paai. Hy gaan so bietjie by hulle bly om hulle weer rustig te kry en dan sal hulle sien, hy en sy vrou kom nie oor die weg nie. En die nota van die balju – hy sal die balju bel wat ek weet hy nie sou doen nie want hy wou nie gaan teken vir die dagvaardiging nie, dit weet ek nou.

PE: En toe sê hy ook nog sommer in een asem, as ons oor so twee jaar getroud is, sal hierdie alles net ‘n ding van die verlede wees. Kan jy sulke twak glo? Dit was alles leë woorde. Ek begin toe sommer lag, amper histories. Ek kon nie die vermetelheid glo nie. Ek kon nie glo dat hy nog ooit kon dink ek glo hom nie, enigeiets wat hy sê nie. Toe kom hy agter ek is ernstig, hierdie is nie eintlik vir my ‘n grap nie. Toe vra hy soos voorheen: “Sal jy vir my wag?” Ek begin sommer weer histories lag, ek dink dit was net te veel en ek kan nie ophou nie, naderhand loop die trane van al my gelag. Ek dink ek het dit **daar** verloor, ek het histories gelag. Toe sê ek vir hom “Nee”, ek wag nie meer nie, dis verby. Jy is terug by jou vrou en nou maak jy die beste van die saak. Daar is niks meer vir ons oor nie en ek is klaar”. En ek het dit geglo. Toe ek so na hom kyk toe voel ek weer niks nie. En hy is toe weg. Enige aantreklikheid wat hy nog ooit vir my gehad het was verby, hy het my eintlik regtig geirriteer. Die “penny” het

uiteindelik ge”drop”. Ek het besef hy is **so** vals, hy’s ‘n **verraaier**, hy verraai vir my, vir sy vrou, die kerk almal. My deel daaraan het ek nie op daai stadium aan gedink nie. Ek het ook seker sy vrou uit ‘n “ander vrou” perspektief verraai, maar my “issue” was met hom en ek het hom nie verraai nie, hy het my verraai, erg verraai. En basies ja....dit was my ervaring gewees.

EINDE VAN EERSTE ONDERHOUD

R: Kommentaar oor laaste deel van onderhoud en geleentheid vir verdere beskrywing van ervaring. Beskrywing ook oor hoe oor self gevoel het en uitkoms van verhouding.

PE: Toe hy weg is, was ek regtig verlig, ek het nie geweet hoe of waar nie maar ek het besef ek moes weer die stukke begin optel en ek was gemotiveerd gewees om aan te gaan. Die prokureur se woorde het ook weer opgekom en in my kop vasgehak, en ek het gedink maar wraggies, hy het ‘n punt beet. Vir omtrent so twee weke het ek niks van P gehoor nie en toe begin ek “missed calls” van hom kry, wat so twee, drie keer gelui het en wat ek besluit het, ek nie op gaan reageer nie. Gelukkig ook op daardie stadium het dinge by die werk “hectic” begin raak, so my aandag was afgetrek en ek het baie besig gebly, maar die feit dat hy gebel het was baie ontstellend vir my gewees. Ek het die oproepe begin vrees omdat daar ‘n patroon was van elke dag, dieselfde tyd, half-een bel hy, seker sy etenstyd gewees. Dit het my terug gehou om aan te gaan jy weet?. Hy het ook doelbewus ‘n boks van sy boeke hier gelos toe hy sy ander goed gevat het want hy wou gehad ek moes glo hy kom nog terug.

PE: Op ‘n kol, toe kon ek die daaglikse bel nie meer vat nie en ek het hulpeloos gevoel om dit te verander. Ek wou nie na sy werk toe bel en met hom praat nie, ek wou **nooit** weer met hom praat nie so ek het nie eintlik geweet hoe om dit te stop nie. Wat **ook** vir my sleg was, was hy was die een nog in beheer, want die oproepe was te kort om te antwoord, hulle het nie lank genoeg gelui nie. Ek kon ook nie my dag so struktureer dat ek die oproepe inwag om hulle te “vang” nie jy weet, so dit was vir my baie “bad”. En ek het ook geglo dat al vang ek hulle betyds, sou hy nie geantwoord het nie, Hierdie was net om my te irriteer, om te sê ek: “Ek speel nog met jou”.

R: Hoe het dit jou oor jouself laat voel?

PE: Ek het gevoel asof hy my grense wat ek gestel het, afbreek, sommer vertrap, geen respek vir my nie en ek was kwaad vir hom. Ek het gedink hy was sadisties en “mean”. Hy moes sy kop iewers in ‘n donker gat eerder weggesteek het en nooit weer die lig gesien het nie na alles wat hy gedoen het maar nee, hy loop pen regop rond en gaan aan. Ek vertel toe ‘n vriendin van my wat aangaan en sy was net die regte een om te vertel want sy was besig om deur ‘n baie morsige egskeiding te gaan en sy het mans gehaat. Eers wou sy sommer sy boeke op die sypaadjie by sy huis gaan aflaai maar ek wou nie naby sy huis gaan nie want ek het nie geweet hoe dit gelyk het nie en dit sou my nog herinneringe gee. Sy bel hom toe, maak asof sy ‘n kliënt is en los ‘n boodskap. Hy bel vir haar ewe soetsappig terug. Toe hy praat toe sê sy vir hom sy is ‘n vriendin van my en hy moet sy goed kom haal, wanneer kom hy en

tweedens kan hy maar gerus ophou bel want as ek **ooit** weer ‘n oproep van hom afkry, bel sy sy vrou. Heeltemal ‘n ander storie, hy word hierdie pleitende jellievis, nee, asseblief, dit sal nie nodig wees nie, hy kom haal my goed wanneer moet hy daar wees. Hulle reël toe ‘n dag So ‘n **lafaard**. Ek was **so** teleurgesteld toe ek **dit** hoor en ek het vir altyd en vir ewig my streep onder sy naam getrek. Dit was in elk geval so maar ek wou nie hoor hy was so ruggraatloos nie jy weet? Toe dink ek sommer hy is ‘n “miserable creep” wat so bang vir sy vrou kan wees, ek kan in elk geval nie met so man wees nie.

PE: Toe het dit opgehou. Dit was twee jaar terug. Daar was in die tyd nou en dan oproepe op my huisfoon van Durban af. Hulle het tyd-deel daar drie keer ‘n jaar en dis wanneer die oproepe plaas vind maar ek ignoreer hulle. Ek het ‘n identicall (paranoies wat ek is ☺) so ek kan sien wie bel en P weet dit nie. Ek sou op my selfoon natuurlik ‘n onbekende nommer kon optel en dan is sy “cover” geblaas. So ek kan sy oproepe vermy.

R: Hoekom dink jy hy doen hy dit nog?

PE: Dis half hierdie ding van hy wil my laat hoop en glo hy kom terug. Ek sê dit want een van die eerste kere wat hy weg van see toe met sy gesin en skoon familie, toe sê hy hy sal net nou en dan vir my ‘n lui gee sodat ek so baken het om te weet hy dink aab my en ek dink hierdie is dieselfde. Dit beteken vir my nou niks nie, intendeel, dit irriteer my nou, maar dit het toe. Ek het ook vir ‘n ruk gevoel nadat hy finaal weg is, dat ek bang was dat ek hom sou terug vat as ek hom weer voor my sien staan. Ek was bang daarvoor. My huis se heinings en my hekke het nie hoog genoeg gevoel om hom uit te hou nie verstaan nie? Ek was bang ek vat hom terug en die al die probleme begin dan weer van voor af..

R: Wat in jouself het jou bang gemaak jy vat hom dalk terug?

PE: Ek dink ek het so buite beheer gevoel. Ek het nie die persoon geken wat die ervaring so pas gehad het nie. Dit was ek maar dis nie wie ek is nie. Ek ken myself nie so nie, glad nie. So hierdie “ander” persoon, kan ek maar sê, mag hom dalk terugvat. Dit was baie “scary”. Dis amper soos jy word getrek, soos wat ‘n magneet staal sou trek, en jy kan spartel en daarteen stry maar op die ou end, het hy vir jou. Maar **nou...**en ek kan dit met oortuiging sê, daar’s nie ‘n **manier** dat ek hom **ooit** weer terug sou vat nie. As ek dink in retrospek is daar niks wat hom red of meer verskoon nie. Daar was goed voorheen gewees omdat ek nie geweet het wat sy optrede was nie, wat hom altyd verskoon het, deurlopend, maar nou is daar niks meer nie. Hy het geen troefkaart meer, wat hom kan verskoon nie. Ek het intendeel gedink, as hy enige “dignity” of eer wil behou, is al wat vir hom oorbly *harikari*, jy weet... om selfmoord te pleeg, net nie a.g.v. wat hy my laat deurmaak het nie maar almal, sy gesin, familie, kerk, almal. Daar was net niks meer oor nie, of so het ek gedink. Hy het dit duidelik nie so gesien nie.

R: Wat het die verskil gemaak dat jy nou so kan besluit maar nie voorheen nie?

PE: Ek dink daai tyd het ek dit onder die vaandel gesien van dit moet vir hom verskriklik moeilik wees om die kerk te los, dit was volgens my 'n groot besluit en....ek kon verstaan hoekom hy so besluitloos was want die kerk is ook vir my belangrik. So ek kon indink vir 'n dominee, om sy toga op te hang, die preekstoel te los, verstaan jy..na 14 jaar die ritueel van afhandeling...ek kon net dink dit moes vir hom bitter moeilik gewees het. So ek dink ek het sy gedrag verskoon a.g.v. hierdie moeilike proses wat hy moes deurmaak. Maar dit hou nie meer water nie want hy is nou terug by haar. Dis juis wat ek wou sê. As jy dink, wat hy vir my sê is ek gaan alles opoffer, net vir jou, wat hy in effek moes doen maar die groot verskil....ek is nie eers in die storie meer nie, hy's nie by my nie, sy keuse. Dan beteken dit hy het vir my gelieg en sy domineeskop kon ook nie vir hom veel beteken het nie. Dit was nie eg genoeg nie. Hy sou dit mos nooit net los nie as hy 'n ware dominee was, mens los dit juis net vir redes soos egskeiding maar ook nie sommer nie, daar moet iemand aan die ander kant wees. So....wat ek sê is....jy los dit nie om sommer by jou vrou en kinders te wees nie en ander werk te gaan doen nie, jy was mos “anyway” by hulle in die eersteplek, so dit was uiters leuens en irrasioneel, volgens my. En...hy het gesê as hy skei, dan is hy uit die kerk uit so hy sou net skei as ek daar sou wees. Daar moet 'n..... groot genoeg of ernstige genoeg rede wees. So nou sien ek....dit wat hy gesê het en belowe het is nie waar nie omdat hy by sy vrou is.

PE: Ek dink wat vir my ook moeilik was, daai tyd met die heen en weer en heen en weer verhouding, hy was nie terug en “committed” tot sy huwelik nie en hy was by my. Sy boodskap was: “Ek wil by jou wees, my huwelik is verskriklik”, verstaan jy? So...nou weet ek hy is terug by haar want hy is nie hier nie en hy is ook nie by sy vriend om sy kop sodanig skoon te kry nie. Ek vra dan maar waarvoor het dit alles gegaan...vir vyf jaar is hy nou uit die kerk geskors, hy is nog steeds ongelukkig, so hoekom?

PE: Hierdie hele storie klink seker vir jou baie vreemd, wat mens sou seker dink maar dis waar hy moet wees, terug by sy vrou, maar gegewe die omstandighede, buitengewone omstandighede, het hy met my 'n “commitment” gehad. En wat dit snaaks maak is seker...ek is die “ander vrou” of die “other woman” soos sy vrou hulle dogter van ses jaar geleer het om te sê, hulle het so oor my gepraat. Maar as jy dink wat hy eintlik van my gevra het...en ek was die aap....”is jy bereid om die ander vrou te wees met die belofte van “commitment” dat ek deur kan gaan met hierdie hengse proses?” Kan ek vir jou een ding sê, dit gaan vreeslik snaaks klink maar dis die waarheid....as dit enige ander getroude man was, wat dieselfde van my gevra het was die antwoord 'n groot nee. Ek sou nie eers sover gegaan het om een koppie koffie saam met hom te drink of hom te sien of bel of enige kontak te hê nie, want getroude mans is nie beskikbaar nie, dis hoe dit nog altyd vir my was. Ek sou **nooit** 'n “ander vrou” gewees het onder gewonde omstandighede nie, ek **sou** nie, dis nie eers 'n opsie nie.

PE: Ek dink ek was verkeerd en ek het vir P misgis dalk, dat die feit dat hy bereid was om die kerk te los was vir my die waarborg dat hy by my sou wees, want jy doen dit nie net sommer vir “kicks” nie,

as jy 'n ware dominee is, wil ek by sê. En dit is ook wat ek nou sterk betwyfel, na alles.....hy was 'n "imposter", 'n "con". So...ek dink die "penny" het toe geval, so aan die einde met die besef van.....maar hy is terug by haar, na alles...so dit wat ek gedink het ek sien, die dominee en dan die man, iemand wat dieselfde "commitment" tot die kerk en die Here deel, was nie so nie, sy voete was van klei, en die "image" het begin verbrokkel. En die stories na die tyd wat in die kerk gesirkuleer het was.....ek het uit my pad uit gegaan om hulle huwelik op te breek en P uit die kerk uit te kry en ek kon nie want hy was so "committed" aan sy vrou gewees. En hulle het gesê, "Nou gaan sy seker gaan vir die ouer dominee want sy kon die jonger een nie kry nie". Kan jy dit glo? Die storie is deur een van die lede aan my ma oorgedra. Ek is natuurlik nooit weer terug na die kerk nie en sal ook nie weer soontoe gaan nie.

R: Jy was van die begin af die "scapegoat".

PE: Presies, van die begin af. Jy weet, hulle het alreeds 'n slegte huwelik gehad nog voordat hulle na die gemeente toe gekom het, maar daar was net nooit 'n "scapegoat" nie. So ek het so ewe netjies in die strik getrap en die "scapegoat" geword vir al hulle bagasie plus hierdie, plus alles. Ek het dit gedra vir hulle, vir hulle verhouding, die vriende, die kerk, vir almal en alles, die swart skaap gewees vir alles wat verkeerd was en verkeerd geloop het, tot na die tyd ook. Hy was **nooit** die vark in die verhaal, tot na alles. Ek was die een wat hom verlei het en nou genadiglik met gebed is hy uiteindelik terug by sy vrou ten spyte van hierdie listige "Delilah". Hy kon haar weerstaan en kyk hoe "committed" en bymekaar is hulle nou. **Nou** hoor ek..."rumours have it", hulle sukkel, nog steeds wil ek sê. Hulle het probleme weer en kry besoeke van dominees af. Toe dink ek; "O well, dis maar so, die wiel sal draai"

R: Hoe voel jy oor die feit dat mense jou in hierdie lig nou sien?

PE: Ja.....ek wil half vir hulle gaan sê, hoor hier ek is eintlik nie so sleg nie....ek is 'n "nice" mens. Ek het integriteit, ek het al daardie dinge, dis wie ek regtig is maar eintlik moet ek vir jou sê, my gedrag het die teendeel bewys, want ek **was** die "ander vrou". P het my in daardie posisie geplaas, ek ook. As ek dan die prentjie so van buite af moet bekyk, soveel soos wat ek vir hulle wil sê, nie een ding is waar wat julle van my sê nie, het my gedrag die teendeel bewys, my reputasie is daarmee heen. Niemandnet die mense wat my goed geken het mag wonder...maar die ander het my baie sterker veroordeel. So ek besef dit. Daar is nie 'n manier hoe ek myself weer in hulle oë kan herstel nie, want ek was die "ander vrou", alhoewel ek dit nooit so beleef het nie, nie toe nie. Dit was eerder 'n "issue" van ek is "committed" tot 'n dominee wat ongelukkig is in sy huwelik en wil graag skei as ek daar sou wees. My gedrag was so uit karakter uit en wat vir my so sleg daarvan was, was dit was wat my gepootjie het, want daar is nie manier om dit te herstel nie, ek het dit dan self bewys. Nou twee jaar later vra die ou dominee vir my ma om vir my te sê, ek moet huis toe kom. Wat? Ek dink dis plein vermetel, huis toe kom van alle dinge. Daardie kerk is nie meer my huis nie en hy laat my nou voel ek het weggeloo, maar.... hy het my dan letterlik weggejaag, sonder geestelike heenkome, niks nie.

PE: Ek moet vir ook vir jou sê.....ek kan nooit hierdie ding verstaan van vergifnis nie. Ek het vreeslik gesukkel om hierdie mense te vergewe, intendeel ek het na alles verby was al hierdie wraaksugtige gedagtes en planne gehad van wat ek aan hierdie vroue, syne inklusief wou doen. Snaaks genoeg, ek het dit nie teenoor P gehad nie, glad nie. Toe besef ek, weet jy, jy maak jousef net siek en seer, los dit. Ek dink wat my gerus gestel het was die “missed calls” van hom af, want toe **weet** ek hy gee nog op ‘n manier om, ek is nie net weggegooi nie. Dit het my gesus....toe los ek al hierdie wraak gedagtes, niks gedoen nie en toe het ek net gevoel, ek moet hulle net nie sien nie want as ek hulle sien, gaan ek vreeslik teenoor hulle uitvaar want ek was so **kwaad**, en ek wou myself nie nog verder verneder nie. Ek wou eintlik die een spesifiek met ‘n “trolley” omry as ek haar ooit in ‘n winkelsentrum gesien het, maar ek het gelukkig nooit nie. Dit was vir my baie sleg. Ek was regtig baie kwaad, vreeslike woede gehad. Ek wou hulle ook seer maak want ek het nooit ‘n regverdige kans gekry om my saak te stel nie. Ek dink dit was die groot “issue”. Ek het gevoel hulle het hom eintlik gedra.

R: Hoe dink jy het die ervaring van “betrayal” spesifiek jou verhouding met jousef geraak?

PE: Ek moet vir jou sê.....ek het myself **gehaat**, letterlik **gehaat**, daar is nie ‘n ander woord daarvoor nie. Dit was vir my verskriklik moeilik a.g.v. die kerk en.....net uit ‘n morele plek. Ek kon myself nie voor my eie oë verdra of myself “face” nie. Ek het half hierdie verlore ding gehad van....ek het die keuse van ek moet vir ewig wegbly uit enige kerk uit, uit skaamte uit of ek moet na ‘n kerk toe begin gaan en glo dat die Here nog vir my lief is. Ek kon nie glo dat Hy nog vir my lief kon wees nie. Ek besef dit was wat ek gevoel het maar ek was so skaam, maar..... dit was die enigste wat nog oorgebly het, my gewoonte om kerk toe te gaan en so aan, so ek kon die gewoonte nie verloor nie. My verhouding met die Here was gebreek het ek gevoel maar ek moes nog daar wees. So ek het in kerke rondgeval en niks ingeneem nie, ek kon nie. Ek kon nie eers sing of iets nie ek kon net bly vaskleef aan ek moet daar wees al kan ek nie deel wees nie. Dit sal beter gaan met tyd.

PE: Ek het baie ernstig, erg, erg, erg selfmoord oorweeg, voordat ek anti-depressante begin drink het, want daar was half ‘n ding van, toe die ergste woede verby was, was ek verskriklik depressief. Ek het gedink ek kan nie met myself lewe nie, want ek het myself seker ook in die steek gelaat “betray”, as jy wil en kon nie myself vergewe nie. Dit was nie ‘n ding van ek moet nou selfmoord pleeg nie om weg te hardloop nie, maar baie gedagtes daaraan wat sterker en sterker begin word het. Dit het gevoel daar is niks oor nie. Ek was nie uit die kerk uit gesit nie, maar ook uit die gemeenskap as’t ware, “ostracised” en dit het gevoel, tensy ek trek, is daar nêrens om heen te gaan nie. Onthou ek was 25 jaar in daardie gemeente, verstaan jy? Daar was ook nie vriende wat geweet het waardeur ek was nie want niemand kon geweet het van P nie, ek moes hom ook beskerm so....dit was baie alleen ook in daai opsig. My ouers was natuurlik vreeslik ongelukkig en ook diep geraak hierdeur so hulle was nie kwaad vir my nie maar dit het spanning tussen ons veroorsaak want dit was amper nou vir hulle soos “divided loyalties” jy weet?. Hulle het aangebly in die kerk, natuurlik so ek kon ook nie met hulle praat nie, daar was net niemand nieek het nie gedink daar sou iemand wees wat verstaan nie.

R: Dink jy nou dat hoe jy oor jouself gevoel het, anders sou gewees het as P by jou was?

PE: Sjoe.....ek dink ek sou myself seker nie so vinnig moes konfronteer nie, want hy sou daar gewees het en my aandag afgetrek het en ons sou miskien dink, allesal die hel waardeur ons gegaan het was die moeite werd “after all” en kon saam weer begin. Maar iewers sou ek myself moes konfronteer. Ek dink ek sou mettertyd, as die stof gaan lê het, baie skuldgevoelens begin ervaar. Ek dink so....dis moeilik....maar soos ek myself ken.

R: Hoe het jy oor P gedink en gevoel na julle verhouding verby is?

PE: Na die woede, was ek verskriklik hartseer, nie oor dat ek hom verloor het soseer nie, want ek besef dit was vir die beste maar omdat ek myself so verraai het ook en hy het my nog steeds “betray”. Weet jy hoe het dit gevoel? Dis hoe dit gevoel het....daar was so paar jaar terug so fliek, ek kan nie mooi onthou wat sy naam was nie “Paradise” iets, die “sadste” fliek ooit vir my...maar “sad” omdat een ou was die “scapegoat” en sy vriende het hom net gelos maar hulle was saam in die ding in. Dit het gegaan oor dwelms of iets. Hy was eintlik die onskuldige een maar toe die polisie kom toe hardloop die ander weg en hulle maak hom die “scapegoat” en los hom dat hy tronk toe gaan. Dit het so gevoel. Ek en hy was saam in hierdie intense, intrige gewees en jy weet dat die wêreld gaan teen jou draai as hulle uitvind waarmee jy besig is. En ons was besig met goed wat nie reg was nie, dit is so, maar ons was **saam** in die ding in, verstaan jy?

PE: Ek het gevoel soos.....die vriend in daardie fliek, gelos om die blaam te vat. Ek voel hy het dit aan my gedoen, in die steek gelaat en.....ek was nie ‘n vriendin nie ek was sy sogenoemde aanstaande vrou, ons sou nog daardie jaar trou, jy weet? Hy het my “vulnerable” laat word deur om my te vra sal jy saam met my deur hierdie ding, deur dik en dun gaan? Ons bootjie sal sink, ons gaan moet swem, besef jy die mense sal teen jou draai, besef jy.....en in al daardie goed het ek vir hom gesê ja, maar ek sal daar wees vir jou. En ek het gewys, ek was bereid om dit te doen. Ek het nie die eerste keer wat ek gehoor het ek is ‘n lesbiër weggehardloop oor die leuens nie, want ek het mos saam met hom die besluit geneem. Dat dit toe erger en erger geword het en hy het my gelos en die “arme P” geword en ek die vark. So ek dink wat vir my sleg was, was die feit dat ek gevoel het en geglo het.....die wêreld het teen my gedraai en dit was erg, erg, die diepste seer.

PE: Ek self, dink ek sou sukkel om aanvaarding by ander vroue te kry want geen normaaldenkende vrou daar buite dink ek sou my posisie verstaan nie, ek bly die “ander vrou” en as ek dit daar kon doen, hoekom sal ek nie hulle huwelike opbreek nie, verstaan jy. Ek word vir hulle dan eintlik ‘n bedreiging. En ek glo enige vrou sou my veroordeel...ek wil dit amper waarborg, hulle sal nie verstaan nie. Ook.....hulle sou nie my rede verstaan nie, ek dink hulle sou vashaak by iets soos jou vark....hoe kan jy so iets aan ‘n ander vrou doen, nog een van jou spesie.....so ek kon nêrens gaan om dit te bespreek nie, so het ek gevoel. Dit was vir my verskriklik. Ek dink nou eers....en dit was miskien hoekom ek bereid

was om die onderhoud te doen.....het ek vrede daarmee gemaak. Ek is nou weer “ok” met myself maar dit het ook twee jaar van sielkundige behandeling gekos, om weer myself te kan “face”.

PE: Ek wou nog iets gesê het van vergifnis. Na hierdie hele storie nou verby was en ek al daardie wraak gedagtes teenoor die vroue spesifiek gehad het....daar was spesifiek vyf van hulle heel eerste op my lys...toe voel ek.....ek verwag dat hulle my persoonlik om verskoning moet vra vir die “slander” en al die leuens wat hulle van my vertel het en dan eers sal ek kan sê, ek het hulle vergewe. Maar toe besef ek...al groei ek nog tande ☺ dit gaan nie gebeur nie, hulle gaan nie. Ek moes myself op ‘n plek kry waar ek hulle kon vergewe en weet jy wat, toe voel ek.....toe ek besef dat ek hoef nie terug te gaan na daardie kerk toe nie, toe besef ek ek hoef nooit weer die of daai vrou se vuil kyk te ervaar nie, ek hoef nie iets te hoor wat hulle van my sê nie, ek kan die keuse maak. Toe ek dit besef, om hulle ooit weer te sien of nie, toe kon ek hulle vergewe. Ek dink ek was ook bang dat op ‘n manier beteken vergewe, jy weet draai die ander wang en breek dan brood met die vyand ☺, maar dit is nie so nie. Dit beteken ek hoef nie meer die pyn van wat hulle aan my gedoen het, saam met my te dra nie. Ek kan dit laat gaan. Daardie kerk het vir my ‘n plek van pyn en seer en mense wat agteraf is geword, nie ‘n plek van veiligheid van troos vir jou siel nie. Maar ek hoef nie terug te gaan nie.

R: Ek stem saam..dit sal nooit weer dieselfde vir jou beteken nie en jy hoef jouself nie weer so bloot te stel nie.

PE: Ja, ek hoef nie en dis ok vir my. Ek gaan myself nooit weer so blootstel nie daar nie, dat tonge kan gons en fone warm gebel word want dieselfde mense is nog daar. Dit was genoeg toe ek en P nog die “pose” moes hou en ek nog kerk toe gegaan het. Dit was toe al seer want ek was al klaar verneder maar ek moes daar sit en hulle “face”. So nou....ek hoef nie. Die ander kerke waar ek al by was, en die een spesifiek waar ek nou heen gaan is nie noodwendig dieselfde as daardie een nie want die ou dominee kon fantasies preek maar ek kry ander goed daar.....weet jy wat kry ek daar....ek kry mense, baie armer, nie so goed versorg nie maar hulle is “genuine” en “kind” teenoor my. Ek is so aan en af al twee jaar daar en nog nie een het my gevra wat doen ek nie, waar bly ek nie...hulle aanvaar net ek sit daar en laat my deel voel. Hulle wil my nie seer maak nie en ek kon weer begin. Dis wat my daar sal hou. Die “non-judgemental” houding, die aanvaarding.

PE: Ek is seker as hulle **wel** my agtergrond ken, sou van hulle baie veroordelend wees en dis net “human”, maar ek weet ook daar ander mense wat my ten spyte van alles sal aanvaar. Dit was ook vir my sleg....na 25 jaar, die ou dominee het my getrou, het dit geen kredietwaardigheid gehad nie, my ouers is ouderlinge in die kerk, verstaan jy? Ek verskoon nie my gedrag nie, maar ek glo dit moes anders hanteer word. ‘n Saak tussen myself, P en die ou dominee, nie al die vroue van al die ander lede van die “Sanhedrin” nie ☺. So ja.....

R: Hoe dink jy het die ervaring van “betrayal” jou idees oor verhoudings nou gevorm?

PE: Ek kan vir jou vinnig sê vertrou is ‘n probleem. Ek het sedert P nog nie weer ‘n verhouding gehad nie, ek kan nie...ek voel nog te bloot gestel en ek het net nie die krag of die emosionele energie daarvoor nie. Ek moet sê ek is al baie beter in daardie opsig, ek was vreeslik agterdogtig aanvanklik gewees oor wat mense vir my gesê het, ek het niks geglo nie. My grense is nou vas ingestel, ek dink my houding wat ek uit straal is, ek is nie ‘n mannevreter nie maar jy gaan nie met my mors nie...ek is nie die “walkover” wat jy dalk dink ek is nie. Ek is glad nie meer so kwaad of aggressief nie, ek bedoel ‘n man moes net na my kyk en ek wou hom klap, so ek het hulle eerder vermy waar ek kon. Ek het nou vrede in my hart van dis afgehandel. Met tye dink ek aan hom en wonder nog steeds oor sy optrede en al waarby ek kan uitkom is...daar moet iets radikaal verkeerd met hom wees, so ek is eintlik gelukkig hy is nie by my nie, om so “game” te probeer volhou en ook hy het nie ‘n ons van ‘n ruggraat nie. So ek het nog vrae daar rondom maar ek steur my min daaraan, ek gaan nou aan met my lewe, sit hierdie agter my en ek kan met eerlikheid sê, ek wil hom nooit weer sien of naby my hê nie. Ek beleef hom as gevaarlik, ‘n jagter wat na prooi soek. Hy sal my seermaak en misbruik jy weet?

PE: In die algemeen is ek nog steeds versigtig vir mans, ek luister nie om te hoor of hulle vir my gaan jok nie maar ek luister baie deegliker vir hulle, so dit is seker ‘n goeie ding. Ek is baie ferm met die ouens wat my kar diens byvoorbeeld, en die petrol joggies, al daai plekke waar vroue miskien vir “a ride” gevat kan word. Ek klim uit, kyk wat hulle doen, sê my sê vir die diens mense. Nie lelik nie maar ek het dit nooit voorheen gedoen nie, baie meer aanvaardend en tolerant. Ek is nie meer so nie. Baie meer in ‘n “survivor” tipe mode jy weet maar nie aggressief nie. Dis half hierdie ding van..... die kans is goed jy (‘n man) gaan bog praat so tot jy bewys jy doen nie, moenie met my onnodig sukkel nie. As ons kuier en iemand vertel van iets wat gebeur het of so.....luister ek en dink, dit maak sin, dit nie, so nee, die goed “jel” nie, wees versigtig. Met mans en vroue.

R: Dis asof jy meer bewus is van die moontlikheid dat iemand jou vir “a ride” kan vat?

PE: Ja, ja...ek is baie meer bewus daarvan, wat hulle sê moet logies sin maak, ek moenie daarvoor wonder nie. Ek kom baie gouer agter dink ek wat mense se motiewe is, of agendas is. Voorheen sou ek gedink het “haai, dit was vreemd” en niks meer daarvan gedink het nie. Wat ek probeer sê, ek is baie gouer “perceptive” oor goed. Soos wat iemand met my praat, “check” ek gedurig of dit volg op wat hulle laas gesê het.

EINDE VAN TWEDE ONDERHOUD